U.O.V.S.
Bloemfontein
BIBLIOTEEK

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0051902
111029037701220000019

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
18 APR 1959
KLAS No. T 266.576844 CRO
No. 51902
BIBLIOTEEK

# DIE SELFSTANDIGWORDING VAN DIE BANTOEKERK

Met spesiale verwysing na die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord - Rhodesië.

deur

JOHAN MARTHINUS CRONJÉ.

Proefskrif ingehandig ter vervulling van die vereistes vir die verkryging van die graad DOCTOR PHILOSOPHIAE in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Suid-Afrika.

## I N H O U D.


| | | Bls. |
|---|---|---|
| | Voorwoord | 1 |
| | Inleiding | 2 |
| Hoofstuk I. | Die Begrip „Selfstandige Kerk". | 8 |
| | Volgens: (a) Die Nuwe Testament | 8 |
| | (b) Die Gereformeerde Kerkreg | 18 |
| | (c) Die Internasionale Sendingkonferensies van die afgelope halfeeu | 21 |
| | (d) Die Staat | 35 |
| Hoofstuk 2. | Voorbeelde van Totstandkoming van Selfstandige Jong Kerke. | 38 |
| | In die Sending van: | |
| | (a) Die Gereformeerde Kerk van Nederland | 39 |
| | (b) Die Nederlandsche Hervormde Kerk | 44 |
| | (c) Die Duitse Kerke | 50 |
| | (d) Die Kerk van Skotland | 55 |
| Hoofstuk 3. | Die Beleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met betrekking tot die Selfstandigwording van die Bantoekerk. | 59 |
| | (a) Ontstaan van die Sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk | 59 |
| | (b) Stigting van Afsonderlike Kerke | 72 |
| | (c) Totstandkoming van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië | 89 |
| | (d) 'n Nuwe Oriëntering | 93 |
| | (e) Toesig | 117 |
| Hoofstuk 4. | Selfstandige Uitinge van die Jong Kerk. | 121 |
| | In: (a) Belydenis | 125 |
| | (b) Liturgie | 136 |
| | Slotbeskouing . . . . . . . . . . . . . | 154 |
| | Afkortings . . . . . . . . . . . . . | 156 |
| | Bibliografie . . . . . . . . . . . . . | 157 |

# VOORWOORD.

By 'n terugblik op my lewe en studies sover is daar diepgevoelde dank teenoor die Here God vir Sy wonderlike genade aan my. Aan Hom al die eer ! 'n Besondere voorreg was dit om na 16 jaar in Sy diens op die sendingakker in Noord-Rhodesië, weer vanaf 1954 vir 'n paar jaar die stilte van die lesingsaal en biblioteek by universiteite te kon geniet en die probleme, waarmee reeds in die praktyk geworstel is, meer vanuit 'n akademiese gesigspunt te benader. As vrug van daardie studie word hierdie verhandeling aangebied.

'n Hartlike woord van dank en waardering aan al my leermeesters in Suid-Afrika, Nederland en Engeland vir hul grondige onderrig en simpatieke leiding. Dit het vir my meer beteken as wat woorde kan uitdruk.

Aan my hooggeagte promotor, prof. dr. A. van Schalkwyk, my besondere waardering en dank vir sy vriendelike hulp en leiding. Sy grondige kennis van beide die Volkekunde en Teologie was vir my van groot waarde.

Van die volgende oorsese biblioteke is veel hulp ontvang, waarvoor ek opreg dankbaar is : Vrije Universiteit, Amsterdam ; Gemeentelijke Universiteit, Amsterdam ; Zendingscentrum, Baarn ; Zendingshogeschool, Oegstgeest (Leiden) ; Selly Oak Colleges, Birmingham ; die Church Missionary Society en London Missionary Society, Londen en Nederlandsche Zendingsraad, Amsterdam.

Tydens jarelange arbeid in die sendingveld van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van die Oranje-Vrystaat in Noord-Rhodesië, asook tydens jare van studie in die Unie en oorsee, was my Vrou my troue hulp en steun. My opregte waardering en dank aan haar.

MADZIMOYO,
FORT JAMESON.
NOORD-RHODESIË.

9 Desember 1958.

## INLEIDING.

Die 19de eeu word tereg die „groot sendingeeu" genoem.[1] Dit was trouens ook sedert William Carey in 1793 na Indië vertrek het, dat die Christendom haar dure verpligting t.o.v. die kerstening van die wêreld ten volle begin besef het en 'n ongekende sendingaksie van stapel gestuur het. „The Gospel has never been quite so potent as in the past century and a half.[2] - - - Never before had any religion been planted over so large a proportion of the earth's surface", [3] is die bevinding van Latourette.

Die implikasies en gevolge van hierdie sendingwerk is egter nie ten volle voorsien nie. Die Christelike Kerk wou in die eerste plek die evangelie van redding in Jesus Christus aan die heidense, Islamietiese en Joodse nasies verkondig - - - „dissipels van alle nasies maak". Dog by die aanvang daarvan is nog geen duidelike beeld gevorm van hoe die werk ontwikkel en voltooi moet word nie. Eers later „they began to realize the great tasks involved in bringing non-Christians to a Christian way of life, tasks in which the developing and organization of the Christian Church was fundamental".[4]

Dikwels het dit ontbreek aan prinsipiële besinning oor die metode en doel van die sendingwerk. Die gevolg was dat die Sending algaande moes improviseer en 'n beleid neerlê. Soms is die beleid geskik na die eise van die praktyk en het die Skrif nie hierin tot sy reg gekom as kenbron en norm vir alle waarheid wat op die geestelike lewe betrekking het nie.

---

(1) Vgl. K.S.Latourette : „The Great Century : 1800 - 1914", waaraan Latourette drie bande wy in sy „A History of the Expansion of Christianity", New York - London, 1945.

(2) K.S.Latourette : In Vol.IV van die Verslag van Tambaram 1938, p.274.

(3) K.S.Latourette : 1945, Vol.IV, p.1.

(4) A.L.Warnshuis : In Vol.III van die Verslag van Jerusalem 1928, p.30.

Die probleem wat seker as die moeilikste en ingrypendste na vore gekom het by die ontwikkeling van die sendingwerk, is dié van die verhouding van die Jong Kerk [5] (Sendingkerk), wat op die sendingveld ontstaan het, tot die Sendende Kerke (Moederkerke). C.W. Ranson, Algemene Sekretaris van die Internasionale Sendingraad, beklemtoon die aktualiteit en die delikate aard van hierdie vraagstuk as volg : „There is perhaps no aspect of missionary policy and practice which has been the subject of more discussion in recent years than that of the relationship of the older and younger churches. Nor is there any question which has been a more fruitful source of controversy and frustration". [6] John Mott noem hierdie saak „the real battle-ground. This is where there have been, and still are, the most misunderstandings and the largest lack of trust on both sides". [7]

Soms is hierdie verhouding nie reg ingesien nie en is verkeerde norme vir die selfstandigheid van 'n kerk aangelê. „Dringender dan ooit is daarom de noodzaak, dat werkelijk zelfstandige Kerken ontstaan met self-government, self-propagation en self-support. Dat dit niet reeds lang het geval is, schuift met grote kracht de vraag naar voren, of de zendingsmethode, met welke deze Kerken geplant zijn, wel juist is geweest, of daarin niet oorzaken liggen van de zwakheden die ze vertonen". [8] In sy dissertasie oor die sendingbeleid van Gustav Warneck roep ook Johannes Dürr die Kerke op tot hernude besinning oor hierdie vraagstuk : „Die Missionslehre müsste das ganze Problem der ‚Selbstandigkeit' der Kirche biblisch-theologisch neu durchdenken". [9]

---

(5) Hierdie term word gebruik, nie met 'n kwalifiserende inhoud as sou hierdie Kerk (Kerke) ondergeskik aan of minderwaardig teenoor die Sendende (Ou) Kerk wees nie, maar in aansluiting by die algemene sendingliteratuur, waarin dit reeds as terminus tegnikus vir die jong Sendingkerke, wat as vrug op die sendingarbeid van die afgelope anderhalwe eeu ontstaan het, ingeburger is.

(6) 1948, p.12.

(7) In Verslag Jerusalem 1928, Vol.III, p.48.

(8) Honig, A.G. Jnr., 1951, p.101.

(9) 1947, p.282.

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk het die verhouding van die Moederkerk tot die Sendingkerk die afgelope dekade in toenemende mate die aandag getrek. In kerklike- en sendingblaaie is daar veel oor geskryf en in 1951 was dit die onderwerp van 'n belangrike sendingkonferensie.(10) Dis 'n vraagstuk wat steeds in aktualiteit toeneem. Die Sendingkerke streef almeer na volle selfstandigheid ; nasionale en internasionale verwikkelings aksentueer die noodsaaklikheid van tydige beleidsopstelling. „Wie die Verfassung dieser Kirche sein musz, in welchen Tempo und in welchen Grade man einer jungen Missionskirche Völlige Selbständigkeit gewähren darf, das sind für die Mission gegenwärtig die brennendsten Fragen, die einer Lösung harren".(11) En Krige verklaar : „Die vraagstuk van die outonome of selfstandige inheemse kerke (is) vandag een van die mees aktuele probleme van die sending op bykans alle velde".(12) Jonker konsentreer die aandag spesifiek op die Sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk : „In verband met die agt sendingkerke wat in Suidelike Afrika tot stand gekom het deur die sendingarbeid van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, behoort die vraag ernstig onder oë gesien te word of 'n kerk wat reeds sy eie ringe en sinode besit, nog langer as onselfstandig beskou kan word". (13) „Een van die boeiendste vrae in die sendingwetenskap is en bly die vraag na die selfstandige Kerk".(14)

Die Tomlinson-Kommissie bevind dat „alhoewel die Kommissie die noodsaaklikheid van Blanke hulp en leiding in kerklike aangeleenthede besef, hy die bespoediging van kerklike selfstandigwording by die Bantoe as uiters noodsaaklik beskou." (15)

Nuwe aktualiteit word aan hierdie vraagstuk verleen deur die opkoms van nasionalisme by die volkere van Asië en Afrika. „Auch unsere heidenchristlichen Gemeinden sind auf Verselbständigung angelegt, und dieser Prozesz geht neuerdings um so schneller fort, je stärker das National- und Rassengefühl auch innerhalb der Christengemeinden erwacht".(16)

---

10. Sien Verslag hiervan : „Die Kweking van Selfstandige Inheemse Kerke", Bloemfontein, 1951.
11. Schomerus, 1935, p.95. 12. 1954, p.81.
13. 1955, Stelling X. 14. van Heerden, 1957, p.244.
15. Samevatting Verslag, 1955, p.203. 16. Richter, 1927, Band II, p.87.

Dit is die ondervinding oral en hierdie „colossal transition which now marks the life of the peoples of Africa and Asia necessitates a complete overhauling of missionary principles and methods", so bevind Hendrik Kraemer.(17) Prof. Gerdener meld hieroor : „Met die opkoms van die nasionalisme en kommunisme in sendingvelde rondom die aarde is sendingrade en -kommissies besig om hul hele program van sendingaksie te hersien. Hul word almeer gedwing om met die toenemende belang van die inheemse Kerk rekening te hou".(18)

In die sendingwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika, waar die Bantoe hul geestelike bearbeiding en kerklike voorregte in hul eie, afsonderlike Jong Kerke ontvang, is die dringendheid van die selfstandigwording van hierdie Kerke nog groter onder huidige omstandighede. Doel van hierdie verhandeling is om na te gaan hoe dit behoort te geskied.

Vooraf is nodig prinsipiële besinning oor die terminologie en betekenis van die onderhawige vraagstuk : „Wat word bedoel met die uitdrukking „selfstandige kerk" en „selfstandigwording van die Jong Kerk" ? Is dit alleen juridiese onafhanklikheid - - - - vry van die knellende oorheersing van die Moederkerk ? Of ekonomiese selfstandigheid - - - die bekwaamheid om sonder hulp van buite (bv. van die Moederkerk) alle finansiële verpligtings na te kom ? Of lê daar diepere, geestelike kwalifikasies ten grondslag van die hele aangeleentheid ?

By 'n bespreking van die selfstandigwording van die Bantoekerk kom die metode en doel van die sendingwerk onder die soeklig. Dit bring ons allereers by die Skrif, want Kuyper verklaar : „Het werk der zending toch is in de eerste plaats gebonden aan Gods Woord, en aan die daarin neergelegde beginselen, d.i. aan de ordinantiën die de Koning der Kerk door zijn Woord ook voor het werk der zending gegeven heeft".(19) Daarom is dit nodig om in hoofstuk I (a) te let op wat die Nuwe Testament omtrent die begrip „selfstandige kerk" leer.

---

17. 1947, p.44.

18. In Die Kerkbode, 27 Julie 1955, p.114.

19. 1909, Deel III, p.321.

Daaruit kom ook veel lig, want „the Younger Churches are the Early Church of our day - - - - there is hardly a problem, a situation, a task, belonging to the history of the Church in the first four centuries which is not a chief preoccupation to the men of the missionary movement to-day". So verklaar 'n professor in die Kerkgeskiedenis.[20]

Aangesien die Nederduitse Gereformeerde Sending uitgaan van 'n Kerk wat op Gereformeerde grondslag staan, is dit nodig om ook na te gaan hoe die Gereformeerde Kerkreg die vraagstuk van die selfstandige kerk sien (Hoofstuk I b). Op die groot internasionale sendingkonferensies van die afgelope halfeeu is die wordingsgeskiedenis van die Jong Kerke en hul verhouding tot die Sendende Kerke breedvoerig bespreek en leiding gegee. Geen bespreking van die totstandkoming van selfstandige Jong Kerke is volledig sonder kennisname van hierdie ontwikkelingsgeskiedenis nie (Hoofstuk I c).

„Omstreeks de overgang van de 19e. naar de 20e. eeuw komen de vraagstukken die samenhangen met de opbouw van zelfstandige inheemse kerken op het zendingsveld, zowel in de missionaire practijk als in de zendingstheoretische bezinning gaandeweg duidelijker naar voren". So oordeel Gilhuis aangaande die ouer Sending, wat van die kerke van Europa uitgegaan het.[21] Oral op hul sendingvelde bestaan daar vandag Jong Kerke wat heeltemal outonoom is. Hoe het hierdie kerke tot stand gekom en watter lesse hou dit vir die situasie in Suidelike Afrika in ? Die jongere Nederduitse Gereformeerde Sending word die afgelope twee dekades eers ernstig voor die probleme, wat saamhang met die selfstandigwording, gestel. Uit die Sendinggeskiedenis is hier dus veel te leer. Dit word in hoofstuk 2 behandel, met spesiale verwysing na die Gereformeerde Kerk van Holland en die Nederlandsche Hervormde Kerk - - - - - kerke wat in leer, kerkregering en praktyk digby die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan.

In hoofstuk 3 word die beleid van die Nederduitse Gereformeerde Sending t.o.v. die selfstandigheid van die Jong Kerk nagegaan en gekonfronteer met die bevindings van die vorige twee hoofstukke : In hoever

20. Foster, 1944, p.65.
21. 1955, p.7.

was die beleid juis ? Waar moet verandering aangebring word ?

In die laaste hoofstuk (hoofstuk 4) word aandag gegee aan die belangrike saak van selfstandige uitinge van die Jong, selfstandige Kerk, veral soos dit tot uitdrukking kom in belydenis en liturgie.

By die behandeling van die onderwerp word die aandag in die eerste plek by die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië bepaal. Wat egter van hierdie Kerk geseë word, is tot 'n groot mate ook van toepassing op die ander Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke - - - - dié in die Federasie van Midde-Afrika veral, maar ook dié in Suid-Afrika.

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk word meermale aan die selfstandigwording van die Bantoekerk gedink as 'n ontwikkeling vir die verre toekoms, waaraan op die oomblik weinig te doen is. Die Kerk mag haar egter nie deur 'n steriele laissez faire-houding laat beetneem nie. „De jonge kerken moeten zo spoedig mogelijk zelfstandig worden. Want christen-zijn betekent verantwoordelijk zijn voor het leven der eigen kerk en voor het zendingswerk in de niet-christelijke omgeving. Daarom mag de voogdij der zendelingen geen ogenblik langer duren dan nodig is. Van leidslieden moeten ze tot raadslieden worden. Deze nieuwe verhouding is reeds by vele jonge kerken ingetreden".[22]

„Das werden und Streben unserer christlichen Kirchen nach innerer und äusserer Selbständigkeit müssen wir mit allen Mitteln fördern - - - - as das grosze Ziel aller Missionsarbeit".[23]

---

22. Berkhof, 1950, p.322.

23. Hartenstein, 1929, p.236.

# HOOFSTUK I.

## DIE BEGRIP „SELFSTANDIGE KERK".

### (a) VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT :

Weliswaar word die uitdrukking „Selfstandige Kerk" (asook „Jong Kerk, Sendingkerk, Moederkerk") nie in die Bybel aangetref nie. Ook verskaf die Skrif geen uitgebreide stelsel vir die regering van die kerk en die verhouding tussen verskillende kerke nie. Tog word „de hoofdbeginselen der kerkregeering duidelijk in het N. Testament geleerd".(1) Daarin word „de grondlijnen getrekt, waarnaar het huis Gods in deze wereld moet worden opgetrokken en ingericht".(2) „God has enacted laws for its Government".(3)

Van primêre belang in die hele problematiek van die selfstandigheid van 'n kerk is die vraag na die betekenis van die woord „Kerk" : Wat word in die Nuwe Testament onder hierdie term verstaan ?

In die Ou Testament is die woorde Kahal en Eda gebruik vir „'n versameling van mense tot die diens van God",(4) 'n volksvergadering, die vergadering van Israel. In die profane Grieks word die woord ekklesia gebruik vir 'n publieke vergadering, „vergaderingen van door de overheid opgeroepen vrije burgers".(5) In die Nuwe Testament „beteekent ekklesia wel soms nog - - - volksvergadering, Hand. 7 : 38 ; 19 : 32, 39, 40, maar doorgaans heeft het een religieus karakter en wijst het de N. Testament gemeente aan - - - Door de uitstorting des Heiligen Geestes wordt deze gemeente in beginsel losgemaakt van Israëls nationaal bestaan en van de offeranden en ceremoniën der wet ; zij wordt eene eigene, zelfstandige, godsdienstige vergadering en is nu het ware Israël".(6)

Ekklesia is dus die liggaam van Christus, „'n enige katolieke of algemene Kerk wat 'n heilige vergadering is van die ware gelowiges in Christus, wat hul hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur Sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees".(7)

---

(1) Bouwman, 1928, Deel I, p.324.
(2) Smitt, 1910, p.197.
(3) Hodge, 1878, p.548.
(4) Eybers, 1934, p.46.
(5) Jacobs, 1927, p.23.
(6) Honig, A.G., 1938, p.685 - 686.
(7) Die Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XXVII.

So word die Christusgelowiges „als ééne ekklesia saamgenomen en omschreven als het lichaam, de bruid, het pleroma van Christus".[8] Alleen die ware geloof maak iemand 'n lidmaat van die liggaam van Christus. „Wer berufen, getauft und gerechtfertigt ist, gehört damit von selbst auch der Ekklesia an".[9]

Van belang i.v.m. die Nuwe Testamentiese ekklesia is die volgende :

(i) Dit is van toepassing op die plaaslike sowel as op die algemene kerk. K. Dijk wys daarop dat „de kerk is de tempel Gods (1 Cor. 3 : 17), het lichaam des Heren (Ef. 1 : 20, 1 Cor. 12 : 17), de kudde van de goede Herder (Joh. 10), maar dit algemene past zij ook toe op de plaatselijke, op de geïnstitueerde kerken te Rome en Corinthe, te Efeze en Filippi".[10] J.L. Koole stem hiermee saam en noem die plekke waar ekklesia in die „enkelvoud, als aanduiding van een plaatselijke gemeente" gebruik word deur Paulus (24 maal) en in die „meervoud, meerdere plaatselijke gemeenten", die Kerk in sy geheel (23 maal).[11]

„Es musz ferner unterstrichen werden, dasz Singular und Plural promiscue gebraucht sind. Es ist nicht so, dasz die ekklesia in ekklesiai zerfällt".[12] Die ekklesia tou Theou is in wese die versamelde volk van God : „Sie ist da, wenn Gott die Seinen versammelt".[13]

Calvyn verklaar : „Op geen enkele wijze moeten we er aan twijfelen, dat overal, waar we zien, dat Gods woord zuiver gepredikt en aangehoord wordt, en de sacramenten naar Christus' instelling bediend worden, een kerk van God is".[14] Waar kerke „afzonderlijk - - - - over de steden en dorpen naar den eisch der menschelijke noodzakelijkheid verdeeld zijn", moet dit so verstaan word „dat ieder van haar met recht den naam en het gezag der kerk bezit".[15]

---

(8) Bavinck, H., 1918, Deel IV, p.301.
(9) Liechtenhan, 1946, p.85.
(10) Dijk, 1952, p.23.
(11) 1949, p.103.
(12) Kittel, 1938, 3e.Band, p.506.
(13) Ibid., p.507.
(14) IV, I, 9.
(15) Ibid. IV, I, 9.

(ii) Daar is geen verskil in benaming tussen die Sendende Kerk en die Jong Kerk, wat so vrug op die sendingwerk ontstaan het nie. Dit is die „Kerk te Jerusalem" netsoseer as die „Kerk te Efese". Van „Jong Kerk", „Sendingkerk" of „Moederkerk" is hier geen sprake nie. „De Schrift kent het gehele onderscheid tussen oude en jonge Kerk niet", verklaar Bavinck.(16) Eers in die 19e. en 20e. eeue kom hierdie benaminge.

(iii) Die verskillende plaaslike kerke is selfstandig. Want „het wezen van de geheele kerk en de plaatselijke gemeenten is hetzelfde en bestaat daarin, dat zij het volk Gods, het lichaam van Christus is".(17) „Elke plaatselijke kerk, bijv. te Jeruzalem, Antiochië, Corinthe, Rome enz., is dan ook - - - een ecclesia completa, een complete kerk".(18) En as sulks is sy outonoom.

Hierdie opvatting van die Kerk verskil grootliks van dié van die Rooms-Katolieke. Immers, Rome leer : Ubi papa ibi ecclesia. Hier vorm die amp die kerk. Alphons Mulders, professor in die Sendingwetenskap aan die Rooms-Katolieke universiteit te Nijmegen (Nederland), omskryf die doel van die Sending as „positief en verheven, nl. de inlijving van de bekeerlingen in het Mystieke Lichaam van Christus - - - de vestiging en uitbouw van de Kerk".(18a) By Rome egter word die mistieke liggaam van Christus steeds geïdentifiseer met haar institusionêre openbaring. D.w.s. met die Rooms-Katolieke Kerk. Uit die ensikliek „Mystici corporis Christi" van Pous Pius XII, wat op 29 Junie 1943 verskyn het, blyk duidelik „die onvoorwaardelike gelykstelling van die mistieke liggaam en die Rooms-Katolieke Kerk - - - . Mistieke liggaam en Rooms-Katolieke Kerk is een en dieselfde grootheid".(18b) Dit verskil hemelsbreed van die Protestantse beskouing van sigbare en onsigbare kerk en van 'n selfstandige plaaslike kerk. „The Roman Church, with its immutable prototype in the Vatican, is moving even more slowly than the others, for there is no room here for autonomy of the younger Churches. They must all conform to the same original".(18 c)

---

(16) Bavinck, J.H., 1954, p.195.
(17) Honig, A.G., 1938, p.687.
(18) Jansen, 1952, p.134. (18a) Mulders, 1950, pp.182 en 236.
(18b) Jonker, 1955, p.141. (18c) Gerdener, 1958, p.164.

Polman oordeel dan ook dat die gebruik van ekklesia in die Nuwe Testament vir die algemene Kerk, asook vir die komplete plaaslike kerk, die hiërargiese stelsel van Rome veroordeel.[19]

„In het normale spraakgebruik is de plaatselijke kerk zelfstandig", bevind Koole.[20] Hierdie selfstandigheid uit hom in die volgende :

(a) Tugoefening. Elke gemeente is verantwoordelik vir die sonde in eie midde (vgl. Die briewe aan die sewe gemeentes in die boek Openb.) en is verplig om daarteen op te tree.

(b) Ook ten aansien van die kollekte vir Jerusalem handel elke gemeente selfstandig. Paulus doen net 'n beroep op hulle ; verder handel hulle self.

(c) Ook wat die uitstuur van Paulus en Barnabas betref, handel die gemeente van Antiochië, onder leiding van die Heilige Gees, heeltemal selfstandig. Daar word niks vermeld selfs van raadpleging van die kerk te Jerusalem nie.

Die verskillende gemeentes (kerke) was outonome eenhede, wat tog aan mekaar verbonde was. Die kollekte vir Jerusalem was alreeds 'n band. So ook die gedurige briefwisseling (vgl. Filemon, Filip. 2 : 19 - 20 ; Kol. 4 : 7 vv., 1 Kor. 3 : 1, ens.). Dit was egter veral die apostels wat deur hul besoeke en briewe gesorg het vir die so noodsaaklike band tot eenheid tussen die kerke.[21]

Van belang in hierdie verband is die standpunt van Roland Allen, wie se geskrifte in die jongste tyd besondere aandag in die sendingwetenskap geniet. Hy is 'n Anglikaanse sendeling en skryf „as an Anglican to Anglicans". Maar dan verklaar hy : „In the New Testament the idea of a Church is simple. It is an organized body of Christians in a place with its officers. The Christians with their officers are the church in the place, and they are addressed as such - - The Church is the visible Body of Christ in the place, and it has all the rights and duties of the Body of Christ".[22] Al die groepe Christene

(19) s.j., Deel III, p.375. (20) 1949, p.104. (21) Ibid., p.108.
(22) 1927, p.283.

(kerke) "were fully equipped Churches - - - self-supporting, self-governing and self-extending".[23] Tot hierdie gevolgtrekking kom Allen nadat hy die wese van die Kerk in die Nuwe Testament nagegaan het.

I.v.m. die Kerke in die Nuwe Testament en hul selfstandigheid is dit nodig om op nog twee sake te let, t.w. (a) Die gesag van die apostels en (b) Die vergadering te Jerusalem (Hand.15).

(A) DIE GESAG VAN DIE APOSTELS.

Uit die boek Handelinge en die briewe van die apostel Paulus is dit duidelik dat hy 'n sekere gesag besit, wat hy oor die gemeentes uitoefen. Hy stel ampsdraers aan, hou toesig oor die gemeentes en gee opdragte aan sy medewerkers, Silas en Timotheüs. Ook die ander apostels besit 'n soortgelyke mag. Hoe pas dit in by die selfstandigheid van die plaaslike Kerke ? Mag die hedendaagse sendeling hom op hierdie apostoliese voorbeeld 'n dergelike gesag oor die sendinggemeentes aanmatig ?

Om op hierdie vraag te antwoord, is dit nodig om eers duidelikheid te kry oor die apostelamp. Want die gesag van die apostel lê in die apostolaat opgesluit. Daaruit blyk :

(a) Dat dit 'n amp was wat deur Christus self ingestel is. Die apostels was die oor- en ooggetuies van die woorde en dade van Christus. Dit moes hulle weer aan die wêreld gaan verkondig. Die woord apostolos is afgelei van die Griekse woord apostellou (wegstuur) en beteken : „afgezondene, afgezant, zendbode".[24] „Hun ambt - - - is het eenige, dat rechtstreeks door Christus ingesteld is en sluit alle bevoegdheden en werkzaamheden, die in de latere ambten verdeeld zijn, in zich".[25] Hulle behoef nie deur die gemeente gekies te word nie. Nuwe ampte kom uit die gemeente op ; die apostolaat kom direk van Christus.

---

(23) 1949, pp. 9 en 37.
Sien ook : Smitt, p.111 ; Bouwman, Deel I, p.62, 66 ; L. Praamsma in „Het Dogma der Kerk", 1949, Groningen, p.500 - 502.

(24) Bavinck, C.B., 1926, p.142. Sien ook Smitt, p.41.

(25) Bavinck, H., Deel IV, p.365.

(b) Dit was 'n tydelike amp. Omdat in die apostolaat alle ampte opgesluit lê en dit die fondament vir die Kerk vorm, soos deur Christus self ingestel, daarom is die amp beperk tot die eerste apostels en „niet voor overdracht vatbaar. Toen Jakobus de marteldood stierf, is de opengevallen plaats niet weer bezet".[26] Hulle is deur Christus self gestuur „om als de eerste bouwmeesters der Kerk, haar fundamenten in de gansche wereld te leggen".[27] Met hul dood sterf die amp uit. Saam met dié van die profeet en evangelis is hul amp 'n tydelike. Na hul dood „treden de presbyters en episcopen op als leidslieden der gemeente".[28] Hulle vorm alleen die skakel tussen Christus en die normale ontwikkeling van die kerk. Met klem verklaar H. Bavinck : „Volgens de H. Schrift staat vast, dat het apostolaat een exceptioneel, tijdelijk en onvernieuwbaar ambt is geweest in de gemeente des N.T."[29]

(c) Dit hou buitengewone mag in.

Die apostel, kragtens die gesag waarmee hy deur Christus beklee is (2 Kor. 10 : 8), besit 'n „geheel eigensoortige apostolische gezag".[30] En verder : „De apostelen hebben binnen de gemeente een autoritatieve plaats. Waar zij optreden, is Christus zelf door zijn Geest tegenwoordig".[31] Voetius verklaar : „de autoriteit (gezag) van het apostelambt ; dat was buitengewoon, onmiddelijk, algemeen".[32]

Kragtens die buitengewone mag aan sy apostoliese amp verbonde, oefen die apostel Paulus 'n buitengewone gesag oor die pasgestigte kerke uit ; gee voorskrifte, vermaan, probeer die onderlinge band versterk, reis met hul kollektes na Jerusalem en rig hom tot die bestaande gemeente te Rome met dieselfde apostoliese gesag.

(d) Dit is algemeen geldend. Hierdie heel besondere mandaat, waaroor die apostels beskik het, sluit „algemeen geldende macht"[33] in. „Hun worden geen vaste grenzen gesteld ; maar de geheele wereld wordt hun aangewezen om haar te brengen tot de gehoorzaamheid aan Christus".[34] „Ze worden als autoriteiten in de gemeente erkend".[35]

---

(26) Keole, 1949, p.78. (27) Calvyn, IV, III, 4.
(28) Bouwman, 1928, Deel I, p.79.
(29) 1918, Deel IV, p.393. (30) van Swigchem, 1955, p.20.
(31) Ibid., p.19. (32) „De Plantatione Ecclesiarum", by Pol , 1910, p.10.
(33) Ibid., p.10. (34) Calvyn, IV, III, 4.
(35) Bouwman, 1928, Deel I, p.77. Sien ook H. Bavinck, Deel IV, p.368.

Hierdie algemeen geldende outoriteit besit die apostel egter nie as 'n kerklike mag nie, maar kragtens die apostolaat.

Paulus vermaan 'n gemeente nie in sy hoedanigheid as afgesant („sendeling") van die gemeente („Moederkerk") van Antiochië nie, maar as „apostel van Jesus Christus".

Omdat hierdie gesag oor 'n „Jong Kerk" vloei uit 'n heel besondere en tydelike apostelamp, kan die hedendaagse sendeling dus nie vir hom gesag oor 'n sendinggemeente aanmatig op grond van die apostoliese voorbeeld nie.

Van belang hier ook is die wyse waarop die apostel Paulus optree teenoor die nuwe Kerke, wat deur sy arbeid ontstaan het. Hy besit wel die outoriteit, maar „heerschen wil Paulus niet".(36) „Nooit treedt echter de apostolische macht op als een autocratische tirannie, die over de gemeente wordt uitgeoefend".(37) Hy neem sy toevlug tot vermaning en verkies om liewers nie van sy mag as apostel gebruik te maak nie (Filemon vs.8). Steeds beskou hy homself ook as 'n dienaar van die gemeente. (2 Kor. 4 : 5).

Op hierdie wyse probeer hy die selfstandigheid van die Kerke eerbiedig. Want „elke plaatselijke Kerk is volgens het N. Testament zelfstandig, eene ecclesia completa".(38)

Roland Allen toon aan dat die Skrif „certainly prove that the Apostle recognized that he possessed a power upon which he could fall back in case of necessity, yet it also proves how sparingly he used it".(39)

Paulus stig 'n Kerk en verkies om spoedig daarna verantwoordelikheid daaraan te gee. „The individual churches were thrown upon their own responsibility to manage their own affairs almost immediately after their beginning".(40) Heel spoedig dus „he throws upon the churches - - the responsibilities of self-government, self-support and self-propagation".(41)

---

(36) Jacobs, 1927, p.102.
(37) Smitt, 1910, p.48.
(38) H. Bavinck, 1918, Deel IV, p.470.
(39) 1912, p.148.
(40) Soltau, 1954, p.149.
(41) Anderson, 1874, p.110.

So ontstaan daar by die kerke geen agitasie om meer regte en voorregte nie. Daar bestaan 'n hartlike verhouding tussen hulle en die Apostel en van meet af aan „namen de gemeenten een zeer levendig aandeel aan het apostolisch zendingswerk".[42] Uit die gemeentes kry hy ook talryke medewerkers.

„Paulus hat seinen Gemeinden von Anfang an eine verhältnismässig grosze Selbständigkeit gegeben ; nur dasz er sich als geistlicher Vater und kraft seiner apostolischen Vollmacht eine Leitungsbefugnis vorbehielt".[43]

Roland Allen en sy skool wil dat 'n groep Christene (gemeente) besonder spoedig aan hulleself oorgelaat moet word. Op voorbeeld van Paulus trek die sendeling verder en die jong gemeente moet met behulp van die Heilige Gees verder self ontwikkel.[44] Hoewel hierdie metode onteenseglik alle verhoudingsvraagstukke (Ou tot Jong Kerk) oplos, die rol van die Heilige Gees beklemtoon en die selfwerksaamheid van die gemeente snel ontwikkel, kan hierdie s.g. „Pauliniese metode" nie klakkeloos en onveranderd toegepas word onder die ongeletterde, primitiewe volkere van die moderne sending nie. Ook neem hierdie skool nie genoegsaam in ag nie dat Paulus wel vertrek het, maar dikwels weer vir 'n tydlank na die gemeente teruggekom het, soms iemand anders gestuur het en in die tussentyd deur middel van briefwisseling die kontak gehandhaaf het. Wat wel besondere belang dra, is dat Paulus, ten spyte van sy apostoliese gesag, die gemeente sover moontlik selfstandig laat optree het. Ook die hedendaagse sending behoort hiervan deeglik kennis te neem.

'n Laaste vraagstuk waaraan aandag gegee moet word is

(B) DIE VERGADERING TE JERUSALEM (HAND.15).

En hiermee saam val die vraag : Het die Sendende Kerk (Antiochië of Jerusalem) enige gesag uitgeoefen oor die Jong Kerke te Efese, Korinte, Rome en elders ?

Paulus (en die ander apostels) het wel gesag uitgeoefen,

---

(42) van Swigchem, 1955, p.35. (43) Richter, 1927, Deel II, p.87.

(44) Sien geskrifte van R. Allen, veral „The Spontaneous Expansion of the Church" en „Missionary Methods : St. Paul's or Ours ?". Ook ander lede van sy skool en veral C.I. van Heerden : „Die Spontane Uitbreiding van die Kerk by Roland Allen", 1957.

„niet zo, dat de Kerk van Antiochië, door middel van haar ambtsdrager Paulus, nog een zeker gezag uitoefende over de jonge Kerken - - - maar het was Jezus Christus zelf, die door zijn dienaar Paulus de jonge en nog zeer zwakke Kerken bleef leiden en besturen - - - Van een gezag, dat de oude Kerk uitoefent over de jongere is er nergens sprake".(45)

Nêrens word gelees van besluite van die Jong Kerke wat deur die Sendende Kerk goedgekeur of geveto word nie. Ook nie van opdragte aan hulle nie, behalwe in die een geval van die Jerusalemvergadering, in Hand.15 vermeld.

Aanleiding tot hierdie vergadering was die volgende : Paulus en Barnabas het hul eerste sendingreis agter die rug. Die heidene, wat gelowig geword het, is deur hulle in die gemeente opgeneem sonder besnydenis of opvolging van ander voorskrifte van die Mosaïse wet. Sekere Joodse Christene het egter van Jerusalem gekom en die christene uit die heidene verontrus deur te leer dat hulle besny moet word om gered te word (Hand.15 : 1). „Sie müssten durch die Beschneidung erst Juden werden, bevor sie durch die Taufe Christen würden".(46) 'n Heftige stryd ontbrand en dit word besluit om die saak aan die „apostels en ouderlinge in Jerusalem" voor te lê (Hand.15 : 2). By die vergadering in Jerusalem word die saak besleg en 'n skrywe aan „die broeders uit die heidene in Antiochië en Sirië en Cilicië" gerig (Hand.15 : 23).

Die vraag is : Was dit 'n Sinode van die Sendende Kerk wat sekere wette en regulasies vir die Jong Kerke gemaak het ? Met ander woorde hul selfstandigheid aangetas het ?

Oor die benaming en aard van hierdie vergadering is daar onder teoloë verskil van opinie. Bouwman noem dit die „apostel-convent" wat „geen sijnode in den lateren zin van het woord" is nie, maar waar daar tog „sprake is van een beginsel eener meerdere vergadering".(47) Jansen sien die „convent" ook as „prototijpe van een meerdere vergadering",(48) waarby die Kerk van Antiochië deur haar afgevaardigdes, Paulus en Barnabas, verteenwoordig was.

---

(45) J.H. Bavinck, 1954, p. 198.
(46) Liechtenhan, 1946, p.57.
(47) Bouwman, 1928, Deel II, p.47.
(48) 1952, p.135.

F.W. Grosheide, aan die ander kant, besig liewer nie die term „convent" nie, aangesien hy oordeel „dat Hand.15 een officieele kerkelijke vergadering beschrijft, daarom bezigen we den naam Synode".(49) Hy sien dit dan ook as 'n vergadering van ampsdraers (apostels en ouderlinge) en konkludeer dat uit die gebeure van die Jerusalem-vergadering mens „niet een heerschen van de kerk te Jeruzalem over andere kerken uit mogen afleiden".(50)

Hier moet egter onthou word dat van die Jong Kerke net Antiochië afgevaardigdes gestuur het. Ook „dat Jeruzalem als sedes apostolica - - - zekere autoriteit uitoefende".(51) Maar dan juis omdat dit die woonplek van die meeste apostels was en die apostels oor besondere gesag beskik het.

Ons moet dus met Bavinck saamstem : „Wel schijnt een ogenblik de Kerk van Jeruzalem een zeker oppergezag uit te oefenen en besluiten uit te vaardigen, die voor alle gemeenten golden, maar het is duidelijk, dat zij dit alleen kon doen, omdat zij de zetel was van de apostelen en in haar midden de apostelen een grote plaats bekleeden".(52)

Van 'n herhaling van die Jerusalem-vergadering is daar ook geen sprake in die Nuwe Testament nie. „But no sooner had Christianity been recognized by the State than such conferences tended to multiply, to become not occasional but ordinary".(53)

Samevattend kan dus konstateer word dat „in de Schrift elke Kerk zelfstandig (is), met alle andere kerken in rechten volkomen gelijk".(54) Die apostels het jurisdiksie daaroor gehad, kragtens hul besondere amp, wat egter met hul dood verval het. Ook het hulle die gesag met wysheid en omsigtigheid aangewend om sodoende die selfstandigheid en selfwerksaamheid van die gemeente nog verder te ontwikkel. Die Jerusalem-vergadering bied geen presedent vir een Kerk om oor 'n ander Kerk te heers nie.

---

(49) 1948 in „De Handelingen der Apostelen", Deel II, in „Kommentaar op het Nuwe Testament", Amsterdam, p.13.

(50) Ibid., p.63.

(51) Smitt, 1910, p.80.

(52) J.H. Bavinck, 1954, p.197.

(53) Hatch, 1909, p.172.

(54) H. Bavinck, 1918, Deel IV, p.408.

(b) VOLGENS DIE GEREFORMEERDE KERKREG :

Die ander stelsels van kerkregering is tot 'n groot mate die produk van historiese en politieke omstandighede. Die Gereformeerde stelsel daarenteë is „selfstandig deur Calvyn uit die Heilige Skrif ontwikkel".[55] Gysbertus Voetius het die beginsels toe verder gesistematiseer tot 'n Gereformeerde Kerkregtelike stelsel in sy „Politica Ecclesiastica".

Vir Calvyn was nie die tydsomstandighede of die staat hoofsaak nie, maar die absolute soewereiniteit van die Woord van God. Die gesag van die Woord moet op alle terreine van die lewe gehandhaaf word.

Die Gereformeerde Kerkreg staan dus stewig op die Skrif : „De Kerk mag niet eigenmachtig bepalen, hoe zij hare regeering wenscht te zien maar heeft zich te houden - - - aan de lijnen, die voor de kerkregeering in den Bijbel getrokken zijn".[56] „Steeds moet de Kerk zich naar de Schrift reformeeren en zorgen, dat de geldende rechtsregelen niet in strijd zijn met de Schrift, en de Christusregeering niet tegenwerken".[57] Kuyper lê nadruk daarop „dat we ook bij de Ecclesiologie de Heilige Schrift als principium theologicum stellen".[58]

Gevolglik hang die begrip „Kerk" („selfstandige Kerk") in die Gereformeerde Kerkreg ten nouste saam met wat in die vorige gedeelte oor die begrip „Kerk" in die Nuwe Testament behandel is. Daaruit blyk die volgende :

(1) Christus is Hoof van die Kerk en tot uitoefening van die regering daarvan gebruik Hy mense („In den bijzonder door den dienst der ambtsdragers").[59] Volgens Calvyn moet Christus in die Kerk „de leiding hebben en het hoogste gezag bekleeden", maar „dat Hij daartoe den dienst van menschen aanwendt".[60] Eers die apostolaat, daarna die gewone ampte.

(2) Die Gereformeerdes breek finaal met die hiërargie van Rome „en stel in die plek daarvan die plaaslike kerk of gemeente (Ecclesia localis) as die tydelike, sigbare, geïnstitueerde openbaring van die liggaam van Christus".[61] Elke plaaslike kerk, hoe klein ook al, is

---

(55) Geldenhuys, 1951, p.33. (56) A.G. Honig, 1938, p.756.
(57) Bouwman, 1928, Deel I, p.2. (58) A. Kuyper, 1909, Deel III, p.210. Vgl. ook H. Bavinck, 1918, Deel IV, p.404.
(59) K. Dijk, „Kerk" in „Christelijke Encyclopaedie", p.338.
(60) Calvyn, IV, III, 1. (61) Geldenhuys, 1951, p.33.

gevolglik 'n ecclesia completa, 'n vergadering van Christusgelowiges.

(3) Hoewel die plaaslike Kerk in homself 'n volledige Kerk is, is die verband noodsaaklik. „Omdat alle plaatselijke kerken openbaringen zijn van het éene mystieke lichaam van Christus, daarom zijn zij ook geestelijk één ; staan zij krachtens haren historischen oorsprong met elkaar in verband en zijn zij tot het onderhouden van de gemeenschap met allen, die hetzelfde geloof deelachtig zijn, van 's Heeren wege verplicht".(62) Sodoende kom Ringe en Sinode totstand.

(4) Die selfstandigheid van die plaaslike kerk word baie sterk beklemtoon. „De autonomie, d.i. de zelfstandigheid der plaatselijke Kerk, is een der grondzuilen van het gereformeerde kerkrecht".(63) „Volgens Gereformeerde Kerkrecht is elke plaatselijke kerk een eigen zelfstandig liggaam".(64) „Alle plaatselijke kerken zijn gelijk".(65)

Daarom bepaal Artikel 83 van die Kerkorde van Dordrecht ook : „Geen Kerk moet oor ander Kerke, geen Dienaar oor ander Dienaars, geen Ouderling of Diaken oor ander Ouderlinge of Diakens enige heerskappy voer nie".(66) Van die vroegste kerklike byeenkomste in Nederland (selfs voor Dordt) meld Lohman en Rutgers : „In al die vergaderingen, ook in die te Wezel,(67) stond dit beginsel vooroр : ‚geen kercke sal over een ander kercke, geen dienaer des Woorts, geen ouderling noch diaken sal d'een over de ander heerschappij voeren'".(68) Die rede daartoe was „dat uyt die heersohinge der bisschoppen over bisschoppen, ofte herderen over herderen, ghesproten was de grouwelijcke opperhoofdicheydt des Roomschen paus".(69)

„Deze bepaling bevat een der grondbeginselen voor de Gereformeerde kerkinrichting", verklaar Jansen(70) en Brouwer vind dat „dit beginsel volkomen te eerbiedigen en als bijbelsch te handhaven is".(71)

---

(62) A.G. Honig, 1938, p.705. (63) Pol, 1939, p.196.

(64) Bouwman, 1928, Deel II, p.451. (65) A.G. Honig, 1938, p.750.

(66) Soos opgeneem in die Wetboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die O.V.S., 1950, p.151.

(67) 1568. (68) Lohman & Rutgers, 1887, p.18.

(69) Ibid., p.19. (70) Jansen, 1952, p.364.

(71) Brouwer, s.j., p.24.

Van besondere belang vir ons doel is die vraag : In hoeverre raak b.g. bepalings van die Gereformeerde Kerkreg die situasie op die sendingveld en die daarmee gepaard gaande vraagstuk van die selfstandigheid van die Sendingkerk ?

Voetius, „den grootmeester van het gereformeerde kerkrecht",[72] stel in verband met die verhouding van die Sendende tot die Jong Kerk die vraag : „Verkrijgt de plantende, of wilt ge, de zendende kerk, eenig recht van superioriteit of ook eenige leidende macht over hare spruiten, de geplante kerken ?". Hierop antwoord hy dan : „Antwoord : ontkennend. Zulk een recht van de cathedra (katheder van den paus) en van de metropolis (bisschopstad) waarvan sommigen weer schijnen te droomen, hebben wij boven weggeslagen".[73] Van Andel verklaar van Voetius : „Als hij op het zendingsterrein reeds geinstitueerde kerk beschouwt, stelt hij vooral haar vrijheid in het licht - - - Deze kerk regeert zichzelve - - - niemand buiten haar heeft eenige rechtsmacht over haar geestelijke aangelegenheden : zij heeft haar <u>potestas</u> en haar <u>libertas</u> : ita ut libere sua agat Ecclesia, ministros eligat, disciplinam exerceat etc. - - - - Zij heeft haar eigene zelfstandigheid. De plaatselijke kerk is een compleete, zichzelve regeerende, vrije, zelfstandige kerk".[74]

Hier is voorwaar geen onduidelike of dubbelsinnige taal nie !

Bouwman stem met Voetius saam : „Als ergens op eene plaats met behulp van eene kerk of kerkengroep een kerk geformeerd wordt, dan is deze geformeerde kerk even zelfstandig als de kerken, die haar tot de formatie hielpen. Want zij ontleent het recht en de macht van bediening des Woords en der sacramenten en de oefening der tucht niet aan het kerkverband, maar aan Christus, het hoofd der Kerk".[75]

H. Bavinck ook : „Wel is naar de leer der H. Schrift iedere plaatselijke kerk zelfstandig, eene ecclesia completa, hoe klein en gering zij ook wezen moge. Er zijn geen moederkerken in dien zin, dat de eene kerk over de andere zou mogen heerschen - - - Alle kerken staan gelijk, omdat zij alle, al is de eene middelijkerwijze ook door de andere gesticht, op dezelfde wijze, d.i. rechtstreeks en volstrekt van Christus

---

(72) Smitt, 1910, p.6. (73) By D. Pol, 1910, p.20.
(74) 1912, p.186 - 187. (75) 1928, Deel II, p.13 - 14.

afhankelijk en aan zijn woord gebonden zijn".[76]

Ook die Gereformeerde Kerkreg beskou die Jong Kerk dus vanaf sy instituering as selfstandig. In die praktyk van die moderne sending was dit egter seer selde die geval. Tog staan daar vandag talle Jong Kerke oor die wêreld heen, wat in alle opsigte outonoom is en as susterkerke langs die Sendende Kerke op gelyke voet saamwerk as „medewerkers in gehoorsaamheid" aan die vervulling van die laaste opdrag van Christus.

Doel van die volgende afdeling van hoofstuk I is om hierdie ontwikkelingsgang in die sending oor die wêreld heen na te gaan aan die hand van die groot internasionale sendingkonferensies van die afgelope halfeeu.

(c) VOLGENS DIE INTERNASIONALE SENDINGKONFERENSIES VAN DIE AFGELOPE HALFEEU.

(1) Edinburgh 1910.

Reeds voor die eerste groot internasionale Konferensie oor die Sending te Edinburgh, Skotland, in 1910, het die behoefte al by die verskillende Kerke wat Sendingwerk doen, ontstaan om saam te beraadslaag oor die probleme wat in die arbeid na vore gekom het. So was daar op beperkte skaal reeds interkerklike sendingkonferensies in New York (1854), Liverpool (1860), Londen (1888) en 'n tweede in New York (1900).[77]

Dit was egter „loosely related attempts at missionary cooperation".[78] Die eerste verteenwoordigende wêreldsendingkonferensie was dié te Edinburgh in 1910. Van die 1,355 afgevaardigdes hier „less than a score were members of the younger Churches",[79] en dan het hulle ook gekom, nie as verteenwoordigers van die Jong Kerke self nie, maar as lede van die afvaardigings van die verskillende sendinggenootskappe. In werklikheid was die Jong Kerke dus nog nie offisieel by hierdie ekumeniese vergadering verteenwoordig nie.[80]

---

(76) 1918, Deel IV, p.408.
(77) Volgens Latourette & Hogg, s.j., p.49.
(78) Ibid., p.49.
(79) Mott, 1938, p.298.
(80) Vgl. Cash, 1939, p.17 : „The Younger Churches were scarcely represented at all".

Wat die agenda betref, staan die uitgebreide sendingwerk van die Sendende Kerke in Europa en Amerika sentraal by alle beraadslagings en besprekings in 'n poging om 'n juiste beeld van die wêreldwye sendingaksie te vind.

Maar ook word daar reeds kennis geneem van die totstandkoming van Jong Kerke op die sendingvelde van die wêreld. „The Edinburgh Conference of 1910 virtually discovered the 'Younger Churches'", verklaar Phillips.(81) Aan die Sendende Kerke word dringend versoek om aandag aan die feit te gee dat die Jong Kerk „has, in many places, reached, and in others is fast reaching, maturity".(82) „An organized Church in the Mission Field is no longer only a distant ideal, but is now clearly in view as an actual Church in being".(83)

Hierdie Jong Kerke word deur die Konferensie egter nog gesien as „in pupilage to the Home Church"(84) en onder jurisdiksie van :

(a) Die Sendende Kerk (Moederkerk),

(b) Die Sendingraad (Raad van Sendelinge op die Sendingveld) en

(c) „The ecclesiastical authority, incipient or fully established, of the local church".(85)

Die Konferensie gee aandag aan die vraagstuk van self-ondersteuning by die Jong Kerk en sien dit „as one of the great problems relating to organization, which must be to a large extent solved before we reach the next problem",(86) naamlik die verhouding tussen die Jong Kerk en die Sending. Oor die wyse, waarop die probleem opgelos moet word, word egter geen leiding gegee nie.

Die vergadering besef dat „the growth of the Church in the Mission Field is our greatest joy, but the growth involves readjustments which at the same time constitute our greatest difficulty".(87) Dit sluit aan die een kant in „the recognition of the autonomy and liberties of the Church in the Mission Field"(88) en aan die ander kant die behoud van die regte verhouding tussen Ou en Jong Kerk. Die gevaar bestaan dat

---

(81) 1939, p.173. (82) Verslag Edinburgh 1910, Vol.II, p.3.
(83) Ibid., p.38. (84) Ibid., p.6.
(85) Ibid., p.13. (86) Ibid., p.33.
(87) Ibid., p.87. (88) Ibid., p.88.

die Jong Kerk, gestimuleer deur nasionale- en rasseaspirasies, in sommige gevalle „be too eager to take upon itself its full burden of responsibility and service".[89] In die vooruitsig word gestel „the time when we are no longer to be the leaders, but the allies of the Church of Christ in the Mission Field", 'n toestand „which is not generally understood even by Christian missionaries, and still less by those who look on from without".[90]

Edinburgh 1910 hou homself hoofsaaklik besig met die sendingwerk van die Ou Kerke, dog sien duidelik op die sendinghorison die opkoms van selfstandige Jong Kerke as vrug van die Sendingarbeid. As een van die drie lede van die Jong Kerke, wat aan die besprekings deelneem, vestig Cheng Ching Li van Sjina die aandag van die vergadering op die drang na selfstandigheid by die Jong Kerk : „The problem in China is the independence of the Chinese Church. We can never thank you enough for what you have done for us". Nou is daar egter die drang na selfstandigheid, wat hy verklaar as „the working of the same Spirit as inspired you to realise your responsibility towards men of other lands".[91]

Dr. A.D. Murray van die Presbiteriaanse Kerk in die V.S.A. beklemtoon in die besprekings dat „the mission must fully recognise that the Church has the same full control within itself as any other body of any kind. It seems strange that there should be any hesitation in accepting this right of the Church to be recognised as an autonomous Church. The Church is the child of the mission, but it has become of age".[92]

As die „major creative act" van die Edinburgh-Konferensie noem dr. John Mott egter die vorming van 'n Voortsettings-Komitee.[93] Hierdie Komitee gaan in 1921 oor in die Internasionale Sendingraad, wat die daaropvolgende wêreldsendingkonferensies byeenroep, naamlik te Jerusalem (1928), Tambaram (1938), Whitby (1947), Willingen (1952) en Ghana (1957).

---

(89) Ibid., p.3

(90) Ibid., p.341.

(91) Ibid., p.352 - 353.

(92) Ibid., p.350.

(93) 1938, p.301.

(2) Jerusalem 1928 :

Agtien jaar het verloop sedert Edinburgh 1910 en in hierdie tydsbestek het groot ontwikkelings op die sendingvelde van die wêreld plaasgevind ten opsigte van die ontwikkeling en selfstandigwording van die Jong Kerke aldaar. Hiertoe het ook die Eerste Wêreldoorlog (1914 - 1918) sy deel bygedra.

Die toneel in Jerusalem in 1928 verskil dus aanmerklik van dié te Edinburgh in 1910. Laasgenoemde Konferensie is nog in Europa gehou, die tuiste van die Sendende Kerke. In 1928 vergader die tweede wêreldsendingkonferensie in die Midde-Ooste, die grens tussen Ooste en Weste, van die lande van die Jong en Ou Kerke respektiewelik. Die verskuiwing van aksent in die rigting van die Jong Kerke is verder merkbaar in die getal en status van die afgevaardigdes van die Jong Kerke : Edinburgh 1910 was nog 'n konferensie van afgevaardigdes van westerse sendinggenootskappe. „At Jerusalem roughly one-fourth of the delegates were nationals from the lands of the younger churches, and they came representing their own national Christian Councils".(94) Die oorspronklike bedoeling was dat die getal afgevaardigdes van die Jong Kerke minstens netso groot soos dié van die Ou Kerke sou wees, „toch bleef het aantal Inheemse afgevaardigden nog betrekkelijk klein, daar nog vele zendelingen door die Kerken werden afgevaardigd".(95) Desnieteenstaande het die Jong Kerke hulle terdeë laat geld : „At Jeruzalem the rising churches of Asia, Africa and Latin America gave unmistakable evidence of coming into their own. They stood on a parity with the older churches not only in participation in the discussions, but, more significantly, in initiative, in sense of responsibility, in contribution of experience and in formative influence in determining policy and program".(96) „All the findings at Jeruzalem were deeply influenced by the representatives of the younger churches".(97) Waar by Edinburgh die ontstaan van die Jong Kerke alleen maar aan die sendinghorison merkbaar was, „at Jerusalem it was clearly recognized that the churches which are the fruit of the modern

---

(94) Latourette en Hogg, s.j., p.53.
(95) Baron van Boetzelaer van Asperen en Dubbeldam, 1946, p.338.
(96) Mott, 1938, p.308.
(97) Phillips, 1939, p.174.

missionary movement had 'arrived' on the ecumenical scene".(98) „At Jerusalem the younger churches took their place alongside the older Churches on a basis of complete equality".(99)

Die Wêreldsendingkonferensie te Jerusalem word dus die eerste groot demonstrasie aan die wêreld van „de groote keersverandering"(100) wat in die Sendingwêreld ingetree het. „Toen kwam in gang de omzetting in de praktijk van wat in de theorie, in de zendingswetenschap en -methodiek, vooral sinds Gustav Warneck, steeds betoogd en algemeen als axioma aanvaard was, nl. dat het doel van alle zendingswerk in stichting van zelfstandige kerken gelegen is".(101)

Hierdie „omzetting in de praktijk" blyk uit die volgende :

(i) <u>Die erkenning van die bestaan van autonome Jong Kerke.</u>

Dr. A.L. Warnshuis rapporteer, as Sekretaris van die Internasionale Sendingraad, as volg aan die Jerusalem-vergadering : „Churches that are in an ecclesiastical sense autonomous exist now in almost all parts of the world".(102) As voorbeelde hiervan word genoem: „In Japan the Methodist Church has been for many years an independent and autonomous body with which the missionaries of the American and Canadian Churches co-operate".(103) „The Lutheran Churches in India had a peculiar position to face during the war. Complete autonomy was granted to the churches of the Gossner Mission".(104) „The Churches having a Congregational polity have naturally sought to establish independent congregations in the fields to which their missionaries have gone - - - In church matters the congregations have complete autonomy".(105) „All the Presbyterian Churches in China are now independent of foreign ecclesiastical jurisdiction".(106)

In ander gevalle het die Jong Kerk nog nie volle selfstandigheid bereik nie, maar is op pad daarheen. Van ons eie vasteland word berig van „the largely increased responsibility laid upon the African clergy in Uganda and Southern Nigeria" en van „the steady advance towards autonomy of the Church founded by the Paris Evangelical Mission

---

(98) Ranson, 1948, p.3. (99) Cash, 1939, p.279.
(100) Kraemer, 1937, p.51. (101) Brouwer en J.H. Bavinck, 1951, p. 9.
(102) Verslag Jerusalem 1928, Vol.III, p.7. (103) Ibid., p.83.
(104) Ibid., p.94. (105) Ibid., p.95 - 96. (106) Ibid., p.118.

in Basutoland".[107]

(ii) Nuwe terminologie.

By Edinburgh is die aandag gevestig op die ontwikkelende kerke op die sendingvelde. Jerusalem staan egter gekonfronteerd met daardie kerke self, wat intussen tot volle selfstandigheid gekom het. Nuwe benaminge het nodig geword om hierdie veranderde toestand weer te gee. Sodoende skep die Konferensie die benaming Jong Kerke („Young Churches") vir die nuut ontstane Kerke op die sendingvelde. „The term 'younger churches' was generally adopted, and, despite its inadequacy, has since been part of our common Christian parlance".[108]

(iii) Die nuwe terminologie druk ook uit die nuwe verhouding, wat daar tussen die Sendende en die Jong Kerke totstand gekom het. „Dit beteekende, dat de gestichte Christengemeenten op de sendingsterreinen niet meer als behoorende tot een bepaalde Kerk in het Westen, geplaatst op een verticale lijn onderaan, moesten worden gezien, maar als selfstandige grootheden op een horizontale lijn naast de Oude Kerken".[109] „Formerly the missionary was the centre, now the native Church has taken his place - - - the highest authority, which formerly rested with the conference of missionaries, is now conferred on the native Synod".[110]

Die saak van die selfstandigheid van die Jong Kerk kry veel aandag op die Jerusalem-vergadering en „again and again the Council was reminded that freedom and self-determination were marks of true life in the Church of Christ, and must be looked for and welcomed".[111]

Op twee foutiewe karaktertrekke in hierdie ontwikkelingsgang word die aandag gevestig : (a) Van die kant van die Jong Kerke. Hulle soek „complete independence, whereby the younger churches, beyond receiving the message of Christ from the older churches, seek no further help from them either in the apprehension of the message or in the practical expression of it".[112] So 'n selfgenoegsame gedagterigting word deur die Konferensie veroordeel. (b) Van die kant van die Sendende Kerk. Die gevaar bestaan dat sy in haar liefde vir die Jong Kerke „so te

---

(107) Ibid., p.129. (108) Ranson, 1948, p.3. (109) Kortier, 1941, p.4.
(110) Crommelin, 1934, p.369.
(111) Verslag Jerusalem 1928, Vol.III, p.174.
(112) Ibid., p.166.

surround them with helps and administration, teachings and directions, that their growth is hampered at every stage".(113) As ideaal word gestel : "not domination, either by the West or the East, but complete co-operation by both missionaries and nationals".(114)

Die opleiding van inheemse leraars word besonder beklemtoon, want van geskikte inheemse kerkleiers hang die selfstandigwording van die Jong Kerk in die praktyk tot 'n baie groot mate af.

In verband met selfonderhoud oordeel die Konferensie : "In general, the financial grants of the older churches should be given to and administered by the churches themselves, or agensies constituted by them - - - Financial aid from the older churches for existing work should be placed on a gradually decreasing scale to be terminated by mutual agreement".(115)

By Jerusalem word meer en meer besef dat die Jong Kerk, al is dit selfstandig, nog lank behoefte aan die hulp van die sendeling sal hê, veral vir pionierswerk op die platteland, as deskundiges in letterkundige en sosiale werk, "but above all we need the help of young, consecrated talented people for the whole campaign - - - We are still eagerly desirous that our foreign brothers will continue with us in the Gospel work".(116) Die verhouding hier is egter van medewerkers, want die toestand is verby "where the missionary was chief and the Japanese a subordinate or assistant".(117)

(3) <u>Tambaram 1938.</u>

In 'n tyd van groot internasionale spanning vergader die derde Wêreldsendingkonferensie. Sjina en Japan verkeer alreeds onoffisieel in 'n staat van oorlog. Nege maande na die Konferensie breek die Tweede Wêreldoorlog uit. Tog vind Oosterling en Westerling, Duitser en Engelsman dit moontlik om as Christene rustig oor die dinge van die Koninkryk van God te konfereer.

Die aksentverskuiwing in die rigting van die Jong Kerke, wat alreeds by Jerusalem merkbaar was, is by Tambaram nog opmerkliker :

---

(113) Ibid., p.166. (114) Ibid., p.167. (115) Ibid., p.211.
(116) Ibid., p.65. (117) Ibid., p.169.

Reeds vergader die Konferensie in die Ooste (Indië) en is vir die eerste keer die afgevaardigdes van die Jong Kerke in die meerderheid.[118] Van groot belang was ook die bekwaamheid van hierdie afgevaardigdes en die rol wat hulle in die beraadslagings gespeel het : „These leaders were, on the average, quite the equal in native ability and training of the delegates from the occidental peoples. They took their full part in the discussions and in the formulation of policies. The young churches are increasingly giving evidence of vitality".[119]

„Te Tambaram was het zwaartepunt geheel naar de jonge Kerken verlegd".[120] Dit word verder geïllustreer deur die onderwerp van die Konferensie. By Edinburgh is die aandag gekonsentreer op „The Church in the Mission Field"[121] (die jong, ontwikkelende sendingkerk). By Jerusalem het hierdie Jong Kerke op gelyke voet as selfstandige liggame langs die Ou (Sendende) Kerke kom staan. Die besprekings het dus gegaan oor „The Relations between the Younger and Older Churches".[122] By Tambaram word die Jong Kerke gesien as dele van die universele Christelike gemeenskap ; die Kerk van Christus staan oral op die wêreld geplant. Die tema van die Konferensie is dus nie meer die „Sending" in sy geykte betekenis nie, maar „the Church considered in its widest meaning".[123] Die onderdeel wat die verhouding van Jong en Ou Kerk raak, kry die titel „The Growing Church".[124] Die taak van die Ou Kerke is om die groei van die Kerk, veral by die Jong Kerke, te help bevorder. Die besef van 'n ekumeniese verbondenheid kom sterk na vore. „No longer may we think of the 'Christian' West sending the light to the 'heathen' East. There is eastern Christianity and there is western heathenism".[125] Die toekomstaak word gesien as een van onderlinge hulpbetoon : „The numerically and financially stronger churches of certain lands offer their reinforcement to the numerically

---

(118) Vgl. Latourette en Hogg, s.j., p.54. Ook Berkhof, 1950, p.322.
(119) Latourette, 1939, p.489.
(120) Baron van Boetzelaer van Asperen en Dubbeldam, 1948, p.338.
(121) Vol.II van die Verslag van Edinburgh 1910.
(122) Vol. III van die Verslag van Jerusalem 1928.
(123) Vol.II van die Verslag van Tambaram 1938, p.V.
(124) Vol.II van die Verslag van Tambaram 1938.
(125) Phillips, 1939, p.175.

and financially weaker churches of certain other lands, in order that the Church may spread the light of the Gospel in surrounding darkness".(126)

In die periode voor Tambaram was daar 'n „devolution of authority from the mission, which represents the church of the sending country, to the church which has grown out of its labours - - - The transitional period, which cannot but be lengthy, makes large demands for patience and wisdom upon 'nationals' (127) and missionaries alike".(128)

In verband met sendingwerk kom daar 'n nuwe visie by Tambaram : Daar word besef dat die kerstening van die wêreld alleen kan geskied deur 'n gesamentlike poging van Ou en Jong Kerk. Die vorige sendingwerk produseer die Jong Kerke ; nou kersten Ou en Jong Kerk die oorblywende nie-Christelike volkere in „gelijkwaardig samenwerken".(129)

In hierdie veranderde omstandighede en verhoudinge kom die terminologie van Jerusalem ook ter sprake en „Men heeft te Madras dan ook een einde gemaakt aan de verwarrende onderscheiding tusschen 'jonge' en 'oude' kerken - - - De grondtoon van deze geheele conferentie was deze : De Christelijke Kerk staat over de geheele wereld in een niet-Christelijke omgeving".(130) Nortier verklaar hiervan : „De onderscheiding tusschen Oude en Jonge Kerken - - - die ongewild toch associasies van superioriteit en minoriteit oproept, werd hiermede als onjuist, bovendien ook onbijbelsch verklaard".(131)

Opmerklik is dit dat, tenspyte van die selfstandigheid van die Kerke op die sendingvelde en die veranderde verhouding tussen Sending en Kerk, sendelinge nog steeds nodig bly. „The younger churches, exposed to the disintegrating influences of contemporary life and confronting unprecedented opportunities, urgently call for reinforcement of an increased number of missionaries from overseas".(132) Sy status is egter nie meer dié van heerser oor die inheemse Kerk nie, maar as

---

(126) Ibid., p.175.

(127) Te onderskei van „nationaliste".

(128) Phillips, 1939, p.177.

(129) Kooyman, 1939, p.24.

(130) Ibid., p.26.

(131) Nortier, 1941, p.24. Tenspyte hiervan word dit tog nog in die Sendingwetenskap gebesig as 'n nuttige term vir onderskeiding.

(132) Verslag Tambaram, Vol.IV, p.251.

„a colleague of the leaders of the indigenous church".(133)

Onder hierdie omstandighede is dit begryplik dat die Konferensie besondere aandag aan die opleiding van inheemse werkkragte en kerkleiers skenk. Drie tipes opleidingsinrigtings word in die vooruitsig gestel :-

(i) Bybelskole („Bible Schools"), waar lekewerkkragte (nie-geordendes) vir die Jong Kerk opgelei word : evangeliste, kolporteurs, ens.

(ii) Teologiese Skole („Theological Schools") vir die opleiding van predikante vir die inheemse Kerk. Opleiding geskied hier in die moedertaal : „De predikanten moeten hun Bijbel bestuderen in de inheemsche taal, omdat het van uitnemende belang is, dat zij daarin leeren denken, schrijven en spreken - - - De theologische school moet dan ook zeer nauw verbonden zijn aan het kerkelijk leven".(134)

(iii) Teologiese Kolleges. („Theological Colleges").

Vir verdere ontwikkelde teoloë : „De Kerken zullen ook theologische leiders moeten bezitten, die zelfstandig theologisch onderzoek kunnen verrichten - - - om de volle geestelijke vrijheid en zelfstandigheid der Kerken te waarborgen".(135) Hierdie opleiding moet op universitêre peil wees en liefs verbonde aan 'n universiteit as 'n teologiese fakulteit daarvan. Hierin sal Kerke moet saamwerk. Leerlinge hier sal kennis van Hebreeus en Grieks moet besit en ook bekwaam wees om naslaanwerke in ander tale te kan bestudeer (Bv. Engels en Duits).

(4) Whitby 1947.

Hierdie byeenkoms te Whitby, in Kanada, was nie, soos Jerusalem en Tambaram, 'n vergadering van die Internasionale Sendingraad nie, maar wel 'n vergrote vergadering van die Komitee van die Raad. Met 32 persent van die lede van die vergadering afkomstig van die Jong Kerke, was Whitby meer verteenwoordigend van hierdie Kerke as Jerusalem, maar minder as Tambaram.

---

(133) Ibid., p.251.

(134) Kooyman, 1939, p.34.

Tambaram verklaar : „The vernacular should be the medium of instruction - - It is specially necessary that students should constantly read and study the Bible in the vernacular" : „The World Mission of the Church". London 1939, p.81.

(135) Enklaar, 1952, p.9.

Doel van die byeenkoms was om na die ontwrigting van die Tweede Wêreldoorlog weer kontak met die Kerk oor die wêreld heen te maak, asook 'n „re-examination of fundamental missionary principles and policy".(136) Dit wou egter geen herhaling van Tambaram wees nie. „It was planned on the assumption that most of the tactical findings of Tambaram are still sound and relevant, and that the main task of Whitby was to seek fresh insight on the broad strategy of the missionary task in our sadly shattered world".(137)

By vorige byeenkomste was daar al baie warm diskussies oor die verhouding van Ou tot Jong Kerk. Whitby moes nou leiding gee, nie oor die vraag van die selfstandigheid van die Jong Kerk nie - hieroor is al vroeër eenstemmigheid bereik - maar oor die gevolge van selfstandigheid : finansiële steun aan die Jong Kerk, die plek van die sendeling, voortsetting van die sendingwerk, ens.

Sonder om oorleg te pleeg, het die verteenwoordigers van die Ou en Jong Kerke apart vergader. In hulle verslae aan die Konferensie was daar egter 'n opmerklike en verblydende ooreenstemming op alle punte rakende die moeilike en delikate vraagstuk van die verhouding tussen Jong en Ou Kerk. Die Kerke sien hulle as gelykwaardige vennote. Maar dan ook vennote (medewerkers) ter uitvoering van die groot opdrag van die Here tot wêreldevangelisasie. Vandaar die gevleuelde doelstelling van Whitby : „Partners in Obedience".

In verband met die selfstandigheid van die Jong Kerk besluit Whitby : „We desire that they (die Jong Kerke - J.M.C.) will now put away once for all every thwarting sense of dependence on the older churches and that they will take their stand firmly on the true ground of absolute spiritual equality and of their right to manage their own affairs".(138) Aan Sendingkommissies verduidelik die vergadering dat „the service they are called to render as the younger churches grow to maturity, is somewhat different from that so ably given in a period of missionary development which, in many parts of the world, is now past".

(136) Ranson, 1948, p.6.

(137) Ibid., p. 6 - 7. Vgl. ook S.C. van Randwijck, 1940, „Medewerkers in Gehoorzaamheid", Amsterdam.

(138) Ranson, 1948, p.175.

en dring aan daarop dat die „period of tutelage" van 'n Jong Kerk so kort as moontlik sal wees. „As soon as the new church is well and firmly rooted in Christ, leadership must pass from the hands of the missionary to those of leaders in the local Christian community".(139)

Die opleiding en ontwikkeling van inheemse kerkleiers word van uiterste belang geag : „Among all the tasks to which, in partnership, the younger and older churches are called to put their hands, absolute primacy must be accorded to the training in the younger churches of leaders fully equipped to bear the heaviest burdens".(140)

In verband met die benaming „Ou en Jong Kerke" besluit Whitby : „Though we continue to use for convenience the familiar terms 'older' and 'younger' churches, we recognize that the distinction is largely obsolete".(141) Blauw sien hierdie besluit as die uitdrukking van „gelijkgerechtigdheid van ‚oude' en ‚jonge' kerken, wier verhouding wordt gezien als : ‚partners in obedience'. Hiermede (werd de) laatste rest van bevoogding en suprematie door het Westen (althans principieel) terzijde gesteld".(142) Ou en Jong Kerk het Susterkerke geword.

(5) Willingen 1952.

Die volgende sendingkonferensie, waaraan aandag gewy moet word, is dié gehou te Willingen (Duitsland) in 1952. Netsoos Whitby was dit ook 'n vergadering van die vergrote Komitee van die Internasionale Sendingraad en is bygewoon deur 190 afgevaardigdes en adviseurs uit vrywel die hele wêreld, behalwe Sjina en die Slawiese lande van Europa.

By Whitby was Ou en Jong Kerke aan beide kante ten volle bewus van hul gelykheid. As gelyke vennote sou hulle die oorgeblewe deel van die wêreldkerstening aanpak. Hierdie samewerking moes nou prakties verwesenlik word. Eers sou die metodiek instudeer word, om dan op die volgende vergadering verder bepaal te word. Dit sou dan by Willingen, 5 jaar later, gebeur.

Dr. Blauw vind die resultaat ietwat teleurstellend : „Er is meer geneuried dan gezongen en veel verder dan de eerste regel van het lied is men ook niet gekomen".(143)

---

(139) Ibid., p.176. (140) Ibid., p.178. (141) Ibid., p.174.
(142) Blauw, 1949, p.8. (143) Blauw, 1952 (a), p.297.

Tog het die Konferensie probeer om van homself rekenskap te gee na aanleiding van die konferensietema : „The Missionary Obligation of the Church". In verband met die voortsetting van die sendingwerk verklaar die vergadering : „The younger churches now appear as free partners in the Christian enterprise, with their own missionary efforts and ecumenical relationships. Real partnership in obedience between younger and older churches is unceasingly manifest".(144)

Oor die terme „sending" en „kerk" oordeel die Konferensie : „We should cease to speak of 'missions and churches' and avoid this dichotomy not only in our thinking but also in our actions. We should now speak about the mission of the church - - - As Dr. Hendrik Kraemer has said, where there is a group of baptized Christians, there is the Church".(145)

Die gedagte van die Christelike Kerk, wat oor die wêreld heen geplant is, bring die moontlikheid en noodsaaklikheid van hulp van die Jong Kerk aan die Ou Kerk ook na vore. So is in 1932 bv. 'n Indiese biskop met 'n groep Indiese Christene na Brittanje gebring, 'n land waar almeer gespreek word van die „post Christian era"(146) wat ingetree het, om in die groot afval van die Christelike Kerk met evangelisasiewerk behulpsaam te wees.

„There is no longer a Church which sends and peoples who receive ; there is an interchange between Churches in the west and the east", verklaar Shillito.(147)

(6) Ghana 1957.

Vanaf 28 Desember 1957 tot 8 Januarie 1958 vergader tussen 140 en 160 deelnemers, verteenwoordigende 38 lande, in die staat Ghana, wat kort tevore sy staatkundige onafhanklikheid verkry het.

Die tema van die konferensie was „Die Christelike Sending in hierdie tyd". Hiervolgens is behandel onderwerpe soos : Samewerking tussen kerke, predikantsopleiding, nuwe vorms van sendingwerk, interkerk-

---

(144) The Missionary Obligation of the Church, Londen 1952, p.26.

(145) Ibid., p.40.

(146) Vgl. Ook die boek van Maisie Ward : „France Pagan ?", London 1949.

(147) 1932, p.9.

like hulpverlening, die plek en die taak van die sendeling en die vraag: Wat beteken „deelgenootskap in verantwoordelikheid" ? By die bespreking is na nuwe weë gesoek waarin die laaste opdrag van Christus (Mat.28 : 19) gehoorsaam kan word.(147a)

Vir die doel van hierdie verhandeling is die volgende van belang :

(a) Die gesprek tussen die Ou (Sendende) Kerke van die Weste en die Jong Kerke van die Ooste met betrekking tot die voortsetting van die sendingtaak. Reeds by Whitby (1947) is hierdie taak aanvaar as die gesamentlike verantwoordelikheid van Ou en Jong Kerk („Partners in Obedience"). In die praktyk gaan dit egter nog nie so vlot nie. Van die kant van die Ou kerk is daar die gevoel dat daar te veel beperking op hul aandeel aan die werk is : Die werkterrein word beperk (Vgl. Sjina wat vir die Westerse Sending gesluit is). Ook die verantwoordelikheid vir die werk rus in die praktyk grotendeels by die Jong Kerk, wat meermale sy groot roeping nog nie reg besef nie. Daarom voel die Westerse sendeling hom dikwels gefrustreerd onder sulke omstandighede, waar hy nog as sendeling sy deel binne die Jong Kerk moet bydra.

Van die kant van die Jong Kerk word die volgende hindernisse op die pad van die verlangde vennootskap genoem : (1) Die gedurige neiging tot selfhandhawing van die kant van die Ou Kerk en sy verteenwoordigers. (2) Die Ou Kerk wil maar te graag onafhanklik met die Sendingwerk voortgaan binne die gebied van 'n Jong Kerk, sonder om die selfstandigheid van die Jong Kerk genoegsaam in ag te neem. Met ander woorde sonder om saam met die Jong Kerk te werk. (3) Die totale terugtrekking van Westerse Sendelinge wanneer 'n land deur Kommuniste of Japanese in besit geneem word, laat die inheemse Christene verwese agter en maak 'n verkeerde indruk by die nie-christelike publiek. (4) „De zendelingen moeten de Indonesiërs stimuleren en voorbereiden tot het werk en het dus niét zelf voor hen doen. Gedurende de Japanse bezetting hebben de Indonesische Kerken ervaren wat er gebeurt met de door zendelingen opgezette arbeid, wanneer zij gedwongen zijn deze te verlaten. Zij willen deze tragedie niet herhaald zien".(147b)

---

(147a) Vgl. „Naar nieuwe wegen van Gehoorzaamheid", 1958, van Randwijck en Blauw.

(147b) Ibid., p.24.

Dit was by Ghana weereens duidelik dat die Jong Kerke as volle selfstandige liggame saam met die Ou Kerke wil optree.

(b) Die besluit van die vergadering van die Internasionale Sendingraad in Ghana, met 58 teen 7 stemme, om hierdie Raad saam te smelt met die Wêreldraad van Kerke. In die Internasionale Sendingraad was die onderskeiding tussen Ou Kerk en Jong Kerk (die vrug van die sendingarbeid van die Ou Kerk) steeds daar. „Zien wij het goed, dan is de begeerte, vooral der Aziatische en der Amerikaanse Kerken dat allen in dit opzicht in de oecumenische beweging een gelijke positie zullen innemen".(147c) In die Wêreldraad van Kerke sou die Jong Kerke as outonome eenhede op gelyke voet langs die ouere Christelike Kerke te staan kom en met hulle saamwerk in gehoorsaamheid aan Christus.

In die groot internasionale sending-konferensies van die afgelope halfeeu staan afgeteken die ontwikkeling van die sendingwerk vanaf sy vroegste stadium totdat die resultaat geword het 'n volwaardige, selfstandige Kerk, wat in gelyke status langs die Ou (Sendende) Kerk te staan gekom het as outonome susterkerk. Waar in hierdie ontwikkelingsgang staan die sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en by name die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië ?

G.F. Vicedom sien in die sendingwerk 3 stadiums, t.w. :

„(1) Pionierstadium,

(2) Gemeindegründung,

(3) Dienst an der jungen Kirche".(148)

In hoofstuk 3 word bepaal waar in hierdie ontwikkelingsgang die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië hom bevind. Eers moet egter in hoofstuk 2 nagegaan word hoe sommige van die outonome Jong Kerke, wat by die Wêreldsendingkonferensies as gelyke vennote van die Ou Kerke te staan gekom het, in die praktyk tot selfstandigheid gekom het.

(d) Volgens die Staat.

Dit is van belang om by wyse van vergelyking daarop te wys dat ook die Staat daartoe kom om 'n Kerk, op 'n sekere stadium in sy ontwikkelingsgang, as selfstandig te erken. Dit is van besondere belang

(147c) Ibid., p.41.
(148) 1951, p.129.

in Suid-Afrika, waar die getal separatistiese kerke al heelwat meer as duisend beloop. Hoewel Noord-Rhodesië tot dusver weinig las van die probleem van sulke splinterkerke gehad het, moet dit in die toekoms verwag word dat die separatisme daar ook sal groei.

Die Christelike Kerk en die Staat verskil egter baie in die norme wat aangewend word vir die selfstandigheid van 'n Jong Kerk. Vir die Kerk is hierdie selfstandigheid 'n geestelike saak, gegrond op die Skrif en die Gereformeerde Kerkreg. In die Unie van Suid-Afrika het die Staat die volgende vereistes vir die erkenning van 'n kerk as selfstandige eenheid gestel :

"1. Age : As a rule no church should be recognized until it has had a separate and continuous existence for ten years and only then if it is a healthy organization with a constitution, schools, buildings and other signs of growth.

"2. Size : During the course of its existence the movement should have spread so that there should be at least six congregations each with its regular meeting place.

"3. Training and Qualification of Ministers" :

As a rule no minister should be recommended for a licence who has not passed Standard VI or some equivalent educational test and who has in addition two or three years of special training for the work of a minister.

"4. Ethical Standing of Ministers and Members" :

The church must be conducted in accordance with the ordinarily accepted standards of ethical conduct and the ministers should be suitable for the exercise of the civil functions of their office".(149)

Hier word nie direk teruggegryp na die Skrif en die Kerkreg nie. Die norme wat aangewend word, is van praktiese en etiese aard.

Volgens bostaande vereistes is beswaarlik een persent van die bestaande separatistiese kerke in Suid-Afrika deur die Staat as selfstandige kerke erken.(150) Sundkler gee hul getal aan as agt.(151)

---

(149) Soos aangehaal by Sundkler, 1948, p.74.

(150) Ibid., p.79.

(151) Ibid., p.337.

Die voorregte wat in die Unie van Suid-Afrika volg op die erkenning van 'n Kerk deur die Staat, is die volgende : „The possibility of acquiring sites for church and school premises in Native Reserves ; the appointment of its ministers as Marriage Officers ; the granting of concessions on the railways to its ministers".(152)

(152) Ibid., p.77.

# HOOFSTUK 2.

## VOORBEELDE VAN TOTSTANDKOMING VAN SELFSTANDIGE JONG KERKE.

In sy geskiedenis van die Christelike Sending meld Glover : „True missionary vision looks beyond the work of the foreign missionary force to a firmly planted indigenous church - - - Progress toward this goal was never before as encouraging as it is to-day".(1)

Metodes wat deur die verskillende Kerke en Sendinggenootskappe aangewend is om hierdie doel te bereik, toon egter aanmerklike verskil.

Van Roomse kant word verklaar : „Where ever there is a native clergy, adequate in numbers and training and worthy of its calling, there the missionary's work may be considered to have been brought to a happy end, there the Church is founded".(2) Maar dan is dit die Rooms-Katolieke Kerk. Want met sy eksklusiewe extra ecclesiam salus nulla verkondig Rome sy „pretentie : de enige door God gewilde godsdienst te zijn".(3) Op die vraag wanneer vir die Roomse sending die „Zeitpunkt des Rücktritts" aangebreek het, antwoord Schomerus : „Sobald sich eine fest organisierte Kirche mit einem geordneten Klerus, mit dem Papste als dem Oberhaupte, dem das Volk gehorsam ist, mit ganz bestimmten Ordnungen und Dogmen gebildet hat".(4)

Hier is dit dus geen geval van ware, selfstandige Jong Kerk nie : alleen maar 'n tak van die universele Kerk van Rome, steeds onder-

---

(1) 1939, p.358.

(2) Attwater, s.j. p.74.

(3) van Winsen, 1954, p.87.

(4) 1935, p.112 - 113.

horig aan die Pous as Hoof daarvan.

Mulders lê wel klem op die inheemsheid van die Jong Kerk : „De oprichting van een inheemse hiërarchie in de missie-landen is, nog meer dan de opleiding van een inheemse clerus, de vrucht van het missiewerk der laatste decennia".[4a] Maar dit bly nog 'n Kerk wat onderhorig aan Rome is en wat dus aanmerklik verskil van die selfstandige Jong Kerk wat Protestante beoog.

Liewers wil ons dus nagaan hoe die proses van selfstandigwording by Protestantse sendinge plaasgevind het, veral by dié van Kerke wat deur belydenis en organisasie digby die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan. As eerste voorbeeld word geneem :

(a) Die Sending van die Gereformeerde Kerk van Nederland.

Van hierdie Sending meld Kraemer : „Wij bezitten in de Gereformeerde Kerken in Nederland een voorbeeld van goed-doordachte, krachtig-uitgevoerde kerkelijke Zending".[5]

Dit kon die geval wees omdat daar voor die begin van sendingwerk deur die Gereformeerde Kerk, eers grondige besinning oor die beleid en metode van die werk was. Tussen 1861 en 1899 gaan die sendingwerk van die Gereformeerdes nog uit van die „Nederlandsche Gereformeerde Zendingsvereniging". Daarna, in 1900, kom daar „een nieuwe koers" in die Gereformeerde Sending. Voortaan sou dit van die Kerk, en nie van 'n sendingvereniging binne die Kerk, uitgaan nie. Ook word daar vooraf 'n beeld gevorm van hoe die werk moes gedoen word. Sodoende kon foute van andere ook vermy word. Immers, dit is moeilik om 'n gevestigde beleid te verander, al word dit later vasgestel dat dit prinsipiële onjuisthede bevat.

„Het ideaal van onze Zending is de stichting van een zelfstandige Javaansche Gemeente", so word verklaar.[6] Die weg waarlangs hierdie ideaal verwesenlik sou word, sou dié van die Skrif en die Gereformeerde Kerkreg wees. Reeds in 1890 het A. Kuyper in Amsterdam

---

(4a) 1957, p.458.
(5) 1936, p.3.
(6) D. Bakker, 1923, p.353.

sy magistrale rede oor die Sending.[7] Ook op die gebied van die Sending kan van hom geseë word wat Waterink van hom t.o.v. die metode vir die Amptelike Vakke meedeel : „De grootmeester der gereformeerde theologie uit de laatste eeuw (is) zijn tijd vooruit geweest".[8] Die sending van die Gereformeerde Kerke word dus ingerig, onder invloed van Kuyper, volgens die volgende besluit van die Sinode van Middelburg 1896 : „Overmits elke plaatselijke Kerk, ook op Java, in zich zelve compleet is, en rechtstreeks onder Koning Jezus staat, mag de zendende kerk, als moederkerk, zulk een kerk op Java wel steunen en raden, maar zich nooit eenige autoriteit over haar aanmatigen. De Javaansche Kerk is met ons gecoördineerd, niet aan ons gesubordineerd".[9]

Die Sending staan dus vierkant op die Gereformeerde Kerkreg : „Onze gereformeerd kerkrecht gaat van bepaalde beginselen uit, die ook op het zendingsterrein worden toegepast."[10] Volgens Artikel 84 van die Kerkorde van Dordt sou „geen Kerk oor 'n ander Kerk heers nie."

---

(7) Hierdie prinsipiële referaat oor die Sending het Kuyper gehou op 'n Sendingkongres. In hoofsaak word die inhoud daarvan tot vandag in die Gereformeerde Sending aanvaar. Hy het die referaat gehou in die vorm van 27 stellings met die nodige toeligting daarby :

(a) Stellinge I - VIII was die dogmatiese waarin hy probeer om „de verstandhouding op te sporen, waarin de Zending staat tot het Eeuwige Wezen".

(b) Stellinge IX - XVII handel oor „de Zending in praegnanten zin, d.i. onder nog ongedoopten".

(c) Stellinge XVIII - XXII is die metodologiese en behels o.a. die volgende stelling (XVIII) : „De zending onder de Heidenen en Mahomedanen moet zich - - - richten naar den bijzonderen aard van het volk - - - en voorts aan de Belijdenis van den Christus volkomen vrijheid laten, om, zoodra ze tot eigen Kerkenformatie leidde, dien eigenaardige vorm aan te nemen, die bij de bestaanswijze van zulk een volk past". (ii) „Het recht en de plicht tot zending rust in elke plaatselijke Kerk", hoewel samewerking hierin gewens is.

(d) Die laaste groep stellings (XXIII - XXVII) handel oor die amp van die sendeling en sy verhouding tot die Sendende Kerk en Jong Kerk.

Hierdie rede van Kuyper is opgeneem in „Historisch Document", Utrecht 1940.

(8) 1923, p.125. (9) „Historisch Document", p.37.

(10) D. Bakker, 1924, p.98.

Die sendingbeleid gaan dus uit van die beginsel van die vryheid en selfstandigheid van die plaaslike kerk. Van die Gereformeerde Sending op Soemba word vermeld : „Bij gemeentevorming geschiedt dit naar Gereformeerd Kerkrecht - - .- De zelfstandigheid van de plaatselijke Kerk, met eigen predikant en Kerkeraad, niet onderworpen aan een verafwonend Kerkbestuur, is in overeenstemming met Gods Woord, maar ook met 't karakter van de Soembaneesche Maatschappij.(11) F.L. Bakker meld : „De nieuwe kerken, die hier ontstaan, zijn ingericht volgens het presbyteriale systeem van kerkregeering".(12)

Hoe het dit met hierdie beleid, Skriftuurlik en Kerkregtelik so suiwer opgestel, in die praktyk gevaar ? Gilhuis verklaar hieroor : „Dat de practijk zwak kan zijn bij een sterke theorie, kwam daar in die jaren wel aan het licht".(13) Daar was remmende faktore : (i) Die terughoudendheid van die Kerk tuis : „Principe van Kerkinstituering en doorvoering daarvan in de practijk, lagen voor het thuisfront niet onmiddelijk in elkanders verlengde - - - Men had voor de Pandita Djawa(14) weinig aandacht".(15) (ii) By die inheemse gemeente was daar ook 'n traagheid, 'n wydverspreide oortuiging van eie onmag, om volle verantwoordelikheid te aanvaar. Tog was daar soveel vordering dat na 30 jaar die eerste Sinode byeen kon kom. „Op 17 en 18 Februarie 1931 was de eerste Synode van de Midden-Javaanse Kerken in Keboemen bijeen gekomen, uitsluitend samengesteld uit afgevaardigden van de diverse classes, met een moderamen, dat gevormd werd door twee Javaanse predikanten (praeses en scriba) met een Javaanse ouderling (als assessor), terwijl de aanwezige missionaire predikanten geen stemrecht hadden".(16)

In die praktyk egter was „deze kerkelijke zelfstandigheid een veelal-langzaamrijpende vrucht op den zendingsakker".(17) Die Gereformeerde Sending handel nie te haastig met die instelling van die ampte nie, veral nie die leraarsamp nie. In die ontwikkelingsgeskiedenis kan die

---

(11) Lambooy, 1932, p.19. (12) 1936, p.225.
(13) 1955, p.175. (14) Inheemse leraar.
(15) Gilhuis, 1955, p.174. (16) Ibid., p.175.
(17) van Andel, 1934, p.578.

volgende stadiums onderskei word :-

(i) Die pionierstadium, waar die sendeling die Woord begin verkondig en alles self beheer.

(ii) Instelling van 'n Kerkraad. Dit geskied wanneer daar 'n taamlike groot groep lidmate is, wat verlang om 'n gemeente te vorm. Ook moet tussen hulle gelowige manne gevind word, „bekwaam en bereid tot het dienen in het ambt. Elke kring van geloovigen, die aan deze vereischten voldoet, worde als eigen Kerk geïnstitueerd".[18] Gewoonlik het so 'n gemeente nog nie sy eie inheemse leraar nie. In sulke gevalle tree die sendeling op as Konsulent om die amptelike pligte te vervul.

(iii) Wanneer die gemeente „echter een eigen predikant verkregen zal hebben, zal zij als een volledige, zelfstandige Kerk zijn aan te merken. Zij regeere zichzelve onder leiding van haar eigen ambtsdragers".[19] „Zoodra de drie ambten zijn ingesteld kunnen de geïnstitueerde Javaanse Kerken hun eigen zaken gaan behandelen".[20] Nou is die institusering geheel volledig gemaak. Die sendeling is nou adviseur en nie meer leraar van die gemeente nie. „De rollen zijn nu verwisseld. Was tot nog toe de moederkerk in haar gezonden dienaar de beslissende en de verantwoordelijke persoon, nu is het de jonge Kerk zelve. . . . Thans draagt de bemoeienis van de moederkerk een adviserend karakter . . In werklijkheid kan de moederkerk in haar gezonden dienaar nergens meer een veto doen hooren of een gebod uitvaardigen".[21]

(iv) Die laaste stadium in hierdie ontwikkeling word bereik wanneer die nodige verband tussen die verskillende plaaslike Kerke totstandkom in die vorm van Ringe en 'n Sinode. Eers is daar 'n „voorlopige Classis"[22] in die lewe geroep, waar afgevaardigdes van gemeentes, tesame met evangeliste en sendelinge oor kerklike belange beraadslaag het.[23] Dit was egter 'n tydelike reëling, wat vervang is deur die

---

(18) Ibid., p.9. (19) Ibid., p.9.

(20) Gilhuis, 1955, p.174. (21) W. van Dijk, 1935, p.368.

(22) Widenga, 1949, p.288.

(23) 'n Liggaam dus wat ooreenkom met die o.g. „Gemeenteraad" in die Sendingvelde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

saamroeping van die eerste Sinode (Op Java in 1931 ; op Soemba in 1947). Soos reeds gemeld het die Moderatuur van die Sinode van meet af aan uit inheemse kerkleiers bestaan. Sodoende is „de missionaire predikanten van leidende voogden vriendelijke raadgevers geworden".[24]

I.v.m. finansiële steun aan die jong, selfstandige Kerk word besluit om dit te verskaf „als aan hulpbehoevende Kerken en steeds in den vorm van afnemende steun",[25] om hul eie aktiwiteit daardeur te prikkel. „Nimmer worde voor dat geld eenige geestelijke invloed gekocht".[26]

I.v.m. die beroepstelsel lui dit as volg in die „Kerkordening van de Kerk op Midde-Java ten Zuiden": „De gemeente verkiest één van de Christenen tot leeraar met advies en onder leiding van de kerkeraad. Verkiesbaar tot dit ambt zijn mannelijke lidmaten, die in den regel in het bezit moeten zijn van het einddiploma van de opleidingsschool voor dienaren des Woords en die geschikt gebleken zijn".[27] Van Dijk meld : „De Inheemsche predikanten worden door de Kerken zelf beroepen".[28] Hierdie inboorlingleraar word genoem „predikant van de Javaansche gemeente", met die titel „Ds." [29]

I.v.m. die praktiese uitvoering van die Gereformeerde sendingbeleid in Indonesië verklaar prof. J.H. Bavinck na jarelange ondervinding van die sendingwerk aldaar : „Toen de Kerken op Java nog zéér jong waren en uiterst zwak, hebben wij geen ogenblik geaarzeld ze te erkennen als zelfstandige, gelijkwaardige Kerken - - - We hebben nooit met deze jonge Kerken gediscussieerd over de vraag of ze het konden of niet konden, we hebben rustig uit de Schrift haar voorgehouden dat ze het moesten, dat alzo Gods eis was ten aanzien van het kerkelijk leven - - - De jonge Kerken ontvingen haar zelfstandigheid niet uit onze hand maar uit Gods hand".[30] As resultaat meld hy : „Er kwamen so goed als geen moeilijkheden uit voort, omdat wij niet probeerden langs een achterdeur ons te verzekeren van den invloed dien wij door de voordeur hadden prijs gegeven, en omdat die jonge Kerken zelve haar zelfstandig-

---

(24) Pol, 1939, p.232.
(25) F.L. Bakker, 1936, p.231.
(26) van Andel, 1935, p.9.
(27) Art. 3 van die „Kerkordening". Uit die oorspronklike Javaans vertaal deur K. van Dijk, 1932, p.303.
(28) K. van Dijk, 1934, p.684.
(29) Sien Pol, 1939, p.231.
(30) 1948(a), p.28. Sien ook J.H. Bavinck, 1954, p.201.

heid niet op ons hadden behoeven te veroveren. Toen de Japanse bezetting kwam, hebben deze jonge Kerken den schok geheel zelf kunnen opvangen en ze zijn niet van haar plaats gegaan".(31)

Die Gereformeerde rigting in Nederland beskou die beginsels van die Skrif en die Gereformeerde Kerkreg as ook van krag op die sendingveld en pas dit toe op kerkvorming aldaar. Gevolglik is die selfstandigwording van 'n Jong Kerk by hulle 'n veel sneller proses en word baie van die spanning tussen Moederkerk en Jong Kerk, wat dikwels met die selfstandigwording gepaard gaan, vermy. Dié metode is egter deur 'n baie klein aantal kerke in hul sendingwerk gevolg.(32) Meeste Sendinge volg die rigting soos verteenwoordig deur die volgende Kerk, nl. :

(b) <u>Die Sending van die Nederlandsche Hervormde Kerk.</u>

Die sendingwerk van hierdie Kerk strek oor die Oostelike deel van Java, Wes-Java, die eiland Bali, Celebes en ander dele van Indonesië. Hierdie werk het oorspronklik van die Nederlandsche Zendingsgenootschap uitgegaan, wat in 1848 in Oos-Java begin werk het, maar is later deur die Nederlandsche Hervormde Kerk behartig.

„De Zending stuurde van meet af aan op zelfstandigmaking aan", so verklaar Nortier in sy geskiedenis van hierdie sending.(33) Met hierdie doel voor oë is evangeliste opgelei en 'n groep raadgewers uit die lidmate aangestel. Dit was egter die „patriargale" toestand, waarin die sendeling 'n oorheersende posisie beklee het : „He was the head ; perhaps I may say the brains, of the several local churches. He decided all things and took the initiative for everything - - - He was the chairman of the local church councils and he was the only ordained

---

(31) 1948(a), p.28-29. Kraemer maak ook die opmerking dat in baie Sendinge „men lang blind bleef voor het feit dat de overheerschende positie van den zendeling een verlammende uitwerking moest hebben op de kiemkracht van echte zelfstandigheid" (1937, p.50).

(32) Een hiervan is die „Christian Reformed Church" van Amerika. Hierdie Kerk se standpunt word as volg weergegee deur Rev. H.J. Evenhouse, sekretaris van die „Christian Reformed Board of Missions" (Brief d.d. 12 Okt. 1954) : „When a church has thus come into being there the true church of Christ exists and no amount of growth and development can make her more fully Church - - - They (d.i. Ou en Jong Kerk - J.M.C.) have become equals in dignity and authority. The former has no authority over the latter".

(33) 1939, p.167.

minister who was allowed to administer the sacraments. In short, the missionary was the pivot around which everything turned". So verklaar E.G. van Kekem oor hierdie Sending by Tambaram.[34] Later is in die gemeentes kerkrade ingestel, maar „bij al wat er omging, was de Zendeling de handelende persoon".[35]

Die Sending bevind hom ook temidde van 'n totaal vreemde en andersoortige volk, 'n milieu wat opgeroep word om die fondamente van sy primitiewe bestaan te wysig. Die 'n langsame proses. Die gevolg is dat daar stadig gevorder word met die beoogde selfstandigmaking van die Jong Kerk. Steeds word geargumenteer : „maar de tijd is nog steeds niet rijp tot het doen van dien beslissende stap".[36]

Dit het egter intussen wel duidelik geword dat daar met die oordrag van gesag en verantwoordelikheid aan die Jong Kerk meer haas moet gemaak word. „The Christian Javanese himself must come to the fore".[37] Hierdie besef is spoedig verlewendig deur die opkoms van nasionalisme onder die volkere in die Ooste, veral onder „de jongeren, waaronder in het bijzonder, zij, die westersch onderwijs hadden genoten in tegenstelling met de ouderen, die aanvankelijk niet mobiel te krijgen waren".[38] Hoewel die ontluikende nasionalisme veral op die politieke terrein tot uiting gekom het, as verset teen Westerse oorheersing, werk dit weldra deur na alle terreine van die lewe, ook op die kerklike. Dit „openbaarde zich op vele Zendingsvelden als heimelijke of openlijke kritiek op de bevoogdende positie der Zending. Zelfstandigheid werd een leuze, die groote wervende kracht ontwikkelde".[39] Daar begin 'n ander gees kom en die Sending word in die pers, met sy sterk anti-westerse tendens, van geestelike imperialisme beskuldig, omrede die bevoogdende posisie van die Sendeling en die Moederkerk.

Dit was 'n toestand wat besondere hoë eise van geduld en aanpassing aan die Sendeling gestel het. Die Sending het ook die verstandige weg gevolg om op alle besware en griewe van die mense geduldig en ernstig in te gaan. Dit het 'n gunstige uitwerking gehad. Dit was

---

(34) Verslag Tambaram 1938, Vol.II, p.113. (35) Nortier, 1939, p.169.
(36) Kraemer, 1937, p.49. (37) Verslag Tambaram, Vol.II, p.119.
(38) Nortier, 1939, p.169. (39) Kraemer, 1937, p.51.

egter spoedig duidelik dat „de tijd was aangebroken om door een daad van officieele zelfstandigheidsverklaring ondubbelzinnig aan te toonen, dat het der Zending volkomen ernst was met het stichten van zelfstandige Kerken".[40]

Sodoende word die gemeente van Modjowarno in 1923 selfstandig verklaar, waardeur „de geheele leiding van de gemeente in handen van den Kerkeraad" gegee is.[41] Die inheemse „Voorganger" van Modjowarno kry met die selfstandigheidsverklaring ook die reg om sakramente te bedien. Hy is dus volwaardige predikant van die gemeente.

Ook ander „Voorgangers" ontvang die reg tot sakramentsbediening en die sendeling ruim vir diesulkes plek in as voorsitter van die Kerkraad, terwyl die sendeling die vergadering as adviseur bywoon. Waar die sendeling vroeër self die finansies van 'n sendinggemeente beheer het, kies die Kerkraad nou 'n inheemse kassier.

Die groot noodsaaklikheid aan waarlik goed-opgeleide inheemse leraars word toe al dringender besef. In hul opleiding moet beoog word : „Verdieping van geestelijk leven en bekeering, die voert tot apostelschap - - - - vaardigheid in theologische kennis", asook praktiese evangelisasiewerk in die omgewing van die Teologiese Skool : „Leerlingen en docenten trokken te zamen er op uit, belegden evangelisatiesamenkomsten en oefenden zich te velde in de practische prediking".[42]

Gedurende 1928 besoek dr. Hendrik Kraemer die sendingvelde met die oog op selfstandigverklaring van die gemeentes in Oos-Java. Sommige gemeentes is gretig om los van die oorheersing van die Sending te wees. Andere weer is so diep onder die besef van hul eie onmag dat hulle die selfstandigheid as 'n groot las sien. Kraemer vind dan ook dat die Javane nie die Kerk en plaaslike gemeente as húlle belange beskou, waarvoor hulle teenoor God verantwoordelik is nie, maar wel as die Sending se belange. „De overheerschende positie van den Europeeschen Zendeling verhindert het ontwaken van het gevoel van eigen bezit, zelfs zonder dat men het zichzelf bewust is".[43]

Op aanbeveling van Kraemer word op 11 Desember 1931 die Sinode

---

(40) Nortier, 1942, p.5. (41) Nortier, 1939, p.180.
(42) Ibid., p.185 - 194. (43) Ibid., p.209.

van die Oos-Javaanse Kerk geïnstitueer. In die offisiële verklaring wat by die institueering daarvan oorhandig is, word o.a. verklaar : „Zoo is nu het oogenblik gekomen om aan de gemeenten de bevoegdheden over te dragen, die tot dusverre door de Zendelingen werden uitgeoefend. - - - In de regeling is de Madjelis Agoeng (44) de vergadering, die de hoogste macht uitoefent, daarom dragen wij de macht, die tot dusverre bij ons berustte, over aan de Madjelis Agoeng".(45)

Die Sendingraad („Conferentie van Zendelingen") het die reg om drie lede (d.w.s. blanke sendelinge) na die Sinodesitting as lede van die vergadering af te vaardig. Ook is bepaal dat die Voorsitter van die Sinode vireers 'n blanke sendeling sal wees en so was dit ook vanaf die begin daarvan in 1931 tot die blankes tydens die Tweede Wêreldoorlog geïnterneer is. Die ander lede van die moderamen was egter van meet af aan inboorlinge.

Van belang is verder :

(i) <u>Die beroepstelsel.</u> Saam met die selfstandigverklaring en institueering van 'n Sinode in Oos-Java word ook die beroepstelsel ingevoer. Want „een zelfstandige gemeente heeft het recht van beroep van een eigen Voorganger", so lui dit in die betrokke Kerkorde.(46) Maar dan word 'n selfstandige gemeente as volg omskryf in die Kerkorde : „Een zelfstandige gemeente is een gemeente, die zich zelf onderhoudt en het vermogen heeft getoond, haar bezittingen en inkomsten behoorlijk te beheeren".(47) Finansiële onafhanklikheid dien hier as norm vir kerklike selfstandigheid. Dit was nog 'n deurwerking van die standpunt van Venn, wat drie kriteria vir 'n selfstandige Jong Kerk gestel het, nl. selfonderhouding, selfuitbreiding en selfregering. Later het die stipulasie verval.(48)

(ii) <u>Verhouding Sinode tot Sendingraad.</u> Soos reeds gemeld het die Sendingraad die reg gehad om drie lede na die Sinode af te vaardig. Daarenteen „heeft de Madjelis Agoeng het recht, twee harer Javaansche leden af te vaardigen naar de Conferentie van Zendelingen om

(44) Dit is die Sinode. (45) By Nortier, 1939, p.215.
(46) By Nortier, 1939, p.219. (47) Ibid., p.219.
(48) Waar <u>K. van Dijk</u>, 1932, p.112 vv., handel oor „De Zelfstandigheidsverklaring der Oost-Javaansche Kerk", spreek hy bedenkinge uit oor hierdie Sinode as 'n „hoogere bestuur, een vaste college", wat die outonomie van die plaaslike Kerk aantas.

de eenheid van samenwerking van Christen gemeenten en Zending te versterken".[49] Hier is egter nou geen sprake meer van veto van mekaar se besluite nie.

(iii) Posisie van die Sendeling. Dit het totaal verander. Voorheen is hy deur die inlandse gemeente en -werkers veelal aangesien as werkgewer. Nou is hy medewerker. „Het oude Zendingstijdperk is voorbij, van de eerste ontginning, de eerste aanraking, het planten en nat maken. God heeft de wasdom gegeven, zodat Christus' Kerk openbaar is geworden. De oude zendeling mag met Johannes de Doper seggen : ‚zo is deze mijn blijdschap vervuld geworden ; Hij moet wassen, ik minder worden'. Want de bruid, de jonge Kerk, is voor de Bruidegom de Heer".[50]

Kraemer waarsku egter : „Men stelle zich dan ook vooral niet voor dat de zelfstandigmaking inhoudt een zich terugtrekken der zendelingen. Daarvoor zijn deze Kerken te jong en te onervaren".[51] Wat wel verander het, is die verhouding van die sendeling tot die inheemse Kerk. Hy is nie meer die werkgewer, die patriargale persoonlikheid in 'n oorheersende magsposisie nie, maar het geword 'n medewerker, wat adviseer, bemoedig en versterk.

Na 'n onafhanklikheid van sowat agt jaar was daar „a noticeable tendency, in contrast with the early years of independence, among the Javanese themselves to ask for more help - - - and guidance from the Mission", bevind van Kekem.[52] Tot vandag word sendelinge gevra deur die Jong Kerk in Indonesië. Maar dan nie as herders en leraars vir gemeentes nie (hulle het hul eie predikante), dog as dosente in die Teologiese Skool, vir literatuurvoorsiening, mediese werk, evangelisasiewerk en opvoeding en onderwys. Hul salaris kom uit Nederland en is ooreenstemmend met die gemiddelde traktement van 'n predikant in die vaderland. Daarbenewens ontvang die sendeling 'n spesiale toelae vir addisionele uitgawes verbonde aan die opvoeding van sy kinders en ander uitgawes, wat voortvloei uit sy verblyf in die vreemde.

---

(49) Nortier, 1939, p.224. (50) Hildering, s.j. en p., p.15.
(51) 1937, p.55.
(52) Verslag Tambaram 1938, Vol.II, p.123.

Die stipulasie van 'n blanke sendeling as Moderator van die Sinode het met die oorlog verval en is nie herhaal nie. Die Jong Kerk was in der waarheid selfstandig. „Er kan niet genoeg op worden gewezen, dat de missio-centrische tijd voorbij is en nu ecclesia-centrisch gedacht en gehandeld moet worden".(53)

Dis duidelik dat die praktyk van die Nederlandsche Hervormde Sending op sommige belangrike punte t.o.v. die selfstandigheid van die Jong Kerk van dié van die Sending van die Gereformeerde Kerk verskil :

(i) By die Gereformeerde Sending was daar 'n vooraf opgestelde beleid, gegrond op die Skrif en die Gereformeerde Kerkreg, i.v.m. die status van die Jong Kerk. Die Hervormde Sending het wel 'n selfstandige Jong Kerk as doelwit aanvaar, maar die weg daartoe was nie so duidelik afgebaken nie. Algaande moes die weg gesoek word.

(ii) Wanneer die Gereformeerde Sending 'n gemeente met sy ampsdraers gestig het, is die gemeente as 'n selfstandige plaaslike Kerk beskou. Het die gemeente nog nie sy eie inlandse predikant nie, dan het die Sendeling die ampspligte waargeneem, maar dan in die hoedanigheid van 'n Konsulent. In die Hervormde Sending het die Sendeling „de handelende persoon" gebly, selfs nadat Kerkrade al institueer is.(54)

(iii) By die institueering van 'n Sinode in die Gereformeerde Sending het die hele Moderamen uit inboorlinge bestaan. Die Hervormde Sending daarenteë het dit nodig geag dat die Voorsitter van die Sinode vireers 'n blanke sendeling moet wees. In hierdie verband meld Brouwer en Bavinck dat van die eerste Sinodes in Indonesië (Nederlandsche Hervormde, Rynse en Gereformeerde Sending) „alleen de Synode van de Kerk van Midden Java ten Zuiden (die Gereformeerde Sending - J.M.C.) als eerste Voorzitter koos een der Javaanse predikanten".(55)

(iv) In die Gereformeerde Sending het die Sendeling geen stemreg in die Sinode nie. By die Hervormde Sending kon die Sendingraad (voor die Oorlog) drie Sendelinge afvaardig as lede van die Sinode.

(v) Die selfstandigheid van 'n gemeente is by die Gereformeerde Sending nooit van sy finansiële daadkragtigheid afhanklik gestel nie.

---

(53) „Zending in Indonesië", Verslag Sending-Konferensie in Batavia Augustus 1946, Den Haag 1946, p.37.
(54) Sien Nortier, 1939, p.169. (55) Brouwer en Bavinck, 1951, p.13.

Tot watter mate die praktyk van die Sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ooreenkoms toon met die praktyk van die Gereformeerde Kerk van Nederland en die Nederlandsche Hervormde Kerk sal in die volgende hoofstuk aangetoon word. Eers is dit nodig om die wyse van selfstandigwording van Jong Kerke by nog 'n paar belangrike Sendinge na te gaan.

(e) Die Duitse Sending.

Die Wêreldsending-Konferensie te Edinburgh in 1910 het hom as volg oor die vastelandse kerke uitgelaat : „In marked contrast with the Congregational system stands that characteristic of the missions of the Evangelical Churches of Germany, Scandinavia, and other continental countries. With these missions it is customary for the congregations in the mission field to be under strong control. The controlling power is ultimately that of the home ecclesiastical authority, which delegates powers on a large scale to a missionary authority at home, and this in turn directs an ecclesiastical authority in the mission field, by which the congregations are ruled - - - - The missionary in a locality, under the name of the District Senior, holds the reins in his hands, and makes things move".[56] Of : „The mission at home deals directly with the missionaries' Conference on the field. The Conference - - - decides upon the main lines whereupon the Native Churches will be organised".[57]

Wat die Duitse Sendinge betref, was daar meermale al 'n „Kirchenordnung"[58] gereed vir toepassing sodra die Jong Kerk tot selfstandigheid gekom het. Die ontwikkeling daartoe was egter langsaam, omdat die Sending dikwels 'n hoogontwikkelde ideaal vir 'n Kerkkonstitusie voor oë gehad het. Die Jong Kerk moes eers ontwikkel tot die peil van die Sondende Kerk en dan sou dit selfstandigheid ontvang, tesame met erkenning as volwaardige susterkerk van die Moederkerk in Europa.

Die ontwikkeling tot selfstandigheid was dus uiteraard soms baie langsaam, want die ideaal is so uitermate hoog gestel. „Die Frage der Kirchlichen Verselbständigung war freilich oft in den Hintergrund getreten, weil man die unentwickelte indonesische Christenheit noch nicht für reif achtete".[59]

---

(56) Verslag Edinburgh 1910, Vol.II, p.19.
(57) Ibid, p.19. (58) Ibid., p.20.
(59) Müller-Krüger, 1940, p.131.

Daarby het gekom die traagheid van die Jong Kerk om verantwoordelik/heid te aanvaar, gepaard met vrees vir „die Verantwortung - - - die man tragen müsste, wenn die Mission sich zurückziehen würde".(60) Ook sommige leraars en evangeliste was bevrees om onder die beskermende hand van die Sending uit te gaan en uitsluitlik in diens van hul eie gemeente te staan.

Van die uitgebreide werk van die Lutherse en Rynse Sendinge in Indonesië is die arbeid van die Rynse Sending onder die Batakvolk 'n goeie illustrasie van die metode van die Duitse Sending.

Die Bataks is 'n viriele nasie met sterk persoonlikheid en hegte stamverwantskap. Die groot Duitse sendeling, Nommensen, het in 1864 met sendingwerk onder hulle begin. Soos so dikwels in sy veelbewoë geskiedenis was die Duitse Sending in finansiële nood en die Batak-christene moes self die mas opkom. Maar „in this way it came about that from the beginning the Bataks took care of their own pastors, built their own churches and received no financial aid from the mission."(61) Mettertyd kom die vloedgolf van die nasionalisme. Hierdie nasionale renaissance dateer in die Ooste vanaf die Japans-Russiese oorlog, wat die eerste keer die oorwinning van 'n Oosterse oor 'n Europese nasie meegebring het. Dit werk nou ook deur na die Batakvolk. Daar kom van s.g. „Intellektueles" propaganda teen die Sending en „für eine eigene Kirche" ; daar gaan 'n „selbständigkeitsdrang durch Stadt und Dorf".(62) Dit dring ook deur na die Kerk : „So äuszerte sich der junge und unreife Nationalismus als erste Bewegung für eine nationale Kirche, frei vom Missionar, frei vom Europäer."(63)

Deur meeste leiers van die ultra-nasionalistiese rigting is 'n selfstandige Kerk dan ook net gesien as 'n Kerk met „selbständigen Kirchenleitung". Van die diepere geestelike betekenis van 'n selfstandige Kerk was daar geen duidelike besef nie.

Netsoos die Sending van die Nederlandsche Hervormde Kerk het ook die Rynse Sending die drang na selfbeskikking en selfstandigheid tegemoet gekom : In 1930 is 'n Sinode gevorm en die Batakkerk selfstandig

---

(60) Ibid., P.134. (61) J. Merle Davis, 1945, p.150.
(62) Müller-Krüger, 1940, p.134. (63) Ibid., p.134.

verklaar. Dit verskil egter ook van die Gereformeerde praktyk deurdat die Batakkerk alleen maar in alle sake „medezeggenschap" gekry het ; nie volle outonomie nie. „De laatste instantie is de sendeling. Er wordt echter niets gedaan zonder de Batakkers en de Zendeling trekt zich hoe langer hoe meer terug, zoodat hij soms niet meer deel neemt aan de Kerkeraads vergaderingen - - - Uit afgevaardigden van alle kerken is de Synode samengesteld. - - - De leiding is in handen van de Zending. De voorzitter van de Synode is die Ephorus der Rijnsche Zending.(64) - Het doelbewust streven is om langs medezeggenschap te komen tot volkomen zelfstandigheid."(65)

Laasgenoemde het egter op onverwagte wyse totstandgekom : „When the Japanese overran the country, the Batak Church became completely autonomous. - - - - It is one of the largest completely autonomous churches anywhere in the missionary world." (66)

Dis opmerklik dat daar in die periode van „medezeggenschap" in die Batakkerk reeds 60 inheemse leraars was, wat volkome deur hul eie Kerk onderhou is.

Dit toon verskil aan met die Lutherse Sending in Sjina, wat finansiële onafhanklikheid genoegsaam vir kerklike selfstandigheid beskou het. By hul indeling van gemeentes „the first and highest class is composed of congregations able to pay all expences from their own resources, and the salaries of their preachers and teachers, inclusive, and besides a contribution for the general church fund. These are entitled to choose their own preachers : no missionary has a seat or even the chair in their church council and their meetings. These congregations are independent but privileged members of the parish synod and the general synod".(67)

Ook in Indië het die Rynse Sending reeds etlike jare voor die Tweede Wêreldoorlog gepoog om die gemeentes in sy Sending daar langs die volgende weë tot selfstandigheid te laat ontwikkel:

„(a) Die Pfarrer sollten die Leiter der Gemeinden und die Vorsteher der Presbyterien sein, nicht mehr der Missionar ;

---

(64) Wat oor 'n veto-reg beskik, volgens Gilhuis, 1955, p.172.
(65) Verwiebe, 1934, p.589. (66) Chirgwin, 1949, p.43.
(67) Verslag Jerusalem 1928, Vol.III, p.93.

„(b) das Presbyterium sollte die volle Verantwortung für die Verwaltung der lokalen Kirchenfonds tragen ;

„(c) im Distrikts-Synodalkomitee sollten zur Leitung der Kirche vier Inder und drei Europäer sitzen." (68)

Samevattend kan dus konstateer word dat ook die Duitse Sending van die begin af 'n selfstandige Kerk be-oog het. Hoë eise is egter vir selfstandigheid gestel en daar is van sendingsweë streng kontrole oor die gemeentes uitgeoefen. Selfs na die institueering van 'n Sinode het die Sending „medezeggenschap" behou, asook 'n vetoreg. Die oorlog het volle onafhanklikheid vir die Jong Kerk gebring, wat dit ook in die na-oorlogse tydperk behou het. Kraemer wys egter daarop dat „de aanwezigheid van Europeesche zendelingen niet overbodig geworden is door het zelfstandig worden der Bataksche Kerk".(69) Maar dan wel in ander hoedanigheid as vroeër. T.o.v. die gronde vir selfstandigheid is daar weinig ooreenkoms met die Gereformeerde Sending van Nederland.

(d) Die Sending van die Kerk van Skotland.

By Edinburgh is as volg geoordeel oor die praktyk van die Presbiteriaanse Sendinge in die algemeen : „Among Presbyterians much stress is laid on the early self-management of the individual congregations."(70) Die klem op selfstandigheid word nog sterker na institueering van Ringe en 'n Sinode : „The Mission tends to attach great importance to the independent ecclesiastical authority of the Session and of the Presbytery : that independence is almost as jealously guarded as in the Congregational system, but is not, of course, quite of the same order or extent."(71)

Die Kerk van Skotland, as een van die grootste en bekendste Presbiteriaanse kerke, het agtien buitelandse sendingvelde in Afrika, die Ooste, Arabië en Jamaika.(72) Van die Kerke, wat as vrug op die sendingwerk in hierdie velde ontstaan het, word gemeld : „Nearly all are now self-governing bodies, though they have still to rely in various ways and degrees on the personal services of their missionaries and the

---

(68) Hartenstein, 1929, p.237. (69) Kraemer, 1937, p.35.
(70) Verslag Edinburgh 1910, Vol.II, p.24. (71) Ibid., p.25.
(72) Sien hieroor : „Handbook of the Foreign Fields of the Church of Scotland", Edinburgh 1936.

financial help of mission grants".(73)

Van 'n paar van die individuele gevalle word vermeld :

Die Kerk in Bengale : „Although independent of control from the Mission or the Church of Scotland, it still maintains a very close connection with the Mission".(74)

Suid-Afrika : Die „Bantu Presbyterian Church", wat deur die Skotse Sending in 1923 as aparte kerk vir naturelle in Suid-Afrika gestig is, word genoem „an autonomous body formed out of the congregations and pastors of the Scottish Mission".(75)

Blantyre (Njassaland) : „The work of the past sixty years has resulted in a native African Church which is self-propagating, self-governing, and to a large extent self-supporting".(76) Van die Blanke sendelinge in hierdie Sending word vermeld dat hulle „also bear with the native Church the burden of the evangelistic and spiritual work, suggesting, guiding, sustaining, and to a certain extent controlling".(77) Hier is dus nog sprake van 'n mate van kontrole.

Livingstonia (Njassaland) : „The Presbytery (d.w.s. van Livingstonia - J.M.C.) is independent, financially and administratively from the Mission".(78)

Kenia : Oor die beroepstelsel word hier verklaar : „Working on a system more akin in some respects to that of Methodism than of Presbyterianism, the Presbytery usually moves the ministers to different circuits about every three years".(79)

Dit is dus duidelik dat die Kerk van Skotland, trou aan die Presbiteriaanse tradisie, hul Jong Kerke doelbewus selfstandig gemaak het. Slegs in enkele gevalle (bv. Blantyre) word nog gespreek van 'n mate van kontrole deur die blanke sendelinge en in Kenia word daarop gewys dat die beroepstelsel daar nog nie ingevoer is nie. Die sendeling bly egter, tenspyte van die selfstandigheid van die Jong Kerk, nog nodig: „While the African has taken over the preaching of the Gospel to his own folk and the building up of the Church, he needs desperately someone to

---

(73) „The Missionary Church in a Changing World", Edinburgh 1941, p.22.

(74) „Handbook of the Foreign Fields of the Church of Scotland", p.8.

(75) Ibid., p.49. (76) Ibid., p.71. (77) Ibid., p.71.

(78) Young, 1947, p.22. Sedert 1956 is dit 'n Streeksinode van die Kerk van Midde-Afrika, Presbiteriaans. (79) Calderwood, 1947, p.39.

help him".[80] I.v.m. die taak van die sendeling : „His task is changing in nature, but is by no means done. We are now called not so much to work for the Africans as with them".[81]

Die groot saak waarmee die Sending van die Kerk van Skotland vandag gekonfronteerd staan, is die verhouding tussen die twee Kerke (Oud en Jonk). M.a.w. die toestand wat ontstaan ná 'n Jong Kerk selfstandig geword het. Daarom noem die Sendingsekretaris van die Kerk van Skotland dat „the 'independence' of the Church is therefore a relative term and in a sense no part of our purpose. - - - Our attention has been given to the Relation of the Older and Younger Churches, which naturally involves the subject of your study".[82]

Dit gaan dus hier om die onderlinge afhanklikheid („interdependence") tussen twee selfstandige kerke. Ook sluit dit in die uiters belangrike vraag van die verhouding tussen Jong Kerk en die Sending in die sendingveld : Moet al die werk wat nog deur die Sending gedoen word (Medies, Opvoedkundig, ens.), deur die Jong Kerk oorgeneem word ? Moet die sendeling (en ander blanke lede van die sendingpersoneel) lidmate van die Jong Kerk word ? Ens. Dit is uiters gewigtige vraagstukke, wat hul voordoen in die periode onmiddellik ná die selfstandigwording van 'n Jong Kerk.

Die Sending van die Kerk van Skotland sien die oplossing van hierdie vraagstukke in die samesmelting van „Sending" en „Kerk" op die Sendingveld („The integration of Church and Mission"). Voorheen het die sendeling onder die Sendingraad (Raad van blanke sendelinge op die sendingveld) gearbei. Alle werksaamhede, wat nie suiwer kerklik is nie (bv. Mediese werk, Onderwys, Bou- en Industriële werk), het ook onder die Sendingraad geval. Lede van die sendingpersoneel is deur hierdie liggaam geplaas en verplaas. Kerklike vergaderings (Kerkrade, Ring en Sinode) weer behartig alles wat die spesifiek kerklike lewe aangaan. So het „Sending" en „Jong Kerk" langs mekaar bly bestaan ; twee outonome liggame, wat tog ten nouste met mekaar saamgewerk het. Wat egter van

---

(80) Young, 1947, p.22. (81) Calderwood, 1947, p.44.

(82) Brief van dr. J.W.C. Dougall, Algemene Sendingsekretaris van die Kerk van Skotland, d.d. 21 Okt. 1955.

die toekoms ?

Die Sending van die Kerk van Skotland sien die toekoms (bv. wat sy werk in Indië betref) as „not what has often been called 'devolution' - that is, the transfer of control from a foreign mission to an Indian Church - but the integration of the whole work under the control of the Church in India", waardeur die sendelinge word „members in the full fellowship of the Church in India".(83) Die volgende voorstelle word gedoen „for the removal of the present distinction between work controlled by Mission Councils and work controlled by Courts of the Church" (84) :

„Integration of Church and Mission. The Foreign Mission Committee desires :-

„(a) that the work now controlled seperately by Mission Councils and Courts of the Church in India, should be integrated under the control of the church through its Courts and through committees of these Courts as indicated below ;

„(b) that the authority now exercised by Mission Councils in respect both of missionaries and Indian workers should in future be exercised by the Church through such Courts and committees ; and

„(c) that missionaries should increasingly discharge their functions as members of the Church in India, playing their full part in its life and in the development of its policy. Provision has already been made by the General Assembly of the Church of Scotland under which ordained missionaries may become full members of Indian Church Courts and be re-instated as members of the Church of Scotland on their retirement from work in India".(85)

Dit kom dus neer daarop dat „with the coming into force of the new scheme Mission Councils as at present constituted will cease to exist".(86) Daar sal alleen 'n Sendelingekomitee in die lewe geroep

(83) Notule No.8799 van die „Foreign Missions Committee of the Church of Scotland", 15 April 1947, p.3 - 4.

(84) Ibid., p.4. (85) Ibid., p.5. (86) Ibid., p.7.

word, wat persoonlike belange van sendelinge met die Sendingkommissie in Skotland reël, bv. verloftye, wonings, salaris, ens. Hierdie komitee „would have no powers to deal with matters concerned with policy". L.g. word behartig deur die Inheemse Kerk. Vir hierdie doel word daar dan bv. aangestel „Committees of Presbytery or Synod supervising the work of High Schools - - - Similar committees of Presbytery or Synod for medical work", ens.[87]

Hierdie voorstelle van die Sendingkommissie is met geringe wysiginge deur die Sending en die Kerk in Indië aanvaar[88] en word sedertdien daar toegepas.[89]

Die Kerk van Skotland het dus betreklik vinnig afgestuur op die selfstandigverklaring van die Jong Kerke, wat as vrug op sy sendingwerk ontstaan het. Dit het reeds die stadium ná selfstandigverklaring bereik. In die probleme, wat hier opduik, het hy 'n uitgewerkte skema om aan te bied. Verskillende ander Sendinge sien die oplossing van hierdie probleme in die begrip van „devolution" : die Sending trek terug en gee alle verantwoordelikheid oor aan die Inheemse Kerk. Die Skotse Sending verkies die pad van integrasie : nie net die werksaamhede word oorgedra nie, maar ook die personeel (Sendelinge), „the Church here placing its missionaries and grants at the disposal of the Church in India".[90] Alles en almal val nou onder die Jong Kerk. (In die volgende hoofstuk word sommige aspekte van hierdie saak breedvoeriger bespreek, veral soos dit die Nederduitse Gereformeerde Sending in Noord-Rhodesië raak).

Uit die behandelde voorbeelde van Jong Kerke, wat selfstandig geword het, blyk :

(a) Daar is duidelike onderskeid tussen dié Kerke (Sendinge) wat die beginsels van Skrif en Gereformeerde Kerkreg konsekwent in die praktyk van kerkvorming toegepas het, en die ander. By l.g. word die uitsprake van die Nuwe Testament en die Gereformeerde Kerkreg nie so duidelik gehoor nie. Daar word meer op die eise van die praktyk gelet en die drie kriteria van Venn (self-onderhouding, self-uitbreiding en

---

(87) Ibid., p.6. (88) Sien : „Relation of the Older and Younger Churches in India", Nagpur 1947, p.1.

(89) Sien : Notule Sendingkommissie Kerk van Skotland, No.2648 en 2755.

(90) Brief dr. Dougall, d.d. 21 Okt. 1955.

self-regering) gewoonlik as norme vir kerklike selfstandigheid aangewend. Daarom was daar ook in die praktyk langdurige kontrole oor die Jong Kerk (besonder sterk ook in die geval van die Duitse Sending). Alle Sendinge het egter gewerk in die rigting van selfstandige Jong Kerke en hierdie proses is deur die opkomende nasionalisme versnel.

(b) Waar die selfstandigwording van die Jong Kerk juis in hierdie huidige tyd 'n besondere aktuele vraagstuk in die Sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika is, is dit vir baie Europese en Amerikaanse Sendinge reeds iets van die verlede. Hulle aandag is vandag gekonsentreer op die verhouding tussen twee selfstandige kerke (Oud en Jonk). As voorbeeld hiervan is die Sending van die Kerk van Skotland geneem.

Na hierdie oorsig van die praktyk van 'n aantal van die belangrikste Sendinge met betrekking tot die selfstandigwording van Jong Kerke, is dit nou nodig om die praktyk van die Nederduitse Gereformeerde Sending in hierdie opsig na te gaan, meer bepaald soos toegepas in die sendingveld van die Vrystaatse Nederduitse Gereformeerde Kerk in Noord-Rhodesië.

-----

# HOOFSTUK 3.

## DIE BELEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK MET BETREKKING TOT DIE SELFSTANDIGWORDING VAN DIE BANTOEKERK.

### (a) Ontstaan van die Sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

In die sendingwerk van feitlik die hele Christelike Kerk was dit die geval dat die praktyk die teorie voor was. „De Kerk had reeds talrijke eeuwen het evangelie van Christus verkondigd, voordat zij zich ertoe zette, zich over het karakter van haar opdracht dieper te bezinnen".(1) Hierin is die Nederduitse Gereformeerde Kerk geen uitsondering nie. Hierdie Kerk het reeds ruim 'n eeu praktiese sendingwerk in Suidelike Afrika gedoen voordat daar grondige besinning oor die beleid van die Sending gekom het, gepaard met 'n poging om dit op skrif te stel.

Eers met die opduik van vraagstukke i.v.m. die sending, kom daar besinning, oriëntering en formulering van doel en beleid. Aan die begin van die werk was alles ook nie te voorsien nie en nuwe situasies ontstaan gedurig (Vgl. die opkoms van Bantoenasionalisme in ons tyd).

In hierdie omstandighede, waar 'n Kerk reeds lank midde in die werk staan en dan 'n beleid opstel, skuil daar die groot gevaar dat die resultate wat in die werk behaal is, te maklik as norme vir die praktyk aanvaar word. M.a.w. die Sending loop dan gevaar om sy beleid deur 'n empiriese situasie te laat voorskryf i.p.v. deur die Heilige Skrif. „Niet takt, niet intuïtie, niet een zuiver aanvoelen van de moeilijkheid kunnen ons - hoe belangrijk zij ook wezen mogen - de weg wijzen, die wij te gaan hebben, het uiteindelijke en beslissende woord moeten wij ons laten gezeggen door de Schrift".(2)

Met die sendingmetode kan netso maklik gedwaal word soos Schleiermacher, wie se prinsipiële standpunt met betrekking tot die amptelike teologie verkeerd geraak het toe die kenbron vir hom geword het die empiriese werksaamhede van die Kerk - die praktiese lewe van die

(1) J.H. Bavinck, 1954, p.5. (2) Ibid., p.10.

vromes - i.p.v. in die eerste instansie na die Skrif te gaan en daar die prinsipe te vind.(3) Honig waarsku : „Als de H. Schrift niet meer is de kenbron der waarheid, dan viert al spoedig het subjectivisme den boventoon".(4)

Hoe nou het die Sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die algemeen, en meer besonder met betrekking tot die selfstandigwording van die Jong Kerk, totstandgekom ? Watter invloede het daartoe meegewerk ?

Dr. Gerdener verskaf die volgende informasie in sy historiese behandeling van die saak : „Na die ondervinding van ruim 100 jaar onder kleurlinge en naturelle in die binneland en in die buiteland het die Nederduitse Gereformeerde Kerk uiteindelik daartoe oorgegaan om 'n vaste Sendingbeleid op te stel, en in 1935 het hierdie belangrike dokument deur middel van die Raad van die Kerke die lig gesien".(5) In die „Sendingbeleid" self word die volgende i.v.m. die selfstandigwording gemeld : „Dit is nie genoeg as die gemeentes uit die heidendom tot 'n Kerk georganiseer is nie. Daardie Kerk moet ontwikkel om mettertyd selfstandig te word". As leidraad hiertoe word alleen gegee : dit moet „eindelik geheel selfonderhoudend, selfregerend en selfuitbreidend" wees.(6)

Drie jaar voor die publikasie van hierdie offisiële „Sendingbeleid", verskyn daar van die hand van prof. J. du Plessis, destyds professor in Sendingwetenskap aan die Teologiese Seminarie te Stellenbosch, die boek „Wie Sal Gaan ?" (7) In hierdie werk van oor die 300 bladsye handel die skrywer uitvoerig oor „Die Sending in Teorie en Praktyk". Sedertdien is hierdie werk as handboek vir die Sendingwetenskap in die teologiese inrigtings van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gebruik. Onteenseglik het dit ook groot invloed op die opstelling van die „Sendingbeleid", drie jaar daarna, uitgeoefen.

---

(3) Sien :- T. Hoekstra : „Gereformeerde Homiletiek", Inleiding, en J. Waterink : „Plaats en Methode van de Ambtelijke Vakken", Ef.I.

(4) A.G. Honig, 1938, p.700. (5) 1951, p.82.

(6) „Sendingbeleid van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika", p.4.

(7) Kaapstad 1932.

Hoe is hierdie werk georiënteer en waar word die wortels daarvan gevind ? Die skrywer het 'n uitgebreide kennis van die Sending en die geskiedenis daarvan gehad. Dit is aangevul met sy drie groot reise deur Afrika om meer met die praktyk van die Sending op hoogte te kom. In hierdie werk staan veel behartenswaardigs, waarsonder die Sending nie mag beoefen word nie. Wat egter vir die doel van hierdie verhandeling van besondere belang is, is die invloed van Gustav Warneck op die skrywer.

Du Plessis stem wel nie oral met Warneck saam nie. B.v. : (1) Waar Warneck sendingwerk deur die Sendingvereniging bepleit en du Plessis die sending as taak van die hele Kerk sien (p.47), (2) Waar Warneck aangehaal word as verteenwoordiger van die Lutherse Sakramentarianisme t.o.v. die doopsbediening, sê du Plessis van Warneck se standpunt : „Dit is 'n ongerymde posisie. Ons Gereformeerdes hou vol dat die doop - - - - " (p.111). (3) T.o.v. die rypheid van kinders vir bekering meld du Plessis : „Op hierdie punt waag ek dit om van die beskouing van Warneck af te wyk" en „Dit (Warneck s'n - J.M.C.) is stellig 'n verkeerde opvatting" (p.205).

Aan die ander kant meld du Plessis in die „Woord Vooraf" (van „Wie Sal Gaan ?") : „Dié wat bekend is met die gesaghebbende werk van Dr. Gustav Warneck, <u>Evangelische Missionslehre</u>,(8) sal bemerk dat ek in sommige hoofstukke die lyne volg wat hy so breedvoerig en meesterlik neergelê het". Veral betreffende die vraagstuk van die selfstandigwording van die Jong Kerk is die invloed van Warneck duidelik merkbaar, soos later ook aangetoon sal word.

Opmerklik is dit ook dat prof. du Plessis in „Wie Sal Gaan ?" nie pertinent kennisneem van die bevindinge van die Jerusalem-vergadering van 1928 nie (Drie jaar voor publikasie van „Wie Sal Gaan ?"), waar die verhouding van Jong tot Ou Kerk juis 'n belangrike onderwerp van bespreking was. Ook is daar geen aanduiding dat kennis geneem is van Gereformeerde werke oor die Sendingbeleid : A. Kuyper se rede van 1890, die besluite van die Sinode van Middelburg in 1896, Bouwman se „Gereformeerd Kerkrecht" (1928), Voetius se „Politica Ecclesiastica" (1663 - 1667) en van Andel se „De Zendingsleer van Gisbertus Voetius" (1912).

---

(8) 1892 - 1903.

Dit is egter jammer dat die Nederduitse Gereformeerde Sending blykbaar nie van die Gereformeerde beleid kennis geneem het nie. Want dit is immers soos dr. Geldenhuys in sy dissertasie van die Gereformeerde Kerk van Nederland skryf : „Die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika voel hulle baie nou met hierdie susterkerk in Nederland verwant en ons sal dus ook telkens na hulle teruggaan vir die nodige lig oor die beginsels en toepassing van die gereformeerde Kerkreg in Suid-Afrika".(9)

Aan die ander kant het die Nederduitse Gereformeerde Sending in noue aanraking gekom met verskillende buitelandse Sendinge in Afrika, wat nie 'n gereformeerde beleid t.o.v. die plantatio ecclesiae beoefen het nie. Ook dit het onteenseglik invloed op die Nederduitse Gereformeerde Sendingbeleid uitgeoefen.

Sover dit die selfstandigwording van die Jong Kerk betref, is die invloed van Warneck en ook Venn op die Nederduitse Gereformeerde Sendingbeleid duidelik merkbaar. Daarom is 'n bespreking van die opvattings van hierdie twee sendingleiers noodsaaklik.

Gustav Warneck se „Evangelische Missionslehre"(10) was 'n standaardwerk wat hoë lof ingeoes het. Daubanton noem dit „het magistrale boek dat op ons gebied ongetwijfeld de kroon spant ! . . . dit standaardwerk . . . de slotdaad van een wél besteed leven".(11) Hoekendijk beweer : „de betekenis van Warnecks Missionslehre is nauwelijks te overschatten . . . In zijn opus magnum vond men een vademecum, een werkelijke Missionscasuistiek".(12) Deur hierdie werk, asook sy ander geskrifte, het Warneck geword „the recognized leader of and adviser on Protestant missionary work to the whole world".(13)

Daar móét ook groot waardering wees vir Gustav Warneck, wat deur sy wetenskaplike studies oor die Sending vir die Sendingwetenskap 'n plek verwerf het as 'n onmisbare afdeling van die teologie. Ook lof vir sy protes teen die sekularisasie en vervlakking van die sendingopvatting deur die liberale teologie van die vorige eeu.(14)

---

(9) 1951, p.87. (10) 3 Bande, 1892 - 1903.
(11) 1911, p.388. (12) 1948, p.95.
(13) Schlunk, 1934, p.396. (14) Vgl. J.H. Bavinck, 1954, p.296.

Tog het daar in die jongste tyd ernstige kritiek teen sommige dele van Warneck se sendingmetodiek opgegaan. Sy opvatting van die „Doppelte Begründung" word nie oral aanvaar nie.(15) So ook sy beskouing dat die sendingwerk moet uitgaan van 'n Kring („freigesellschaft") binne die Kerk, met „Machtbefugnis zur Sendung",(16) i.p.v. deur die Kerk self. Holsten kritiseer Warneck se standpunt m.b.t. die prediking oor die Sending.(17) Hoekendijk meen dat „waar over taak - - - der zending wordt gehandeld, worden exegetische beslissingen ontweken in een scherp en eerbiedig luisteren naar de stem der geschiedenis".(18) (D.w.s. in die „Evangelische Missionslehre").

Die sterkste kritiek kom egter op Warneck se beskouing van die verhouding tussen Ou en Jong Kerk. Warneck self beoog ook selfstandige Jong Kerke : „selbständige, von der sendenden alten Christenheit unabhängige Kirchen sind das letzte Missionsziel".(19) Maar dan moet „man sie auf dem Wege der selbsttätigkeit zur Selbständigkeit erzieht" en deur hierdie „Erziehung" sal die Jong Kerke dan „mit der Zeit aus Kindern Männer werden".(20)

Warneck sien verder die Jong Kerke as „Kirchen, die nach der charakteristischen Definition Venns sich selbst unterhalten, selbst regieren und selbst ausbreiten". Hy vind hierdie 'n „Sehr brauchbaren Formel", wat „alles enthalten, was den Begriff kirchlicher Selbständigkeit konstituiert". Van Venn self sê hy : „Es ist das Verdienst des grossen Sekretärs der C.M.S., Henry Venn, das Problem, um das es sich hier handelt, zuerst klar erkannt und den Begriff ‚Selbständigkeit' auf eine einsache Definition gebracht zu haben".(21)

Oor hierdie „Erziehung" en die aanvaarding van die formule van Venn word in later jare sterk kritiek geopper. Keller sien die b.g. verhouding as „ein patriarchalisches Verhältnis zwischen Alter und Junger Kirche, die Alte Kirche ist der Vater, der anordnet, die Junge Kirche das Kind, das gehorcht".(22) Julius Richter meen „die praktische Erfarung der Heimatkirchen" het die deurslag gegee bo die N.T.-voorbeeld

---

(15) Ibid., p.62. (16) Warneck, 1892 - 1903, Deel II, p.31 - 32.
(17) 1953, p.155. (18) 1948, p.90.
(19) 1892 - 1903, Deel II, p.12. (20) Ibid., p.13.
(21) Ibid., p.15 en Nota onderaan p.15. (22) 1938, p.216.

en die behoeftes van die sendingveld. „Die Mutterkirchen sollen und wollen in den werdenden Missionskirchen ihre echten Töchter sehen".(23) Vandaar die „patriargale" bevoogding.

Die mees uitgebreide kritiek kom egter voor in die dissertasie van Johannes Dürr : „Sendende und Werdende Kirche in der Missionstheologie Gustav Warneck's". Hierin verklaar hy o.a. : „Man darf die Selbständigkeitsstellung niemals zu einer Geldfrage machen" (na aanleiding van die eis van selfonderhoud).(24) Hy wys daarop dat Warneck se sendingteorie vervul is van en beheers word deur die opvoedingsgedagte, „das Vater-Kind- oder Mutter-Tochter- Verhältnis" en besluit dan : „Sie ist missionarische, Kirchliche Pädagogik, Kat'exochen".(25) Hierteenoor wys Dürr daarop dat daar in die N.T. merkwaardig weinig oor „opvoeding" gesê word. Die eintlike „Erzieher" is ook die Here Christus. Kerke is lede van die liggaam van Christus en dus geskied onderlinge hulpbetoon in die gees van ekumeniese broederskap.

Waar Warneck tydens die opstel van „Wie Sal Gaan ?" 'n algemeen aanvaarde gesaghebbende was, het die vordering van die Sendingwetenskap egter in die jongste tyd hierin heelwat verandering gebring. Daarom beklemtoon dr. H.D.A. du Toit ook in 1954 die behoefte aan 'n nuwe standaardwerk oor die Sendingwetenskap „nadat Gustav Warneck se Evangelische Missionslehre verouderd is".(26)

Omrede Warneck se onderskrywing van Venn se formule en die groot invloed van hierdie formule ook op die beleid van die Nederduitse Gereformeerde Sending, is dit nodig om ook die beskouinge van Venn na te gaan.

Henry Venn was Sekretaris van die C.M.S. („Church Missionary Society") vanaf 1841 tot 1872. In hierdie Sendinggenootskap, wat van die Anglikaanse Kerk in Engeland uitgaan, het Venn deur sy lang dienstyd en sy vaste beleid groot invloed uitgeoefen : „Henry Venn pulled the labouring oar - - - - Venn's greatness really made all others look small". So verklaar Stock in sy uitgebreide geskiedenis van die C.M.S.(27) Deur sy beleid m.b.t. die ontwikkeling van 'n Jong Kerk tot

---

(23) 1927, Band II, p.104. (24) 1947, p.225.
(25) Ibid., p.230. (26) 1954, p.38.
(27) 1899, Vol.II, p.36.

selfstandigheid het hy internasionale aansien verwerf. Warren noem hom „one of the greatest missionary statesmen of the nineteenth century".[28] Uit Amerika word beweer dat „no one is better informed on missionary subjects".[29] Vir Warneck is hy die „groszen Sekretärs der C.M.S."[30]

Sedert die sendingsekretarisskap van Henry Venn word in die internasionale sendingliteratuur die formule „self-onderhoudend, self-uitbreidend en self-regerend" aangetref. Hierdie formule het sy locus classicus in 'n dokument wat in 1851 deur die C.M.S. gepubliseer is. Dit is opgestel deur Venn en word ook genoem „Venn's First Paper on Native Church Organization". Dit lui as volg : „Regarding the ultimate object of a Mission, viewed under its ecclesiastical result, to be the settlement of a Native Church under Native Pastors upon a self-supporting system, it should be borne in mind that the progress of a Mission mainly depends upon the training and the location of Native Pastors : and that, as it has been happily expressed, the 'euthanasia of a Mission' takes place when a missionary, surrounded by well-trained Native congregations under Native Pastors, is able to resign all pastoral work into their hands, and gradually relax his superintendence over the pastors themselves, till it insensibly ceases ; and so the Mission passes into a settled Christian community. Then the missionary and all missionary agency should be transferred to the regions beyond. - - - The object of the Church Missionary Society's Missions is the development of Native Churches, with a view to their ultimate settlement upon a self-supporting, self-governing, and self-extending system".[31] Stock voeg hieraan toe : „Before he (d.i. Venn) gave his mind to the subject, no one had done so. It was an untrodden field".[32]

In Venn se „Second Paper on the Native Pastorate and Organization of Native Churches", 1861, word verklaar : „If the elementary principles of self-support and self-governing and self-extension be thus sown with the seed of the Gospel, we may hope to see the healthy growth and expansion of the native church".[33]

---

(28) 1951, p.97. (29) Anderson, 1874, p.111.
(30) 1892 - 1903, Deel II, p.15.
(31) By E. Stock : 1899, Vol.II, p.415 en 83. (32) Ibid., p.83.
(33) Knight, 1882, p.420.

Waar Venn die Jong Kerk, wat beantwoord aan sy drie vereistes, as die einddoel van die sendingwerk sien, boskou hy die Sending self as die tydelike steierwerk („scaffolding"), wat verwyder word sodra die gebou (Jong Kerk) voltooi is. „A Mission is only the scaffolding for the building of the spiritual temple of the Native Church".(34)

Omtrent dieselfde tyd toe Venn sy standpunt formuleer het, word feitlik dieselfde beleid voorgestel deur dr. Rufus Anderson, „Foreign Secretary of the American Board of Commissioners for Foreign Missions".(35) Julius Richter bevind dat hierdie twee sendingsekretarisse egter onafhanklik van mekaar tot dieselfde konklusie geraak het.(36) R.E. Speer, „Secretary of the Board of Foreign Missions of the Presbyterian Church in the United States" verklaar : „We are to establish and foster native churches, self-extending, self maintaining, self-directing. - - - - We owe it to Henry Venn, one of the strongest minds that has ever worked on this missionary problem, we owe it to Dr. Warneck, to Rufus Anderson, that this element in missionary policy and duty has been properly emphasized".(37)

Dit was egter nie net by die C.M.S. en die Presbiteriane van Amerika waar Venn se formule as beleid vir die selfstandigwording van die Jong Kerk aanvaar is nie. Dit het wye goedkeuring weggedra in 'n tyd toe meeste Sendinge nog soekende was na die ware uiteindelike doel van sendingwerk. By Jerusalem 1928 is verklaar dat Venn se formule „has been generally accepted as a primary principle in missionary policy".(38) Goodall stem saam dat „it determined the policy of many missionary societies, especially the L.M.S."(39) By meeste Sendinge was die beleid as gevolg van Venn se drie kriteria dus : 'n Jong Kerk moet eers homself kan onderhou, -regeer en -uitbrei voor dit selfstandig kan wees.

Die Sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is hierop geen uitsondering nie. „'n Selfstandige Kerk is dus 'n Kerk wat sigself bestier, sigself onderhou en sigself onder nie-Kristene voortplant", stel prof. du Plessis vas.(40) „Selfonderhoud is 'n absolute vereiste

---

(34) By Stock, 1899, Vol.II, p.418. (35) Sien Anderson, 1874, p.112.
(36) 1908, p.429. (37) 1902, p.39.
(38) Verslag Jerusalem 1928, Vol.III, p.31.
(39) 1954, p.7. (40) 1932, p.174.

vir 'n onafhanklike inheemse Kerk".(41) By 'n konferensie, waarvan die verslag verskyn in Die Voorligter, Mei 1953, is o.a. verklaar : „Die hele selfstandigheidsgedagte verongeluk op die oomblik op die finansiële gedagte - - - Hoe kan 'n Kerk selfstandig wil wees en terselfdertyd verwag dat die moederkerk hom finansieel moet dra ?"(42)
In Op die Horison, Junie 1954 skryf ds. W.A. Malherbe oor „Die Groei van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk tot Selfstandigheid" en noem dan „die eerste vereiste van selfstandigheid, t.w. Selfonderhoud - - - die tweede eis van die ideaal van Selfstandigheid, nl. Selfregering - - - die derde eis van Selfstandigheid, nl. Selfuitbreiding".(43) Prof. Greyvenstein gee in sy sluitingsrede in 1954 'n oorsig van die gangbare opvatting oor Selfstandigwording in die Nederduitse Gereformeerde Sending en meld daarin hoe die drie kriteria ook as „eise" vir selfstandigheid gestel word.(44)

Waar Venn se formule in die begin as die laaste woord oor die onderhawige saak beskou is, kom daar mettertyd egter stemme van twyfel en ook kritiek daarteen op. Reeds by Jerusalem word gevra : „Is the term 'a self-supporting, self-governing, self-propagating Church' sufficient ?"(45) Groves vind in sy oorsig van die sendinggeskiedenis ook die verskynsel dat Venn se formule „had become generally accepted in theory, though in practice reluctance to hand over the reins of control was a not uncommon experience".(46)

Verder het die ondervinding geleer dat dit dikwels onmoontlik is om te wag met die selfstandigverklaring van 'n Jong Kerk totdat dit aan aldrie vereistes voldoen het. 'n Afvaardiging van die C.M.S. (Venn se Genootskap !) het bv. in 1921 van die Jong Kerk in Indië aanbeveel : „The time for Henry Venn's complete euthanasia has not fully come - - - - We cannot wait, however, for the final fruition of this hope. It is quite clear from what has been said that as much handing over as is possible must take place with all dispatch, and that every year of delay

---

(41) J.P. Jacobs in „Die Kweking van Selfstandige Inheemse Kerke", 1951, p.123.

(42) „Die Voorligter", Mei 1953, p.25. (43) Junie 1954, p.32 - 33.

(44) 1954, p.899. Ook in die Tomlinson-verslag word die drie kriteria van Venn in verband met die selfstandigheid van 'n Kerk gebring (Samevatting Verslag, p.59).

(45) Verslag Jerusalem 1928, Vol.III, p.41. (46) 1955, Vol.III, p.290.

will cause irreparable injury to the furtherance of the interests of the Kingdom of God in India".(47)

In 1927 publiseer die Presbiteriaanse Kerk van Nieu-Seeland die volgende „Statement of Transfer" van sy werk in Sjina : „In our judgment the time has come when, in the best interests of the Kingdom of Christ and the developing of a self-propagating, self-governing and self-supporting Chinese Church, the direction and control of the work hitherto carried on by the missions - - - - should be committed to the Synod of this Church".(48) Hier word die Kerk selfstandig, nie omdat dit aan die drie eise voldoen nie, maar sodat hy daartoe kan ontwikkel.

Baubaston, hoewel hy ook die drie kriteria van Venn, „de bekwame sekretaris van die C.M.S.", onderskryf, kom egter digter by die ware betekenis van selfstandigheid wanneer hy beweer : „Hoe inniger eene Zendingskerk zich afhankelijk weet van Gods heilsopenbaring in Jezus Christus, hoe meer zij nadert tot hare waarachtige zelfstandigheid".(49)

Bavinck herinner daaraan „dat de Schrift ten aanzien van de Kerk en haar onderlinge verhoudingen het begrip voogd en voogdij niet kent".(50) En waarsku dan : „Het gevaar dreigt altijd, dat de ene Kerk zich verheven gevoelt boven de andere, door haar economische draagkracht, door haar prachtige gebouwen, door haar intellectuele superioriteit. Vooral als het gaat om Kerken van verschillend ras is de kans niet denkbeeldig, dat dit superioriteitsgevoel een uiterst bedenkelijk karakter aanneemt".(51)

In die jongste tyd, ook as gevolg van hernude besinning oor die wese van die Kerk, is daar swaar kritiek teen die beleid van Venn ingebring : Kraemer meen „men heeft vroeger de financieele zelfstandigheid veel te veel tot het teeken van de echte zelfstandigheid gemaakt".(52) En dan voeg hy daaraan toe : „The way towards becoming an indigenous Church goes through becoming first a real Church".(53)

Want hier lê die groot gevaar in die formule van Venn , nl. dat die drie gestelde vereistes vir 'n selfstandige Kerk as notae ecclesiae aangemerk sal word. Terwyl die ware wese van die Kerk as die gemeenskap

---

(47) Verslag Jerusalem 1928, Vol.III. p.241. (48) Ibid., p.291.
(49) 1911, p.71. (50) J.H. Bavinck, 1954, p.202.
(51) Ibid., p.169. (52) 1937, p.58. (53) 1947, p.411.

van Christusgelowiges en as die liggaam van Christus, veel anders in die N.T. voorgestel word. Die grondfout van Venn lê, in die woorde van Gilhuis, hierin dat „de geestelijke factoren bij de opbouw van het kerkelijk leven zijn hier te zeer uit het oog verloren".[54] M.a.w. Venn sien die selfstandigheid van die Jong Kerk in die eerste plek as 'n organisatoriese saak : die Kerk moet self-onderhoudend, -regerend en -uitbreidend wees, terwyl dit in eerste instansie 'n geestelike saak is (Vgl. Hf. I). „Diese Verselbständigung ist aber weder eine finanzielle, noch eine organisatorische Frage zuerst, sondern eine pneumatische. Da, wo der Geist ist, ist lebendige und in sich selbständige Kirche".[55]

Soper herinner aan Mat.18 : 20 en verklaar op grond daarvan : „The presence of Jesus Christ is the most distinctive note of a true Church. - - - This is the final criterion : Can a body of men and women who claim to be a church give valid evidence of the presence of Jesus Christ as a vital power in their life and purpose ?".[56]

Krige verklaar : „Die kriteria : selfonderhouding, selfregering en selfuitbreiding is geen normerende beginsel vir die selfstandigheid van 'n plaaslike kerk nie ; waar die Woord en sakramente suiwer bedien word, is die Kerk van Christus".[57]

Selfs die Jerusalem-Konferensie het al vasgestel : „While - - - a Church is commonly described as self-supporting, self-governing and self-propagating, yet the essential characteristics of a truly indigenous Church are spiritual".[58] Dit is 'n Kerk wat „in de rechte verhouding staat tegenover haar Heer".[59]

Daarom : „A Church may be independent and indigenous apart altogether from questions of financial support. It is a spiritual fellowship, and its resources are spiritual and its authority spiritual".[60] By Whitby is aanbeveel dat „as soon as the new church is well and firmly rooted in Christ, leadership must pass from the hands of the missionary to those of leaders in the local Christian community".[61]

---

(54) 1955, p.164. (55) Hartenstein, 1929, p.335. (56) 1943, p.269.
(57) 1954, Stelling V. (58) Verslag Jerusalem 1928, Vol.III, p.46.
(59) Blauw, 1952(b), p.63. (60) McLeish, 1927, p.364.
(61) Ranson, 1948, p.176.

I.v.m. die eis van selfonderhoud kom van die kant van die Jong Kerk die ongemaklike vraag : „Can the mother churches in the West be said to be self-supporting ? I imagine that ancient endowments provide the episcopal and clerical charges in most of the congregations in the Church of England and the ministerial expences in the Church of Scotland".(62) Van die drie vereistes van Venn skryf Kraemer : „Als we echter op onze eigen kerken letten, dan zien we, dat b.v. de Nederduitse Hervormde Kerk er niet eens aan voldoet".(63) Wat ook van 'n hulpbehoewende gemeente in ons tyd : Bring die finansiële hulp van 'n ander gemeente (-s) ook juridiese seggenskap oor so 'n hulpbehoewende plaaslike Kerk mee ? En is so 'n hulpbehoewende kerk onselfstandig omdat dit finansiële hulp van elders ontvang ?

Kraemer lê sterk nadruk daarop dat finansiële hulp van die Sendende aan die Jong Kerk „in geen geval recht op macht mag scheppen. Vroeger word dit vanzelfsprekend geacht. Toch is het niet juist. - - - Elke financieele steun mag niet anders zijn dan een geschenk der liefde".(64) „Zelfstandigheid is nooit afhankelijk te stellen van financiele draagkracht".(65) Azariah verklaar : „'He who pays the piper calls the tune', may be a good slogan in mundane affairs, but it is unworthy as between Christian brethren".(66) Selfs by Jerusalem is al beweer : „The autonomy of the Churches - - - is unimpaired as they receive or decline the aid of the mission".(67)

Waar Venn se formule dus vir vele jare vry algemeen in die sendingwêreld as kriterium vir 'n selfstandige Jong Kerk aanvaar is, is dit duidelik dat dit nie meer gedoen kan word nie. Veral nie die eis van selfonderhoud nie. Die Kerk is die liggaam van Christus en onderlinge hulp word in die gees van ekumeniese broederskap gegee.

Dit moet egter nie so verstaan word asof Venn se formule onbelangrik is nie. Dit is inderdaad van groot belang vir 'n Jong Kerk, maar dan moet dit as ideaal vir die Kerk dien, en nie as maatstaf vir selfstandigheid nie.

---

(62) Azariah, 1938, p.353. Sien ook sy „Christian Giving", Madras 1941.
(63) 1934, p.554. (64) Ibid., p.556. (65) Blauw, 1949, p.10. Vgl. Tambaram : „De vrijheid van een Kerk wordt in geen enkel opzicht beïnvloed door het ontvangen van financieelen steun". By F.M. Kooyman, 1939, p.35.
(66) Azariah, 1938, p.364. (67) Verslag Jerusalem 1928, Vol.III, p.15.

Die Jong Kerk <u>moet</u> selfonderhoudend word : „A subidized church is handicapped in a non-Christian land because, to the community, it represents an alien project maintained by alien money and is open to suspicion of being controlled by alien authority".(68) Die Jong Kerk moet ernstige aandag gee aan die wyse raad van Merle Davis en andere oor die wyse waarop hul finansiële vermoë kan ontwikkel.(69) Om hul selfonderhoud verder te ontwikkel, behoort finansiële hulp deur die Sendende Kerk op die beginsel van „a Block Grant on a decreasing scale" gegee te word, soos aanbeveel by Jerusalem.(70)

As sendingsekretaris was die finansies een van die grootste sorge van Venn en ook Andersen. Die spoedige ekonomiese onafhanklikheid van die Jong Kerke was van groot belang om die stygende finansiële las tuis te verlig. Maar sodoende het hy in die versoeking verval om die selfstandigheid as 'n <u>organisatoriese</u>, i.p.v. 'n <u>geestelike</u> saak te beskou. Hy het nie allereers na die wese van die Kerk in die Skrif gaan soek nie.

Ook die „euthanasia" van die Sending is 'n relatiewe term en nie so absoluut soos Venn dit voorsien het nie. Die „steierwerk" word nie maar somar op 'n bepaalde dag verwyder en die Jong Kerk afgelewer as 'n voltooide werkstuk, wat geen behoefte aan „steierwerk" (die Sending) meer het nie. Die Jong Kerk, hoewel volwaardige, selfstandige Kerk, is nog jonk en swak. Dit het nog steeds behoefte aan hulp van die Sendende Kerk in die vorm van finansiële hulpbetoon (vir 'n bepaalde tyd nog), sendelinge vir gespesialiseerde diens, by die aanpak van nuwe werksaamhede, die gesamentlike voortsetting van die nog-onvoltooide kerstening van heidene, ens. (Vgl. Voorbeelde hiervan in hoofstuk 2). „The missionary societies are being asked to continue providing a scaffolding for the Younger Churches", so verklaar Max Warren, 'n latere Sekretaris van dieselfde C.M.S.(71)

---

(68) <u>J. Merle Davis</u>, 1946, p.79. (69) <u>Ibid.</u>, asook <u>J. Merle Davis</u> : „The Economic and Social Environment of the Younger Churches", Calcutta 1938, en „Modern Industry and the African", London 1933. Ook <u>V.S. Azariah</u> se lesenswaardige „Christian Giving", Madras 1941.

(70) <u>Verslag Jerusalem 1928</u>, Vol.III, p.14.

(71) Warren, 1951, p.107. Vgl. ook Gordener, 1968, p.147 : „Seldom are the younger Churches wholly self-governing, self-supporting and self-propagating at their birth. They may even not be that after the final withdrawal of the missionary force".

Tenslotte dien daarop gelet te word dat Venn en die C.M.S. die Episkopaalse sisteem van kerkregering toegedaan was. Onder 'n biskoplike stelsel was dit dus heel maklik om te spreek van die sendeling wat „gradually relax his superintendence over the Native Pastors".(72) Dit is egter ver van die Gereformeerde opvatting dat „geen Kerk moet oor ander Kerke, geen Dienaar oor ander Dienaars - - - enige heerskappy voer nie".(73)

Dit is dus duidelik dat die beleid van die Sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, veral t.o.v. die selfstandigheidsvraagstuk, meer wortel in die beskouinge van Gustav Warneck en Henry Venn as in die Gereformeerde beleid. Dit het meegebring die totstandkoming van etlike Jong Kerke („Sendingkerke") met hul eie Ringe en Sinodes, maar nog onder kontrole van die Moederkerk. Vandaar die aktuele vraag na die selfstandigwording van die Jong Kerk in die Nederduitse Gereformeerde Sending vandag.

(b) <u>Stigting van Afsonderlike Kerke.</u>

By die sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk kom ook ter sprake die bearbeiding van die Bantoe in afsonderlike Kerke - 'n beleid wat, veral in resente jare, streng kritiek moes verduur, as sou dit nie met die wese van die Christelike Kerk te rym wees nie.

By nader ondersoek na die praktyk van verskillende sendinge in veelrassige lande, blyk dit dat dit hier egter geen geval is van <u>Ex Africa semper aliquid novi</u> nie.

Uit Noord-Rhodesië self verduidelik E.G. Nightingale, 'n vooraanstaande geestelike en Voorsitter van die Metodiste Kerk in Noord-Rhodesië, die praktyk van die <u>Metodistekerk</u> aldaar, as volg : Eers wys hy op „the manifest surprise and sometimes distress which newcomers show when they find that there are separate African and European Congregations", want „where both races form large groups separate congregations are nearly always to be found".(74) Hy ontken dat dit 'n kleurskeiding in die Kerk

(72) H. Venn se „First Paper - - -", 1851. (73) Art. 83 van Dordtse Kerkorde soos opgeneem in die Wetboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van die Oranje-Vrystaat.

(74) 1952, p.331.

beteken. Die beleid is dat „the Church normally acquiesce in separate congregations for practical reasons".(75) As eerste praktiese rede noem hy die verskil in taal. Al sou die een groep die taal van die ander redelik goed verstaan, „worship in a foreign tongue is always a second best".(76) Hy noem ook 'n tweede rede : „Differences of background, of culture, of experience make what is apt to the one either unintelligible or platitudinous to the other."(77)

Volgens „The Eagle", maandblad van die Anglikaanse Kerk in Noord-Rhodesië, word in hierdie kerk 'n soortgelyke beleid gevolg : afsonderlike kerke bestaan om taalkundige en kulturele redes, dog aan geen inboorling word lidmaatskap in die Kerk vir blankes geweier nie. Trou aan hierdie beleid staan daar ook in Fort Jameson (N.R.) bv. 'n „St. Paul's Church" vir die blankes en 'n „St. Barnabas' Church" vir die naturelle.(78)

In die werk van die Kerk van Skotland in Suid-Afrika is hul inboorlinglidmate in 1923 saamgevat in 'n afsonderlike „Bantu Presbyterian Church". Van belang is die uitspreke van drie vooraanstaande leiers van die Skotse Sending oor hierdie stap : Dr. James Stewart van Lovedale verklaar : „Teoreties stem ons almal saam dat daar een Kerk moet wees en geen kleurskeiding nie, dog so iets skyn gereserveer te wees vir 'n tyd ná ons eie. Diegene van ons wat in Suid-Afrika gewoon het en wat werklik die verhouding tussen blank en nie-blank ken, moet hul eie ervaring raadpleeg oor die waarskynlikheid van 'n gemengde Kerk wat ooit 'n harmonieuse of kragtige sal blyk te wees. Indien die nie-blanke bestanddeel hom laat geld, sal daar 'n botsing van beskouings wees, vanweë verskil van opvoeding, rassebelange en allerlei ander oorsake. As dit hom nie laat geld nie, sal dit 'n blote aanhangsel van die ryker blanke seksie wees - veragtelik, traag en leweloos, en sonder die ware gees wat nodig is vir sy roeping - die uitbreiding van sendingwerk sodra die toestand van selfonderhoud bereik is."(79)

R.H.W. Shepherd skryf : „In all the circumstances, it may be claimed that it was an act of statesmanship that caused the United Free Church of Scotland in 1923 to combine its mission congregations into a daughter church known as the Bantu Presbyterian Church of South Africa.

---

(75) Ibid., p.331. (76) en (77) Ibid., p.331. (78) Sien „The Eagle", Nov. 1953, p.16. (79) Aangehaal by G.P.A. Gerdener : „Aan die Sendingfront", in „Die Kerkbode", 26 Jan. 1955, p.104.

This is no separatist body, but one in which the Bantu ministers, elders, and people predominate, with large powers to manage their own affairs".(80)

Donald Fraser, bekend vir sy werk in Njassaland, meld die volgende oor die Bantoe-Presbiteriaanse Kerk in Suid-Afrika : „It exists as an entity and lives out its own national life. My own conviction is that this is the better line of development, making for the creation of an indigenous Christianity".(81)

In die algemeen word die volgende van die praktyk van die Skotse Sending verklaar : „The congregations of Christians and their families which have grown up as a result of the work of our Scottish missions are not attached to the Church of Scotland. They have come together to form organised evangelical Churches in their own right. They all bear deep traces of their origin in their teaching, their modes of worship, and their systems of government. Nearly all are now self-governing bodies, though they have still to rely in various ways and degrees on the personal services of their missionaries and the financial help of mission grants".(82)

Van belang is ook om die praktyk van die Kerke van Nederland in hierdie opsig na te gaan.

Wat die Gereformeerde Kerk betref, is reeds by die Sinode van Middelburg in 1896 as beleid neergelê : „Onze Gereformeerde Kerken in Nederland bezitten een westersch, en ten deele ook een nationaal karakter, dat ook in de vormen der belijdenis, en tot in taal- en woordenkeuze uitkomt. Overmits nu God niet alle volken eender schiep, maar den Javaan anders dan ons, oostersch in wijze van voorstelling ; hem op geheel anderen trap van ontwikkeling plaatste ; en hem een ander verleden gaf, mag nimmer de eisch gesteld, dat hij onze vormen overneme, maar moet uit den boezem zelf van het bekeerde deel der Javanen, die oostersche vorm voor lied, gebed en belijdenis opkomen, die bij zijn existentie past".(83)

---

(80) S.j, p.27. Vgl. ook sy artikel, „Veelrassige of Inheemse Kerk ?", in „Die Kerkbode", 26 Febr. 1958, p.376.

(81) In Verslag Jerusalem 1928, Vol.III, p.128.

(82) „The Missionary Church in a Changing World", Edinburgh 1941, p. 21 - 22. (Uitgegee deur die Sendingkom. van die Kerk van Skotland).

(83) „Historisch Document", p.35.

As hy dan nie in „onze vormen" forseer moet word nie, maar sy eie vorms, „die bij zijn existentie past", moet vind, impliseer dit duidelik dat hy dit in sy eie, afsonderlike kerkinrigting sal moet uitwerk.

Dit was dan ook die geval met die Gereformeerde Sending in Indonesië, sodat daar uiteindelik afsonderlike kerke was vir blankes, Javane en Sjinese.

Vir die Gereformeerde Kerk is die verskil in taal genoegsame rede vir afsonderlike kerkinrigting. Koole stel dit as eis van die liturgie dat die erediens „in de landstaal" sal uitgevoer word. „Als er gebeden wordt, dan dient het te geschieden in de landstaal".(84) By die Sinode van Dordrecht in 1578 is alreeds besluit : „Alzoo in de Nederlanden tweeërlei sprake gesproken wordt, is voor goed gehouden, dat de Kerken der Duitsche en Waalsche taal, op haar zelve haar Kerkeraad, Classicale vergaderingen en Particuliere Synoden hebben zullen".(85)

Wat Indonesië betref, stuur die Gereformeerde Kerke in 1874 die sendeling E. Haan na Batavia. „Hy werkte er onder de Europeanen en inlanders beide. Er werd een kleine gemeente onder de Europeanen gesticht".(86) Die werk onder die inheemse bevolking dra egter ook vrug en „dit Maleise deel werd in 1930 zelfstandig geïnstitueerd, en wordt sinds 1930 bediend door Pandita Siagian".(87) „Enkele jaren nadat br. E. Haan naar Batavia vertrok, zond de kerk br. A. Delfos uit naar Soerabaja, die daar ook een gemeente van Europeanen stichtte".(88)

Later was daar twaalf gemeentes van blankes op Java, Sumatra en Celebes.(89) Hulle het verband met die Kerk in Nederland en vir hulle word Art.51 in die Kerkorde ingevoeg, nl. „Voor de Gereformeerde Kerken van Europeanen in Nederlands-Indië wordt de wijze, waarop zij met de Kerken hier te lande in verband staan, door de Generale Synode geregeld".(90) Sedert 1920 vorm hierdie blanke gemeentes hul eie classis en in 1948 stem die Sinode van Eindhoven toe dat hulle 'n eie Sinode mag vorm.(91)

---

(84) 1943, p.44 en 73. (85) By Jansen 1952, p.226. (86) Ibid., p.229.
(87) 'n Inboorlingleraar. J. Jansen 1952, p.229.
(88), (89) en (90) Ibid., p.226 - 229.
(91) Ibid., p.230 en 233.

„Zendingshogeschool" te Oegstgeest (Leiden).(96) Hy verskil van die Gereformeerde sendelinge op Midde-Java „die alleen een taalgrens noodzakelijk en daarom gerechtvaardigd achten".(97) Hierteenoor beweer Hildering dat die afsonderlike „bangsa" (d.i. volk) genoegsame rede vir die stigting van 'n afsonderlike kerk is : „De bangsa-grens is geen zondige grens, die een Christelijke Kerk behoort te negeren, om alleen noodgedwongen vanwege het taalverschil afzonderlijke diensten in te stellen. Straks zal ook in het Nieuw Jeruzalem, dat het boek Openbaring ons tekent, geen uniformiteit heersen. Elk volk zal zijn eigen eer en heerlijkheid indragen in de Stad Gods. - - - De eenheid van Christus' Kerk is toch niet in de eerste plaats een organisatorische eenheid, maar een geloofseenheid".(98)

As redes vir sy standpunt voer hy aan : 'n Volk (bv. Sjinees) kan 'n vreemde taal (Hollands bv.) verstaan en tog dring die prediking daarin nie tot sy siel deur nie. Dis noodsaaklik „dat de spreker de achtergrond kent van zijn hoorders, ja van uit die achtergrond spreken gaat, want dan is er een klankbodem, dan heeft hij contact met de geest, met de ziel van het volk".(99)

Daarom pleit hy vir 'n afsonderlike kerk vir die Sjinese volksgroep in Indonesië.

Brouwer meld ook : „Naast deze kerken van Indonesiërs is er die van de Chinezen - - - de Chinese volkskerk strekt zich over de gehele archipel uit". In sy statistieke gee hy 16,000 lidmate van die Sjinese Kerk aan, wat in 75 gemeentes georganiseer is.(100)

Van besondere belang, ook vir die geskiedenis van die totstandkoming van afsonderlike kerke in Suid-Afrika, is die kerklike geskiedenis in Indonesië. Daarom is dit nodig om dit breedvoeriger na te gaan.

In die begin van die Nederlandse besetting (Hollandse Oos-Indiese Kompanjie) was daar net één kerk, genoem „Protestantsche Kerk" of „Indische Kerk" (te onderskei van die latere Indonesiese Kerk vir inboorlinge). „De oorspronkelijke bedoeling der Protestantsche Kerk was, dat zij de kerk zou zijn voor de Europeanen in Ned.-Indië en voor de met hen gelijkgestelden".(101) Oor hierdie toestand verklaar Locher :

---

(96) 1955, p.319. (97) Ibid., p.320. (98) Ibid., p.321 - 322.
(99) Ibid., p.321. (100) K.J. Brouwer & J.H. Bavinck, 1951, p.19.
(101) Ibid., p.65.

„Het voor de hand liggende voorbeeld in Nederland (afzonderlijke nederlandse en waalse hervormde gemeenten) werd niet toegepast in Indonesië door de oprichting van afzonderlijke nederlandse, maleise en portugese gemeenten, want in Indonesië kwam er in elke plaats slechts één gemeente met één kerkeraad. Tot die gemeente behoorde een ieder - van welk ras of van welke taal ook - die aanhanger der gereformeerde religie was". Inboorlinglidmate was gevolglik „deel van de door de europeanen geleide gemeenten".(102)

Die beleid aldaar in die Kompanjietydperk was dus ooreenstemmend met dié in die Kaap, waar „bekeerlinge uit die heidendom ingelyf (is) as lidmate in ons Nederduitse Gereformeerde Kerk. . . . Op die registers van ons ou gemeentes staan dan ook duisende name van inboorlingen kleurlinglidmate".(103)

Algaande kom daar in Indonesië egter verandering in hierdie toestand, tot die eindresultaat bereik is, nl. die totstandkoming van Nederlandssprekende selfstandige kerke en inheemse selfstandige kerke. Die faktore wat hiertoe bygedra het, is die volgende :

(1) In die Koloniale struktuur van die destydse samelewing in Indonesië was daar meermale diskriminasie en is inboorlinge onbekwaam of onwaardig beskou om tot ampte in die Kerk verkies te word.(104)

(2) Aan dieselfde predikant is die versorging van die Europese gemeente én die behartiging van die sendingwerk opgedra. „Daardoor kwam van een grondige aanpak van de zendingsarbeid weinig terecht".(105) Want sommige predikante het min belangstelling vir die sending gehad, het die taal nie aangeleer nie of geen spesiale opleiding met die oog op sendingwerk gehad nie. Trouens, Voetius het al aangetoon dat, hoewel hy „niet een eigen ambt van den ‚zendeling' kent naast dat van den dienaar des Woords", die taak van die sendeling so omvangryk is „dat zij afzonderlijke personen tot haar vervulling eischte" en „dat deze personen een speciale opleiding mogen ontvangen".(106)

---

(102) 1943, p.29. (103) Hanekom, 1950, p.143.

(104) Locher, 1948, p.30. (105) Ibid., p.31.

(106) By van Andel, 1912, p.121 - 122.

(3) Op die wêreldsendingkonferensie te Edinburgh in 1910 is met groot instemmigheid tot einddoel van die sendingwerk bepaal : die oprigting van selfstandige inheemse Kerke. Almeer het kerkleiers tot die oortuiging gekom dat die Protestantse Kerk in Indonesië die nastreef van hierdie doel verwaarloos het. Die inheemse gemeentes aldaar „waren nog in alles geheel afhankelijk van het inzicht der europese voorgangers. Mede-zeggenschap ontbrak ten enenale".[107]

(4) Teen 1933 het die nasionale ontwaking van die Indonesiese volkere sy invloed ook in die kerklike lewe sterk laat voel ; daar kom 'n bewuste strewe na „vrijheid van de voogdij der nederlandse zendingsarbeiders. . . . Men begeerde zelf verantwoordelijkheid te dragen en eigen vormen van kerkelijk leven te zoeken".[108]

(5) Koning Willem I het die ideaal gekoester van één Protestantse Kerk, waarvan alle Protestante in Indonesië lidmate sou wees. „Door vele zendelingen en de zendingsleiding werd dit niet aanvaard. Zij achtten verwerkelijking van dit ideaal onjuist, omdat de zendingsgemeenten de vrijheid moesten bezitten overeenkomstig eigen aard en aanleg uit te groeien en eigen levensvormen te zoeken".[109]

(6) Die taalverskil was 'n baie groot probleem. Mettertyd kom daar, as 'n poging tot oplossing daarvan, tweetalige gemeentes op Ambon, Banda, ens. totstand.[110] Voor die nasionale oplewing bestaan die gewoonte dat „ontwikkelde Indonesiërs lid van de nederlands sprekende gemeenten werden". Hulle is ook nooit geweier nie. Met die opkoms van die nasionalisme kom daar 'n kentering en val dit op „dat juist de intellectuele Indonesiërs de indonesische taal krachtig propageren".[111]

Almeer raak die inboorlinge in Indonesiese groepe (gemeentes) georganiseer met sendelinge, en later inheemse predikante, aan die hoof, en met hul moedertaal as voertaal in die Kerk.

'n Volledige deurbraak van die ou ordening van één Kerk vir alle volksgroepe uit die Kompanjie-tyd, kom met die Koninklike Besluit van 1867 : „Het erkende officieel het bestaan van afzonderlijke indonesische gemeenten. . . . Zij maakte definitief een einde aan de

(107) Locher, 1948, p.51. (108) Ibid., p.62. (109) Ibid., p.160.
(110) Ibid., p.65. (111) Ibid., p.155.

toestand, die bijkans twee en een halve eeuw bestond".[112]

Met die tyd groei die behoefte aan selfstandigheid van die inheemse gemeentes by beide die sendelinge en die gemeentes self. Dit kulmineer in die selfstandigverklaring van Modjowarno in 1923 en die Oos-Javaanse gemeentes in 1931 (Vgl. Hoofstuk 2b.)

Hoewel selfstandig en apart georganiseerd, bestaan daar tussen die verskillende kerke in Indonesië 'n groeiende verlange na nouere samewerking en in 1939 is besluit tot die oprigting van 'n onderlinge Raad van Kerke.[113]

Tot sover die geskiedenis. Locher gee dit as sy oortuiging dat die inheemse gemeentes „moeten blijven, wat zij zijn : Indonesisch sprekende gemeenten. - - - Deze gemeenten kunnen echter alleen tot volle ontplooiing komen, indien zij zelfstandig naast de nederlands sprekende gemeenten staan, wel met deze samenwerken, doch een eigen gemeenschap vormen - - - als Indonesisch sprekende gemeenten tezamen beraadslagen over de taak, waarvoor zij in onderscheid met de nederlands sprekende gemeenten gesteld zijn".[114] Hoewel Locher daaraan herinner dat daar in die Christelike Kerk van oudsher mense van verskillende ras en taal saamwoon en bepaal dat daar „in elke volkskerk steeds plaats moet zijn voor Christenen uit <u>andere volksgroepen</u>, die te gering in aantal zijn om een eigen gemeente te vormen", wil hy dat daar tewens ook erken sal word „dat de verschillen er zijn, dat de dienst van Christus aan ieder mens en ieder volk zijn eigen gestalte heeft".[115] Soos die Sinode van Middelburg 1896 dit ook gestel het : „die bij zijn existentie past".[116]

Hoewel daar dus kerke is wat in 'n veelrassige land alleen één kerk vir alle volksgroepe propageer, blyk dit uit b.g. voorbeelde dat talle kerke anders oordeel en afsonderlike kerke vir die inheemse bevolkings inrig. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk bewandel in hierdie opsig geheel en al nie so 'n eensame weg soos soms voorgestel word nie.

In die kader van die sendingwetenskap word as redes vir die inrigting van afsonderlike kerke behalwe geografiese verwydering, die

---

(112) Ibid., p.63 - 67. (113) Ibid., p.161. (114) Ibid., p.223.
(115) Ibid., p.225. (116) „Historisch Document", p.

volgende aangegee :

(1) Taalverskille. By wat reeds hieroor genoem is, kan die volgende uitsprake gevoeg word : Vir Gustav Warneck is die prediking in die moedertaal 'n „missionarische Notwendigkeit", sodat die betrokke volk die evangelie daardeur „innerlich assimilieren, und diese Assimilierung ist ganz unvollziehbar ohne das Medium der Volkssprache".(117) Schomerus verklaar : „Man hat aber stets den Grundsatz festgehalten, dasz das Evangelium den Völkern in ihren Muttersprachen zu bringen ist".(118) „All speaking to man must be done in his language and in the terminologies and thought-patterns he understands", is Kraemer se beskouing.(119) Uit Nigerië meld Parrinder dat „the main services of most Churches are in the language of the country and these are the most attractive. - - - A religion that seeks to become indigenous needs to speak to people in their mother tongue".(120) „The new missionary ought not to argue at all seriously untill he can speak the language intelligently".(121)

In die praktyk het die nakom van hierdie eis van die sendingwetenskap meegebring die bearbeiding van die inheemse bevolking van 'n veelrassige land in afsonderlike byeenkomste met die moedertaal as medium. Dit het mettertyd meegebring afsonderlike selfstandige kerke met die inheemse taal as voertaal.

(2) Kulturele Verskille. Soos reeds gemeld, stel van Andel en Bakker afsonderlike Kerke voor vanweë die verskil in taal. Hildering gaan verder en meen dat die kulturele verskille verbonde aan 'n spesifieke volk, meebring dat die prediking tot so 'n volk anders moet geskied, vanuit sy agtergrond, om „contact met de geest, met de ziel van het volk" te verkry. Daarom beoog hy 'n afsonderlike kerk vir 'n bepaalde volk.

Wanneer prof. J.H. Bavinck oor die prediking in die sending

---

(117) 1892 - 1903, Deel III, p.67. (118) 1936, p.91. Hierby sluit Mulders aan : „Om de innige betrekking tussen godsdienst, volk en moedertaal sal elke godsdienstprediking, wil zij doorgaan zijn en tot alle lagen van de bevolking doordringen, noodzakelijkerwijse op het gebruik van de volkstaal moeten steunen" (1950, p.233). In die praktyk doen die Roomse dan ook groot moeite om die volkstaal aan te leer en daarin te preek.

(119) 1947, p.325 - 328. (120) 1953, p.146.

(121) E.H. Richards, o.c., p.17.

handel, is vir hom „de eerste maatstaf die aan elke zendingstoespraak gesteld moet worden deze, dat zij boeien moet, zij moet de menschen in het hart grijpen, zij moet gesproken zijn in die taal, die onder de menschen leeft".(122) Op Kraemer se stelling dat „it is highly advisable to try to express Christianity in these typically Indian modes of expression, far better than to do it in the uncongenial European way",(123) verklaar Bavinck : „Dit alles kunnen wij niet dan met hartelijk instemming lezen",(124) en haal dan genoemde besluit van die Sinode van Middelburg 1896 aan. In sy „Inleiding in de Zendingswetenschap" benadruk hy „dat die zogenaamde oude Kerk en de jonge Kerk in wezen dezelfde Kerk zijn", as liggaam van Christus. Hy voeg dan daaraan toe : „Zeker, op grond van de geografische afstand, op grond van het taalverschil, op grond van het geheel verschillend milieu, op grond mogelijk ook van culturele achtergrond, is het mogelijk gewenst, dat deze twee Kerken toch afzonderlijk vergaderen en afzonderlijk Synodale vergaderingen beleggen".(125)

Van die kant van die Jong Kerk waarsku T.S. Johnson, 'n inboorse biskop, in sy geskiedenis van die Sierra Leone-Kerk, „first Daughter of the C.M.S.", as volg : „The danger of our worship being performed, not in the vernacular, but in a foreign tongue with thought-forms and ideas quite alien to the man in the street, is a very grave one. For worship to be real it must reflect the cultural background of the people". Anders bestaan die gevaar dat die Christendom sal bly „the religion of the progressive and powerful West - - - - without the foundation of our souls being touched".(126)

Die beleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is : „Die Christendom moet die naturel nie van sy taal en kultuur beroof nie, maar uiteindelik sy hele nasionalisme deurtrek en deursuiwer".(127) Daarom word die inboorling in sy eie taal bearbei en word die prediking toegespits op sy kulturele agtergrond en religieuse opvattings.

Want die Sending staan hier voor 'n totaal ander volk, wat o.g.v. sy „primitiewe religie" 'n besondere elenktiese benadering in die

---

(122) S.j.(a), p.172. (123) 1947, p.373. (124) J.H. Bavinck, 1940, p.108.
(125) J.H. Bavinck, 1954, p.209. (126) 1953, p.136.
(127) „Sendingbeleid van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika", p.5.

prediking vereis. Trouens, volgens hierdie gedagtegang bestaan God wel, maar dan as 'n deus otiosus, wat primêr aktief in die kosmiese fenomena is, reën en sonskyn stuur, maar met die morele lewe van die mens niks te doen het nie. Die sentrum van hul visie word deur die voorvadergeeste ingeneem ; die Opperwese, wat die wêreld geskape het, is na die periferie verdring en van weinig praktiese betekenis in die kultus.

Bruwer verklaar aangaande die Bantoe se geloof in 'n Opperwese dat dit „betreklik onbepaald en vaag omlyn" is. „Die geeste van gestorwenes is die sentrale figure van verering en aanroeping in die religieuse stelsel van die Bantoe".(128)

„The most primitive peoples in Asia and Africa strive in their tribal religion to make the tribe into a sort of kingdom of God. The divine powers, namely the ancestors, are one with the tribe, and the tribe as a whole is a divine community which carries within itself the hope and salvation of its members".(128a) Nie alleen word die stam vergoddelik nie, maar ook probeer die primitiewe om „God en wêreld onder één noemer te brengen, nl. onder den noemer Kosmos, of het Al".(129) In sy totaliteit is die volk dan ook deel van die Kosmos ; die mens 'n mikrokosmos, maar dan ook deelhebber aan die magtige makrokosmos. Hierdie kosmiese sirkelgang (Kosmos - volk - Opperwese), indien ten volle uitgewerk, bring 'n toestand teweeg soos geskets deur Schärer : „In seiner Totalität ist das heilige Volk die heilige, totale und ambivalente Gottheit".(130)

Hierby kom die hegte stamverwantskap : die individualiteit verdwyn in die Kollektiviteit. Die stam is alles en die enkeling van weinig belang. Hulle sien „den enkeling meer als ingeweven in en op het allernauwste samenhangende met de gemeenschap en de gemeenschap zien zo in innigst verband met het groot geheel der schepping".(131) Die persoonlikheid kom nie tot sy reg nie en aan die etiese begrippe goed en kwaad

---

(128) 1957(?), p.152 en 156. (128a) J.H. Bavinck, 1943(b), p.34. Sien ook E.W. Smith : „The Secret of the African" en „African Ideas of God" ; G. van der Leeuw : „De Primitieve Mensch en de Religie", Groningen, 1952, en „De Religie der Primitieve Volken" in „De Godsdiensten der Wereld",[3] Amsterdam, 1955, Band I, p.402.
(129) J.H. Bavinck, s.j.(b), p.15. (130) 1940, p.175.
(131) J.H. Bavinck, s.j.(b), p.32.

word a.g.v. hierdie gebondenheid geen volwaardige plek toegeken nie.

Van der Leeuw toon aan dat saam met sy besondere religie die primitiewe mens ook oor 'n „primitieve geestesstructuur" beskik, waarvan die vernaamste eienskappe is : (1) „De massiviteit van de primitieve ervaring" : Die primitiewe sien homself as een van die subjekte waaruit die heelal saamgestel is. Dinge word vir hom wesens en hy ontdek daarin iets om te eer of te vrees.(132) (2) Die „totaliteitskarakter" van die primitiewe mentaliteit : Elke handeling is vir hom verbonde aan die religie. Hy dink nie analities soos die Westerling nie. (3) „Participatie" : Die simbool word dit wat dit voorstel. Vandaar bv. die rituele dans met maskers. (4) Die „magisch karakter" van die primitiewe geesteshouding : Die wêreld is vol „magte", wat in mense, diere en voorwerpe voorkom en wat beheer kan word. Vandaar beoefening van magie. (5) Die „mythisch karakter" : In die plek van ons gewone begrippe dink die mitiese mens in gestaltes. Vgl. die Ngadju-Dajak van Suid-Borneo. (6) Die „ritueel karakter" van hul denkwyse : Wat volgens ons begrip natuurlik en vanselfsprekend sal plaasvind (bv. geboorte, tandekry, puberteit, ens.), moet volgens hierdie denkwyse aangehelp word deur die ritus. Niks is „natuurlik" nie. Vandaar bv. tatoeëring en ander gebruike.(132a)

Aan 'n volk met só 'n sielestruktuur en animistiese wêreldbeskouing word die sendeling geroep om die Christendom te verkondig. Hy kan dit beste doen wanneer hy dit spesifiek aan hulle bring in hul eie taal en met 'n begrip van hul religieuse gedagtewêreld. Vir 'n Europese gehoor is poligamie, aanbidding van voorvadergeeste, gebruik van towermedisyne, e.s.m., geen probleem nie. Vir die Bantoe is dit van ingrypende betekenis. Die blanke vader het alle toesig en gesag oor sy kind. By die moederregtelike Acewa-volk van Noord-Rhodesië „both the woman and her children remain inalienable members of her matrilineage and the husband or his matrilineage does not attain rights

---

(132) „En wat voor ons concreet is, is voor hem psychisch. 'levenlooze' voorwerpen, 'dingen' bestaan voor de primitieve mentaliteit niet". (G.v.d. Leeuw, 1952, p.27).

(132a) v.d. Leeuw, 1955, p.411 - 431. Sien ook v.d. Leeuw, 1952, Hoofstuk I.

over the children born of the marriage. - - - Children born in marriage belong to the matrilineage and matrisib of their mother".[132b] Watter geweldige ingrypende probleem skep dit nie vir 'n Christenvader t.o.v. die nakom van die doopbelofte nie !

Waar die opleiding van inboorlingleraars dus ook afsonderlik van leraars vir die moederkerk geskied, is dit om hulle juis voor te berei vir die andersoortige situasies waarvoor hul te staan gaan kom. In die woorde van Goodall en Nielsen : „To wrestle with the meaning of the Word of God for those daily situations in which the Christian Gospel meets the pagan life pattern".[133] Ook die opleiding moet om hierdie rede in hul moedertaal wees. Die feit dat meeste teologiese opleiding in Sentraal-Afrika d.m.v. Engels geskied, „left us with some uneasiness", verklaar Goodall en Nielsen. „Surely it is a dangerous illusion to think that the African can somehow escape the difficulty - admittedly real - of expressing Christian thought in his own language by accepting an English term. - - - It must be questioned whether the African, in receiving in English a Christian term which he cannot express in his own language, has really grasped the significance of the term".[134]

E.F. Spanton, met jarelange ondervinding in Afrika, verklaar : „They must be shown how to teach religion to simple folk in their own vernacular ; --- And that they may teach in the vernacular the students should themselves be taught in the vernacular".[135]

Meermale word die afwesigheid van geskikte terme in die inboorlingtaal as struikelblok beklemtoon. Von Sicard haal egter 'n stelling van die groot taalkenner, prof. Westermann, aan : „The belief that African languages are poor in abstract terms is unfounded".[136] Shepherd beweer : „The Bantu language in its various dialects is rich in terms for sin, sacrifice and atonement - richer than English and almost as rich as Hebrew".[137] Dikwels is die haakplek egter by die blanke dosent wat die taal nie goed genoeg ken nie.

Waar von Sicard 'n pleidooi lewer vir die moedertaal as medium in 'n Teol. Skool, meld hy : „Anyone who has been concerned with African

---

(132b) J.P. Bruwer, 1955, p.113. (133) 1954, p.42. (134) Ibid., p.49.
(135) 1926, p.469 - 470. Sien ook J.H. Bavinck, 1954, p.213.
(136) 1935, p.148. (137) 1951, p.355.

liturgy or prayer books is surprised to find how quickly the christianization of an African language develops".[138]

Die gebruik deur 'n kerk van sy eie taal in lied, prediking en geskrifte is 'n verdere manifestasie van die selfstandigheid van daardie kerk. Solank van 'n tolk gebruikgemaak word, ontbreek sodanige manifestasie.

Toe die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 1824 offisieel die sendelingamp instel om daardeur kragdadig aan die kerstening van die heidene in die Unie mee te doen, bevind die Kerk hom reeds in 'n veelrassige land. Gerdener bevind dat die instelling van hierdie amp ook die instelling van afsonderlike bediening veronderstel het. Die sendeling is dan ook vermaan dat hy hom „enkel en alleen zal bepalen tot het bedienen der Heilige Sacramenten onder en aan de Heidenen, die tot het Christendom over gebracht en tot eene Gemeente verzameld zijn".[139]

Hoewel heel aan die begin, soos reeds aangetoon, die inboorlinge lidmate van die blanke gemeentes was, het die rigting tot afsonderlike bearbeiding reeds begin lank voor 1857, in watter jaar die Sinode van die Kaap-Provinsie toegestem het dat „de gemeenten uit de heidenen opgericht of nog op te richten hare Christelijke voorregten in een afsonderlijke gebouw of gestichten genieten zal".[140] Gerdener verklaar gevolglik : „Eers in 1857 het die Kerk homself amptelik op die standpunt van aparte gemeentes gestel".[141] In die praktyk het dit al lank tevore begin.

Die praktyk in die Hollandse besittings aan die Kaap en in die Ooste kom dus veelal ooreen : In die Kompanjie-tydperk was daar net een gemeente vir lidmate van alle rasse. In die praktyk het daar mettertyd afsonderlike gemeentes van inboorlinge ontstaan. Taal- en kulturele verskille het hiertoe aanleiding gegee. Uiteindelik kom daar 'n offisiële uitspraak : In Suid-Afrika deur die Sinodebesluit van 1857 ; in die Ooste deur die Koninklike Besluit van 1867. (tien jaar later).

Waar die Nederduitse Gereformeerde Kerk ook in Sentraal-Afrika met sendingwerk begin het, is die beleid van afsonderlike bearbeiding voortgesit. Vandag bestaan in Noord-Rhodesië gemeentes van die Moederkerk en Sendingkerk in dieselfde dorpe. Soos aangetoon, is die

(138) von Sicard, 1935, p.148. (139) 1953, p.61.
(140) Aangehaal by Gerdener, 1951, p.37. (141) Ibid., p.48.

Nederduitse Gereformeerde Sending hierin geen uitsondering op die reël nie. Ook ander (Engelse) Kerke pas afsonderlike bearbeiding in Noord-Rhodesië toe.

As die Nederduitse Gereformeerde Sending nie hierdie beleid toegepas het nie, sou daar wat hierdie Sending betref, geen sprake kon wees van 'n „Jong Kerk", 'n „inheemse Kerk en teologie", eie geloofsbelydenis en liturgie nie. Ook sou dit dan futiel wees om oor die selfstandigheid van die Jong Kerk te redeneer. Want met die Sending het ook die gevestigde Ou Kerk met sy vaste vorms, liturgie en konfessie gekom. Lidmate uit die inheemse volkere sou hiermee moes tevrede wees, of dit nou „bij hun existentie" pas of nie. Dan sou die Jong Kerk, waaraan die wêreldsendingkonferensies soveel aandag gegee het, alleen in 'n land kan bestaan waar net een bevolkingsgroep woonagtig is, en nie in Afrika, suid van die Sahara, waar die blanke hom blykbaar permanent kom vestig het nie.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk sien afsonderlike bearbeiding positief, tot bevordering van die Christendom : „Alle aparte behandeling word steeds deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk verstaan en bedoel om lewe en selfstandigheid te bevorder".(142)

By dit alles is egter ook nodig dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk hom deeglik sal besin oor die wese en eenheid van die Kerk as „een liggaam en een Gees - - - een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is". (Ef.4 : 4-6). Sodat die eenheid in Christus bewaar kan bly. Van die Ou en Jong Kerk skryf Bavinck : „Tussen die twee ligt niet een afgrond of een prikkeldraadversperring, maar hoogstens een stippellijn, een laag hekje, dat alleen opgericht is met het oog op de praktijk".(143) Weë moet gesoek word waarlangs die eenheid in die Here vertoon kan word. Die instelling van 'n Raad van Kerke tussen die Moederkerke en Sendingkerke is noodsaaklik om verdere kontak uit te hou.

Prof. Gordener wys die rigting vir die toekoms as volg aan : „Intussen staan die beginsel van ons eenheid in Christus onaangetas deur die eeue. Dié moet ondanks die tweeheid en die meerheid gehandhaaf word.

---

(142) „Sendingbeleid van die Gefed[illegible]reerde Nederduitse Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika", p.8.

(143) J.H. Bavinck, 195[illegible] p.209.

En namate die gronde vir die tweeheid verminder en wegval, moet die eenheid almeer tot openbaring kom. Eiesoortige ontwikkeling, soos deur die jare deur ons Kerk en sy Sendingbeleid beoefen, sluit nie noodwendig weersydse geestelike gemeenskap uit nie. Of dit op die duur weer tot 'n uiterlike eenheid sal kom tussen die Moederkerk en die Sendingkerk sal die tyd leer. Maar ons moet naarstiglik soek om bande te smee en brûe te bou tussen mekaar, sodat skeiding almeer 'n patroon in 'n sondige wêreld en al minder 'n lewenshouding in 'n bedeling van genade blyk te wees".(144)

Die Kerkbode herinner daaraan dat „die nie-blankes hul geestelike tuiste vind in 'n afsonderlike Kerk ; maar dit is nie 'n ander Kerk nie. - - - Dit dien om by die verskeidenheid van die lewe aan te pas, sonder om daarmee geskeidenheid en verskeurdheid op Kerklike terrein te voed. So 'n beleid wil in sy diepste wese die geleenthede vir elke bevolkingsgroep onbelemmerd uitbou, maar mag nooit ontaard tot 'n willekeurige afgeslotenheid wat geen geloofsgemeenskap wil hê nie".(145)

Ons standpunt hier moet wees soos geformuleer by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode, wat in 1958 te Potchefstroom vergader het en wat o.a. lui :

> „Indien die lede van die ander ras ook gelowiges is, moet hy hulle as sy broeders en susters in Jesus Christus aanneem (Ef.4 : 3 - 6, Filemon vs.12). In so 'n verhouding sal alle menslike verskille, afgesien van hoeveel gewig hulle in die sosiale lewe dra, oorwegings van sekondêre belang word .... Die praktiese gedragslyn vir die Kerk met betrekking tot gemeenskaplike samekomste en die toelating van lede van die ander ras na sy eie byeenkomste, moet so wees dat ons vermy enige skyn van diskriminasie wat die minderwaardigheid van die ander ras insinueer ; ons moet die lede van die ander ras laat voel dat hulle beskou word as medelede van die liggaam van Christus met wie ons deur die nouste bande gebind word".(145a)

---

(144) Gordoner, 1953, p.70-71. (145) Inleidingsartikel „Die Kerkbode", 1 Febr. 1956, p.180. (145a) Soos weergegee in „Die Kerkbode", 3 Sept. 1958, p.411- 412.

### (c) Totstandkoming van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië.

„In the closing years of the nineteenth century the Dutch Reformed Church of the Orange Free State, wishing to join in the enterprise which had been developed in Nyasaland by the Dutch Reformed Church of South Africa, chose an area immediately to the west of Nyasaland. There in the course of the years it built up one of the largest missions in Northern Rhodesia". Dit is die bevinding van Latourette in sy sewedelige standaardwerk oor die uitbreiding van die Christendom.(146) Oor die Jong Kerk, wat as vrug op hierdie sendingwerk in Noord-Rhodesië ontstaan het, oordeel prof. Venter : „In Rhodesië is 'n Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk opgebou wat die agting van vriend en vyand afdwing".(147)

Dit is nodig om die geskiedenis van die totstandkoming van hierdie Jong Kerk kortliks na te gaan. Terselfdertyd toon dit die patroon wat gevolg is deur die Nederduitse Gereformeerde Sending, by name in sy buitelandse sending, om so 'n Kerk te institueer.

Soos deur Latourette vermeld, het die Kaapse Kerk (Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Kaap-Provinsie) eerste begin om sendingwerk in Sentraal-Afrika te onderneem. Op 28 Nov. 1889 stig ds. A.C. Murray en eerw. T.C.B. Vlok die eerste sendingstasie, Mvera, namens hierdie Kerk in Njassaland. Hierdie sendingwerk van die Kaapse Kerk in Sentraal-Njassaland het mettertyd ontwikkel tot wat seker die vrugbaarste en bes-georganiseerde sendingveld van die hele Nederduitse Gereformeerde Kerk is. Volgens die jongste statistieke is daar in die Jong Kerk, wat uit die Nederduitse Gereformeerde Sending in Njassaland ontstaan het, reeds 60,000 lidmate met 30 inheemse leraars teenoor 11 blanke leraars (sendelinge).(148)

Op 10 Mei 1865 vergader die eerste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die O.V.S. te Bloemfontein. Hoewel die Voorsitter

---

(146) K.S. Latourette, 1945, Vol.V, p.387. Vgl. ook verder : (1) E.W. Smith: „The Way of the White Fields in Rhodesia", London 1928, p.87. (2) J. Richter: „Evangelische Missionskunde", Band I, „Evang. Missionsgeschichte", Leipzig 1927, p.103. (3) C.P. Groves, 1951- '58, Vol.III, p.234. (147) E.A. Venter, 1952, p.167.

(148) „Jaarboek N.G. Kerke", 1956, p.121 en 488. Sien verder oor hierdie Sending : (1) A.C. Murray: „Ons Nyasa-Akker", Stellenbosch. (2) M.W. Retief : „Verowerings vir Christus", Stellenbosch 1948.

herinner aan „de drukkende en kommervolle dagen" waarin die Sinode byeenkom, as gevolg van „den zeer waarschijnlijken oorlog met de Basutonatie",(149) besluit die Kerk tog om daadwerklik met sendingwerk te begin. Die oë is op die aangrensende Basoetoland gerig. Tot tyd en wyl die deure daarheen oopgaan, sal finansiële hulp aan die Kaapse Sending gegee word, „tot zoolang de Kerk alhier in staat zij zelve dit werk te aanvaarden".(150) Intussen doen baie predikante sendingwerk binne hul gemeenteressort, tesame met hul pligte in eie gemeente. In 1874 is toestande so gunstig dat 'n sendeling, in die persoon van ds. G.A. Maeder, op Witzieshoek onder die Basoeto kon geplaas word. Nadat die veld in die O.V.S. beset en werk op Witzieshoek 'n aanvang geneem het, besluit die Sinode van 1897 die „Synodale Zending Commissie verlof te geven om hare werkzaamheden uit te breiden buiten de grenzen van den Oranje Vrijstaat, met opdracht om zoo spoedig mogelijk daarmede te beginnen".(151)

Die volgende jaar kom daar by die sendelinge op Mvera boodskappers aan van Mpezeni, die opperhoof van die Angoni-stam in die oostelike provinsie van Noord-Rhodesië, met die versoek om ook onder sy volk te kom sendingwerk doen. Waarskynlik was die drangrede hiertoe nie 'n verlange na die godsdiens nie (Mpezeni het nooit by die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk aangesluit nie), maar was daar bymotiewe. Latourette noem dat hoofmanne meermale die sending uitnooi, maar eintlik die beskawing begeer.(152) In die sendinggeskiedenis van Afrika is daar ook die geval van die doop van die „Koning van die Kongo", in 1491, slegs vier dae na die aankoms van die Roomse sendelinge en terwyl hy in 'n burgeroorlog verkeer. Prof. du Plessis oordeel oor hierdie geval : „The Christian baptism could have meant very little more to him than a ceremony to render him victorious over his foes".(153)

Wat die motiewe van Mpezeni ook al was, sy versoek het vir die Nederduitse Gereformeerde Sending 'n geopende deur beteken waarby hulle moes ingaan. Toe die Kaapse Kerk egter op daardie stadium nie sy weg oopsien om nog 'n sendingveld in Sentraal-Afrika te begin nie, nader hy die Vrystaat. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die O.V.S., wat

---

(149) Acta Synodi, 1865. (150) Ibid.
(151) Acta Synodi, 1897. (152) K.S. Latourette, 1945, Vol.V, Opsomming.

reeds besluit het om sy werk na gebiede buite die Unie uit te brei, is dadelik hiertoe bereid. Op 5 Julie 1899 stig eerw. P.J. Smit en ds. J.M. Hofmeyr Magwero, die eerste sendingstasie van die Vrystaatse Nederduitse Gereformeerde Kerk in Noord-Rhodesië.(154)

Noord-Rhodesië beslaan 'n oppervlakte van 285,130 vk. myl en is geleë op die plato van Sentraal-Afrika tussen lengtegrade 22 en 33 Oos en breedtegrade 8 en 18 Suid. Volgens die jongste sensussyfers (1951) word die bevolking as volg saamgestel :

| | | |
|---|---|---|
| Blankes | : | 37,221 |
| Asiate | : | 2,529 |
| Kleurlinge | : | 1,092 |
| Naturelle | : | 1,890,000 |

In die Oostelike Provinsie, waar die grootste deel van die werk van die Nederduitse Gereformeerde Sending verrig word, woon 980 blankes en 334,000 naturelle.(155)

Die volgende besonderhede i.v.m. die bevolkingsdigtheid, deur Lord Hailey verskaf (in „An African Survey", London - New York - Toronto, 1938, p.108), toon dat Noord-Rhodesië veel dunner as ander gebiede in Suidelike Afrika bevolk is :

| | | |
|---|---|---|
| Noord-Rhodesië | : | 4.7 per vk. myl, |
| Suid-Rhodesië | : | 8.6 " " " , |
| Njassaland | : | 42.6 " " " , |
| Unie van Suid-Afrika | : | 20.3 " " " , |
| Basoetoland | : | 48.0 " " " . |

Die Sendingwerk het vinnig gevorder. In die woorde van prof. du Plessis : „The Orange Free State - - - has the same tale to tell of rapid expansion".(156) Vir 'n volledige beskrywing van hierdie Sending word verwys na die boek „En Daar Was Lig".(157) Vir die doel van hierdie verhandeling word die aandag bepaal by die kerklike ontwikkeling alleen.

---

(154) C.P. Groves in sy „The Planting of Christianity in Africa", Vol.III, gee op p.235 die begindatum van die Nederduitse Gereformeerde Sending in Noord-Rhodesië foutief aan as 1910.

(155) Volgens „The Northern Rhodesia Handbook", Lusaka 1953, p.30 en 55.

(156) J. du Plessis, S.j., p.308. Ook die „World Christian Handbook", London 1949, toon die N.G. Sending aan as een van die grootste en vrugbaarste in Noord-Rhodesië. (op p.278).

(157) J.M. Cronjé: „En Daar Was Lig", Bloemfontein 1948.

Hooftaak van die Sending was die geestelike werk. As newe-dienste is met dankbaarheid en seën van mediese-, opvoedkundige- en industriële werk op die tien sendingstasies van die Nederduitse Gereformeerde Sending, wat in die Oostelike Provinsie van Noord-Rhodesië totstand gekom het, gebruikgemaak. Die Sending het dus ook van die Allesomvattende Benadering („Comprehensive Approach") gebruikgemaak.

In Suid-Afrika het die L.M.S. veel kritiek uitgelok met sy metode van stigting van nedersettings vir hul aanhangers (Vgl. Bethelsdorp). Ook in die Belgiese Kongo het die Roomse Scheutveld-Vaders sulke christelike kolonies probeer aanlê.(158) In die Ooste het die stigting van sulke „dessas" dikwels voorgekom. J. Richter kritiseer sterk die sending wat „die Getauften ganz von der vergifteten Umwelt ihrer heidnischen Dörfer aussonderte und in christlichen Kolonien mit christlicher Lebensordnung ansiedelte".(159)

Dit was nooit die beleid van die Nederduitse Gereformeerde Sending om bekeerlinge in sulke kolonies op sendingstasies saam te trek nie. Hulle moes die sout van hul omgewing in die reservate bly. D.m.v. die buitepesstelsel is evangelisasiesentra dus deur die hele reservaat aangelê, waar die bekeerlinge verder bearbei en die evangelie aan die heidene gebring is. Van belang is die resultaat van hierdie metode, veral soos beoordeel deur 'n buitestaander, J.R. Shaw, vir byna 40 jaar al 'n sendeling van die Metodiste in Noord-Rhodesië : „Another great mission which has been working in Northern Rhodesia for a long time, but of which one does not hear much of in Britain, is that of the Dutch Reformed Church in the Orange Free State. - - - That mission has persisted in doing thorough work in the rural areas. The work has been blessed by God, and churches with great memberships have been established".(160) Die gemeentes waarvan hier melding gemaak word, met hul ledetal, is die volgende :

| Gemeente. | Stigtingsdatum. | Lidmate. |
|---|---|---|
| 1. Magwero-Tamanda | 1906 | 1,218 |
| 2. Madzimoyo | 1912 | 1,937 |
| 3. Fort Jameson | 1913 | 700 |
| 4. Nyanje | 1914 | 1,483 |

(158) Vgl. Latourette, 1945, Vol.V, p.421. (159) 1936, p.296.
(160) 1953, p.214.

| | Gemeente. | Stigtingsdatum. | Lidmate. |
|---|---|---|---|
| 5. | Nsadzu | 1916 | 1,253 |
| 6. | Hofmeyr | 1916 | 705 |
| 7. | Merwe | 1923 | 1,010 |
| 8. | Kamoto | 1928 | 165 |
| 9. | Lusaka | 1935 | 1,366 |
| 10. | Broken Hill | 1936 | 399 |
| 11. | Nkana | 1936 | 479 |
| 12. | Luanshya | 1936 | 339 |
| 13. | Mufulira | 1944 | 651 |
| 14. | Ndola | 1947 | 300 |
| 15. | Katete | 1947 | 1,900 |
| 16. | Mwangazi | 1948 | 1,299 |
| 17. | Chingola | 1949 | 215 |
| 18. | Masabuka | 1950 | 453 |
| 19. | Livingstone | 1954 | 587 |
| 20. | Bateli | 1954 | 533 |
| 21. | Jerusalemu | 1956 | 400 |
| | | | 17,394 (161) |

'n Jong Kerk het op sy pad na selfstandigheid behoefte aan :

(a) Sy eie leraars. Daarom het die Nederduitse Gereformeerde Sending in Noord-Rhodesië reeds in 1929 die eerste inboorlingleraar (Justo Mwale) ontvang. Blanke leraars is almal deur die Moederkerk in Suid-Afrika opgelei. Inboorlingleraars is aan die begin deur die Nederduitse Gereformeerde Sending in Njassaland te Mkhoma opgelei. Sedert 1980 word hulle op Madzimoya in Noord-Rhodesië opgelei. Die Teologiese Skool op Madzimoyo val geheel en al onder jurisdiksie van die Sendingkerk aldaar : Die Sendingkerk stel 'n Curatorium, Toelatingskommissie en Eksamenkommissie aan en legitimeer, orden en bevestig die leraars na voltooiing van hul studies. (162) Dit duidelik dat die Sendingkerk aldaar in hierdie opsig ver op die pad na selfstandigheid in die praktyk gevorder het. Die kursus wat aangebied word in die Teologiese Skool, is 'n vierjarige met Nyanja as voertaal en sluit die volgende vakke in :

(161) Jaarboek N.G. Kerke, 1959. (162) Ibid.

Dogmatiek, Christelike Etiek, Eksegese, Inleiding, Kerkgeskiedenis, Sendingwetenskap, Sendinggeskiedenis, Ander godsdienste en rigtings, Pastoraal, Homiletiek, Kategetiek, Kerkreg en Kerkwet, Argeologie, Gemeentelike Administrasie, Liturgiek, Aardrykskunde van Palestina en Bybelgeskiedenis. Die doserende personeel bestaan uit twee blanke leraars en een naturelleleraar. Ook die vroue van die studente ontvang voorgeskrewe onderrig om hul te bekwaam vir hul taak as leraarsvroue.

Die feit dat daar op die oomblik 12 blanke sendelinge is teenoor 11 inboorlingleraars, terwyl daar ook nog 8 studente in die Teologiese Skool op Madzimoyo is, toon dat die swaartepunt besig is om te verskuif na die kant van die inboorlingleraars.

Die geskiedenis van die Separatistiese Kerke in Suid-Afrika het getoon dat separatisme veral daar voorkom waar daar 'n gebrek aan goed-opgeleide leraars is. Deeglike opleiding bring stabiliteit. Daarom bestaan die verwagting dat die leraars van die Sendingkerk in Noord-Rhodesië met hul vierjarige opleiding die eenheid van die Kerk sal bewaar en dit op die regte weg sal lei.

(b) <u>'n Inheemse Literatuur</u> is 'n tweede behoefte van 'n Jong Kerk op sy pad na selfstandigheid. Die Nederduitse Gereformeerde Sending en Jong Kerk in Noord-Rhodesië het in hierdie opsig groot hulp ontvang van die drukpers en uitgewery van die Sustersending te Mkhoma in Njassaland, wat ook dieselfde taal (Nyanja) as voertaal gebruik. Deur middel van publikasies van Mkhoma, aangevul deur eie publikasies, beskik die Sendingkerk in Noord-Rhodesië tans oor die volgende boeke wat van belang vir die kerklike lewe is en beskikbaar is vir die uitbouing van 'n eie teologie : Die volle Bybel („Buku Lopatulika Ndilo Mau a Mulungu"), die Kategismus („Katekisma"), liederebundel („Nyimbo"), O.T.-Bybelgeskiedenis („Mbiri ya Kale"), N.T.-Bybelgeskiedenis („Mbiri ya Moyo wa Ambuye Yesu"), Kerkgeskiedenis („Mbiri ya Eklesia"), Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sending in Njassaland en in Noord-Rhodesië („Mbiri ya Misyoni ya D.R.C.M." en „Kwayera"), weerlegging van die Russelliete („Ziphunzitso za Acitowala") en Roomse („Ciroma"), preekbundel deur 'n naturelleleraar („Kuwandulika Munthu Wina"). 'n Tweede Bundel is tans op die pers :

(„Mphatso Yesiyira Otsala"), praktiese sielesorg („Makopedwe"), 'n boekie oor die Hiernamaals („Akufa Ali Kuti ?"), handleiding vir kerkraadslede („Moye ndi Nchito za Oyang'anira"), Kommentare oor Efese („Aefeso") en die Bergpredikasie („Ciphunzitso ca pa Phiri"), 'n verwerking van die „Pelgrimsreis" („Za Ulendo wa Mkristu") en 'n reeks verhale met geestelike strekking („Coipa Citsata Mwini"). Die gesamentlike Kerkblad, „Mthenga ndi Muuni" verskyn maandeliks.

Verblydend is dit dat 'n paar inboorlingleraars al nuttige publikasies die lig laat sien het. Bv. genoemde preekbundels en die handleiding vir kerkraadslede.

Hoewel sommige Westerse begrippe (bv. name van metale en edelgesteentes) moeilik vertaalbaar in Nyanja is, leen die taal hom egter goed tot die oordra van christelike begrippe. Die rykdom van spreekwoorde waaroor die taal beskik, bied 'n gulde geleentheid vir die tuisbring van 'n waarheid op 'n treffende en effektiewe wyse. Hier volg 'n paar voorbeelde :

(a) „Mwana wa kaya sacira" : die kind waaroor getwyfel word, word nie gesond nie. M.a.w. hy wat twyfel ontvang nie.

(b) „Coipa citsata mwini" : die sonde volg sy eienaar (letterlik). M.a.w. jou sonde sal jou vind.

(c) „Wayendera mwana salema" : Hy wat 'n kind soek, word nie moeg nie.

(d) „Gunkumu abvomera ndi mutu, mtima ukana" : Die koggelmander buig sy kop instemmend, maar sy hart sê nee.

(e) „M'imvi muli mtapo" : In grysheid is daar wysheid.

Heel aan die begin het die gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Sending in Noord-Rhodesië saam met dié in Njassaland 'n s.g. „Gemeenteraad" gevorm, wat die funksie van 'n Ring vervul maar ook wetgewende mag besit, onderhewig egter aan die goedkeuring van die Sendingraad (Vergadering van blanke sendelinge). As redes daarvoor word opgegee :

„1. Die werk van die Raad te vergemaklik.

2. Om gebruik te maak van die kennis en raad van inboorlingouderlinge in sake rakende inboorlinggebruike en,

3. Die wordende inboorlingkerk op te voed tot 'n regte besef van sy verantwoordelikheid en verpligtinge". (163)

Weens die groot uitbreiding van die werk kry die gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Sending in Noord-Rhodesië in 1916 hul eie Gemeenteraad.

Nou bestaan daar twee liggame : die Sendingraad (bestaande uit die blanke personeel), wat die werk in die algemeen bestuur, en die Gemeenteraad vir spesifieke kerklike aangeleenthede. E.g. verteenwoordig die Sending, l.g. die wordende Jong Kerk. Van belang hier is egter die reëling dat alle besluite van die Gemeenteraad eers deur die Sendingraad goedgekeur moes word en dan na die Sendingkommissie in die O.V.S. vir hul bekragtiging deurgestuur is. „De volgende Gemeente Raadsbesluite word goedgekeur" (164) „Die Raad keur goed en bekragtig die volgende Wette en Bepalinge van die Gemeenteraad". (165) En selfs : „Bovengenoemde Gemeente Raads besluiten worden Uitv. Raads besluiten". (166) So heg was die verband nog. Daar was reeds ses geïnstitueerde gemeentes met die stigting van die Gemeenteraad in 1916. Vanaf 1929 het die eerste inheemse leraars gekom. Hoewel die plaaslike kerke reeds geïnstitueerd was, volledig met die drie ampte, het hierdie kerke egter geen volledige selfstandigheid gehad nie. Al hul besluite was onderhewig aan beide die Uitvoerende Raad (Sendingraad) in die veld en die Sendingkommissie tuis. Dit verskil dus grootliks van die praktyk van die Gereformeerde Sending.

Hierdie reëling het voortgeduur tot by die institueering van 'n Sinode in 1943. Sedertdien het die Sendingraad geen jurisdiksie meer oor besluite van 'n kerklike liggaam nie, dog ontvang net 'n periodieke verslag van die Voorsitter van die Sinode oor die gemeentelike en Sinodale werksaamhede ter informasie en ontwikkeling van belangstelling by die nie-geordende arbeiders in die Sending.

Voetius, „de vader van de Gereformeerde Zendingsleer", (167) bepaal die doel van die sendingwerk as volg :

1. Die „conversio gentilium, Muhammedistarum, Judaeorum",

2. Die „plantatio ecclesiae". Die „conversio" maak „infideles"

---

(163) Vertaal uit Notule Gemeenteraad van Njassaland, p.1.
(164) Notule Uitvoerende Raad, 1922, pt. 19. (165) Ibid., 1923, pt. 18.
(166) Ibid., 1919, pt.15. (167) J.H. Bavinck, 1954, p.21.

tot „fideles", tot „membra Ecclesiae", en hieruit word die Kerk gevorm.

8. Die „gloria et manifestatio gratiae divinae", as „ultima et suprema causa finalis" van die Sending.(168)

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk stem saam : „Insameling van siele sonder opbouing van 'n sigbare Kerk, voldoen nie aan die bevel van Christus nie". (169) Die ondervinding leer ook : „Aus der Predigt kommt der Glaube, aus dem Glauben die Kirche".(170)

Die eerste plaaslike Kerk (Magwero-Tamanda) is reeds in 1905 geïnstitueer, met ampte van ouderling en diaken. In 1916 word begin met 'n voorlopige Ring (die Gemeenteraad). Op 3 Julie 1943, toe die Sending 44 jaar oud is, vind hierdie ontwikkeling sy laaste stadium : die institueering van 'n Sinode, saamgestel uit die afgevaardigde leraars en ouderlinge van 16 gemeentes.

I.v.m. hierdie Sinode dien op die volgende gelet te word :

(1) Dit „is saamgestel uit al die diensdoende Sendelinge en Naturelleleraars - - - en een afgevaardigde Ouderling uit elke gemeente".(171) Alle geordende Sendelinge is dus volle stemhebbende lede van die Sinode. Die gebruik is dan ook dat die sendeling leraar van 'n gemeente is. Staan hy saam met 'n naturelleleraar in 'n gemeente, is hulle medeleraars. Die gebruik hier verskil dus aanmerklik van dié van

---

(168) Sien H.A. van Andel, 1912, p.143.
Vgl. ook Bavinck, 1954, pp.21, 77, 157.
G.E. Phillips : „The Gospel in the World", p.169.
A. Kuyper : „De Zending naar de Schrift", Amsterdam 1871, p.11.

(169) „Sendingbeleid van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke", p.4. Verder : „Dit is nie genoeg as die gemeentes uit die heidendom tot 'n Kerk georganiseer is nie. Daardie kerk moet ontwikkel om mettertyd selfstandig te word. Waar die moederkerk in die begin die hele finansiële verantwoordelikheid gedra het, moet die las geleidelik deur die inheemse kerk op die skouers geneem word, totdat hy eindelik geheel selfonderhoudend, selfregerend en selfuitbreidend is. Waar die geestelike arbeiders in die begin deur die moederkerk verskaf was, moet hulle langsamerhand uit die dogterkerke self gevind en doeltreffend opgelei word, totdat die dogterkerke later volkome selfstandig is" (Verslag „Konferensie van Kerkleiers", Pretoria 1953, p.37.)

(170) Richter, 1936, p.295. (171) „Konstitusie van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van die Oranje-Vrystaat in Rhodesië", in „Wetboek Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat", uitgawe 1956, Bylae II,E., p.96. Daar is 'n gelykluidende bepaling in die Wetboek van die Sendingkerk in Noord-Rhodesië.

die Gereformeerde en Hervormde Kerke van Nederland (Vgl. Hf. 2a en b).

(2) „Die Voorsitterskap word deur 'n Sendeling waargeneem".(172)

(3) „Twee lede van die Sinodale Algemene Sendingkommissie, wat daartoe deur hierdie Kommissie benoem is en die Sendingsekretaris, het reg van sitting en stemming in die Sinode van die Sendingkerk".(173)

(4) „Al die besluite van die Sinode van die Sendingkerk moet binne dertig dae na afloop van die vergadering aan die Sinodale Algemene Sendingkommissie deur die Scriba meegedeel word, en hulle het krag van wet as die Sinodale Algemene Sendingkommissie nie binne neëntig dae een of ander besluit reserveer nie".(174)

Hieruit blyk dat hoewel kerke met aldrie ampte geïnstitueer is, wat reeds Ringe en 'n eie Sinode het, hierdie Jong Kerk nog sterk onder die „bevoogding" en toesig van die Sendende Kerk staan. By die aanvang van die werk het die Sendeling op sy eie alle besluite geneem. Daar het in die loop van jare egter ontwikkeling in die selfstandigheid van die Jong Kerk in Noord-Rhodesië gekom : Ringe en 'n Sinode is gevorm waarin naturelleverteenwoordigers (leraars en ouderlinge) medeseggenskap met die blanke sendelinge het. Tot volle statutêre selfstandigheid het dit egter nog nie gekom nie, soos reeds hierbo aangetoon. Vandaar die vraag na selfstandigwording en die noodsaaklikheid van 'n nuwe oriëntering.

(d) <u>'n Nuwe Oriëntering.</u>

I.v.m. die wêreldwye studie oor die lewe van die Jong Kerk, wat in hierdie tyd deur die Internasionale Sendingraad onderneem word, word die huidige toestand van die Jong Kerke m.b.t. hul selfstandigheid as volg geskets :

(1) Die mees gevorderde toestand waar „the Church has become so far indigenized that all fear of the dominance of the non-national has gone, and he is welcomed". Hier is dus Jong Kerke, ten volle outonoom, wat wel nog dankbare gebruik van sendelinge maak, sonder om meer sy oorheersende invloed te vrees.

---

(172) EN (173) <u>Wetboek Nederduitse Gereformeerde Kerk O.V.S.</u>, Bylae II, E p.93.

(174) <u>Ibid.</u>, p.97. Vgl. <u>„Wette en Bepalinge"</u> van die Kaapse Nederduitse Gereformeerde Kerk, <u>vir soortgelyke bepalings</u>, veral t.o.v. die Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk in S.A. (Grondwet Artt. VIII b en IX) en die Shona-Gereformeerde Kerk (Grondwet Artt. 8 en 9).

(2) 'n Minder ontwikkelde stadium is dié waar „Churches have just reached the stage of self-realization, when it is expedient for nationals to replace foreign office-bearers in the church as rapidly as possible."

(3) 'n Derde toestand is daar waar „a missionary body is still dominant in guiding the development of the Church".(175)

Hieraan getoets, sou die Nederduitse Gereformeerde Sending nog by die derde stadium wees, maar is in sommige opsigte die tweede stadium alreeds bereik. Dit is egter dringend nodig dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk die hele verhoudingsvraagstuk (Ou tot Jong Kerk) ernstig sal oordink en tot 'n nuwe oriëntering kom. Anders dreig die groot gevaar dat werk, wat deur baie jare met groot offers opgebou is, nie tot sy regmatige eindresultaat sal kom nie. Veral dien op die volgende gelet te word :

(1) Die eis van die Skrif en die Kerkreg.

Soos in hoofstuk I aangetoon, is volgens die N.T. en die Gereformeerde Kerkreg, die geïnstitueerde plaaslike kerk 'n komplete en selfstandige Kerk. Soos dit in die geval van die blanke Kerk is, moet dit ook in die geval van die sendingkerk gesien word. Die Skrif ken hier geen verskil nie. Die Gereformeerde Kerk van Nederland, wat hierdie beleid volg, het dit ook so toegepas op Java : waar 'n gemeente gestig en die drie ampte ingestel is, daar is dit beskou as 'n volwaardige, selfstandige Kerk, al het dit nog behoefte aan die hulp van die sendeling (in adviserende hoedanigheid).

Opmerklik is dit dat waar die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir sy kerkleer en kerkregering steeds kontak en hulp by die Gereformeerde rigting in Nederland gaan soek het, daar baie min hiervan in die praktyk van die sending gevind word. Alleen in die jongste tyd is daar verandering in hierdie opsig en oefen ook Bavinck se „Inleiding in de Zendingswetenschap" groot invloed uit in die Nederduitse Gereformeerde Sending.

Waar die Nederduitse Gereformeerde Sending m.b.t. die vraagstuk van die selfstandigheid van die Jong Kerk dus meer ingerig was volgens die patroon van die Angelsaksiese (Vgl. Henry Venn) en Duitse Sendinge (G. Warneck. Ook strenge bevoogding van die Duitse Sendinge - hoofstuk

(175) Taylor, 1954, p.3.

2c), daarom het die huidige situasie ontstaan : Jong Kerke, met selfs Ringe en 'n eie Sinode, waarvan alle besluite egter nog onderhewig aan die goedkeuring van die Moederkerk is, en waarin die blanke sendeling tot 'n groot mate nog in 'n heersende posisie verkeer. Wil die Nederduitse Gereformeerde Kerk as Kerk op Gereformeerde grondslag gevestig, egter die Skrif en die Gereformeerde Kerkreg tot hul reg laat kom in sy beleid t.o.v. die verhoudingsvraagstuk, dan sal hy ernstige aandag moet gee aan hierdie primêre beleidstellings : „Geen Kerk mag oor 'n ander Kerk heers nie" en „de Javaansche Kerk is met ons gecoördineerd, niet aan ons gesubordineerd". Ook is dit noodsaaklik dat die hele vraagstuk van die selfstandigheid of selfstandigwording van die Jong Kerk op 'n ander niveau geplaas en bespreek sal word. M.a.w. dat dit in die eerste plek as 'n geestelike saak gesien sal word en nie as 'n organisatoriese nie. Hoe noodsaaklik Venn se drie kriteria ook al is as ideale vir die Jong Kerk, wat met alle mag nagestreef moet word - as norme vir selfstandigheid kan hulle egter nie aangewend word nie.

Waar die meeste ander Sendinge ook op een of ander stadium in hul ontwikkelingsgang in die toestand was waarin die Nederduitse Gereformeerde Sending (bv. in Noord-Rhodesië) tans verkeer, is dit opmerklik dat daar by hulle ook 'n kenmerkende aarseling was om selfstandigheid aan die Jong Kerk te gee. „Begrijpelijk is de aarzeling van de moeder om het kind, dat leert lopen, los te laten, de aarzeling, van de ouders om hun zoon een zelfstandige positie te geven, de aarzeling van den Zendeling om aan de Inheemsche Christenen de vrije beslissing in hun zaken over te laten".(176)

Hierdie aarseling spruit uit vrees by die Moederkerk dat die Jong Kerk foute sal maak en nog nie bekwaam genoeg is om die werk instand te hou nie. Lenwood antwoord hierop : „It is as true of a Church as of a man that 'he who never makes a mistake, wil never make anything'."(177)

Roland Allen kritiseer die sendinge skerp dat hulle veels telank die jong Christene in 'n afhanklike posisie geplaas het : „We have been anxious to do something for them. And we have done much. We have done everything for them - - - - but very little with them. We have done

(176) van Andel, 1934, p.572. (177) 1923, p.518.

everything for them except give place to them".[178] As grondoorsaak vir hierdie traagheid vind Allen 'n gebrek aan geloof in die Gees van God, wat self Sy Kerk bekragtig en instandhou. „We believe that it is the Holy Spirit of Christ which inspires and guides us : we cannot believe that the same Spirit will guide and inspire them".[179] „Er moet volle ernst gemaakt worden met het beginsel dat Christus het Hoofd dezer kerken is en niet wij", verklaar Kraemer.[180]

Vir die selfstandigmaking van die Jong Kerk is daar twee uiterstes wat vermy moet word :

(1) 'n Te snelle selfstandigverklaring, met die gevolg dat die Kerk na 'n tydjie degenereer en verdwyn. Veral onder min-ontwikkelde volkere is hierdie gevaar groot. Die moontlikheid bestaan „dat men zich gaat vergenoegen met kerkje-spelen",[181] sonder in besit te wees van die nodige lewenskragtigheid. Die Jong Kerk moet georiënteerd wees, nie in die eerste plek aan organisasies en reglemente nie, maar aan die Skrif. Die kerk moet toon dat hy 'n gevestigde christelike lewe het en instaat is om die ampte instand te hou. „De zendingshistoricus Latourette heeft er meermalen op gewezen, dat de zendingsgeschiedenis leert, dat alleen die kerken werkelijk zelfstandig kunnen zijn en krachtig geestelijk leven vertoonen, die de beschikking hebben over een adaequaat corps van goed-opgeleide, 'inheemsche' krachten".[182] Daarom moet die opleiding van inboorlingleraars prioriteit in die sendingwerksaamhede ontvang, indien tot daadwerklike selfstandigmaking van die Jong Kerk wil oorgegaan word. Daar moet geskikte inheemse leiers wees om die verantwoordelikheid van en leiding in 'n selfstandige kerk te aanvaar. Een van die verslae van die Internasionale Sendingraad oor die opleiding van leraars in Afrika se bevinding in hierdie verband is as volg : „The Commission recommends that the training of ministers be moved to a central place in the work of missions and churches, with whatever severe readjustments that change will require. - - - We believe that not less than one-fourth of missionary personnel and effort should be wholeheartedly directed to the training of ministers and of lay workers in the churches, both of

---

(178) 1912, p.190. (179) Ibid., p.190. (180) 1934, p.555.
(181) Kraemer, 1937, p.54. (182) „Zending in Indonesië", 1946, p.67.

new candidates and of those already in service".(183)

(ii) Die tweede, en ook meer aktuele uiterste, waarvoor gewaak moet word, is : „Der Missionar hüte sich, eine Gemeinde zu lange am Gängelbande zu führen".(184) Prof. Gerdener bevind dat „anders as die oorsese Kerke wat hul gesante feitlik 'n vrye hand gee om tot kerkstigting oor te gaan, is die Nederduitse Gereformeerde Kerk deur sy aanwesigheid by die dogterkerke beslis in die versoeking om medeseggenskap te wil behou en die Jong Kerke te lank aan die leiband te hou en hul selfstandigwording te vertraag."(185) Prof. J.H. Bavinck wys daarop dat deur te lang bevoogding die Jong Kerk „kunstmatig onmondig gehouden wordt".(186) Die Kerk leer nie verantwoordelikheid dra nie en latente kragte en moontlikhede daarin kom nie tot ontwikkeling nie. In alles word maar na die sendeling opgesien en hy moet alles doen. Dit is vir die sendeling self ook gevaarlik : hy kom in die versoeking om homself as onmisbaar en die Jong Kerk as totaal onbekwaam tot selfstandige optrede te beskou.

Na die eerste Wêreldoorlog kon die Sendinge in Kenia nie meer toereikende fondse vir die voortsetting van die werk kry nie. Die toestand is aan die gemeentes gestel en die resultaat was „a most encouraging one and one that resulted in the complete re-organization of the work on lines suggested by the natives themselves". Voorheen is die sendeling beskou as „a never-failing banker" en die inboorlingwerker as „an underpaid servant of a society, rather than an ambassador for Christ among his own people". Nou dra hulle egter self die verantwoordelikheid en so ontstaan selfonderhoudende en selfregerende kerke. „The Africans do not want a Western Church, nor a Church governed by Europeans. That does not mean that they do not want Europeans. They fully realize the value of guidance and advice, but unless the European missionary is prepared to decrease and let the African increase, he will be left to his own resources and his work will be looked upon as foreign".(187)

Die Sending moet ook gedurig waak teen die skepping van kerklike masjinerie wat te ingewikkeld mag word vir die Jong Kerk om eventueel oor

---

(183) „Survey of the Training of the Ministry in Africa", Deel II, 1954, p.94.
deur M.S. Bates e.a.

(184) Schomerus, 1935, p.95. (185) 1952, p.517. (186) 1954, p.200.
(187) Rampley, 1930, p.377 - 379.

te neem. Anders word daar geklae soos die Jong Kerk in Japan oor die „foreign system that will clothe young David not only in the armour of King Saul, but still worse, in that of the Philistine Goliath".(188)

Die Skrif en die Gereformeerde Kerkreg eis die selfstandigmaking. Daarby kom :

(2) Die Versoek vanuit die Jong Kerk self. Oral in die sendingwêreld het die Jong Kerk mettertyd begin verlang na selfbeskikking. As dit hulle kerk is, en nie die blanke sendelinge s'n nie, dan versoek hulle ook om die leiding daarin te hê. Dit is 'n natuurlike ontwikkeling, wat oral te verwagte was, en wat ook in die Nederduitse Gereformeerde Sending in Suid-Afrika al sy verskyning gemaak het. Uit die Vrystaat skryf die naturelleleraar E.M. Tsooi : „Die Bantoe voel trots om te verneem dat die Sendingkerk mettertyd selfstandig sal word, maar hy moet van nou af geleer word om die verantwoordelikheid te dra". Daar is „'n dors na leierskap".(189) Naturelleleraar S. Tema vind „dat die naturel op kerklike gebied verlang na 'n eie nasionale Bantoekerk gebou op al wat volkseie is en nie op 'n blanke kultuur of lewensbeskouing of kerklike tradisie nie". Hy voeg daaraan toe : „In 'n sendingkerk wat onder beheer van 'n blanke kerk staan, bly daar altyd dinge wat vreemd is aan die naturel se denkwyse en lewensbeskouing maar wat nie noodwendig bots met die leer en voorskrifte van Christus nie. . . . Al wat ek voor pleit is 'n gestadige gees van vryheid aan die Sendingkerk om self te ontwikkel onder die leiding van die Heilige Gees op aparte Bantoe-nasionale bodem, en nie streng langs die weg wat die blanke Kerk in Europa gevolg het nie".(190)

Dis nie 'n teken van opstandigheid of dislojaliteit nie. „The wise mission anticipates the demands of the adolescent church as does the wise parent those of the child, and for the same reason, because freedom is a necessary condition of real growth".(191)

In die sendingwêreld het die Moederkerke ag geslaan op dergelike versoeke van die Jong Kerk en hulle tegemoetgekom. Die Nederduitse Gereformeerde Sending sou dwaas wees om dit nie te doen nie. I.v.m. die

---

(188) Verslag Jerusalem 1928, Vol.III, p.52.
(189) In „Die Kerkbode", 7 Mei 1952, p.945.
(190) S. Tema, 1950, p.31. Vgl. ook A.P. Mokheseng : In Od H., Junie 1950, p.65 vv.
(191) G.E. Phillips, 1939, p.180.

Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië, waar dergelike stemme nog nie opgegaan het nie, is die volgende beleid noodsaaklik : „It is always wise for the missionaries to be so forward looking in their attitude that they will be ready to turn over authority to the national church before a request is made for it".(192)

(3) Oral in die sendingwêreld het die <u>opkoms van nasionalisme</u> die selfstandigwording van die Jong Kerk bespoedig en soms veroorsaak. „Diese verlangen stürmisch nach völliger Unabhängigkeit von ihren bisherigen geistlichen Vätern und absolute Selbständigkeit".(193) Dit was die uitwerking van die nasionalisme op primitiewe volkere. In Noord-Rhodesië het 'n akute nasionale oplewing se pas begin. Die Jong Kerk sal spoedig die effek daarvan gewaarword. Die Sending moet wyslik handel en die nadelige invloed hiervan voorkom deur betyds en openhartig met die Jong Kerk oor sy selfstandigwording te spreek. Sodoende kan die oplewing van die nasionale gevoel selfs 'n bondgenoot gemaak word om kerklike selfstandigheid te bevorder. Tot 'n baie groot mate word die toekomstige verhouding tussen Ou en Jong Kerk bepaal deur die wyse en geduldige optrede van die Ou Kerk in die delikate tydperk van selfstandigwording.

Hoe presies moet die selfstandigwording van die Jong Kerk, by name in Noord-Rhodesië, plaasvind ?

Vooraf dien daarop gelet te word dat 'n gevestigde toestand, wat oor 'n periode van 'n halfeeu of langer strek, nie oornag verander kan word nie.(194) 'n Te spoedige terugtrekking van die blanke sendelinge sal fataal vir die Jong Kerk wees, wat nog nie geleer is om verantwoordelikheid te dra en leiding te neem nie. Netso futiel egter sal dit wees as die blanke sendelinge te lank 'n magsposisie in daardie Kerk beklee. By die groeiende verlange na selfbeskikking, versterk deur die opkomende nasionalisme, sal dit net lei tot spanning tussen Ou en Jong Kerk en die gevoel van frustrasie by laasgenoemde.

Daar is reeds getoon dat by die Gereformeerde Sending op Java

---

(192) <u>T.S. Soltau</u>, 1954, p.163. Vgl. ook <u>verslag Edinburgh 1910</u>, Vol.II p.358.

(193) <u>Schomerus</u>, 1935, p.208.

(194) „Der Sprung aus der früheren Nicht-Verantwortlichkeit in die Verantwortung ist zu weit", T. Müller-Kruger, 1940, p.142.

daar nie 'n ongemaklike stadium van „selfstandigmaking van die Jong Kerk" voorgekom het nie, omdat die gemeentes vanaf hul institusring met die nodige ampte reeds as selfstandige Kerke beskou en behandel is. By ander Sendinge, wat nie volgens hierdie Gereformeerde patroon ingerig is nie, was daar egter 'n oorgangstadium nodig, waarin die verantwoordelikhede en magte aan die Jong Kerk oorgedra word. So bv. was die geval by die Nederlandsche Hervormde Sending (Vgl. hoofstuk 2 b).

In die werk van die Paryse Sendinggenootskap in Basoetoland, waar „the missionary conference - - - had the right to vote against any of the Synod's decisions",(195) is besluit om 'n derde liggaam, die s.g. „Seboka", tussen die Sendingraad en die Sinode in die lewe te roep. Die „Seboka" bestaan uit die blanke sendelinge en die inboorlingleraars. Hulle bespreek dan alle sake rakende die Kerk en probeer om die verhouding tussen Kerk en Sending reg te hou. So 'n liggaam het die voordeel dat die Jong Kerk se leiers voel hulle word in die vertroue van die Sending geneem en weet presies wat die beleid van die Sending t.o.v. die toekoms van hul Kerk is.

Die sendingwerk van die „Presbyterian Church in the U.S.A." in Brasilië bied 'n goeie voorbeeld van werk wat gedoen is en 'n kerk-organisasie wat gevorm is, min of meer volgens die patroon van die Nederduitse Gereformeerde Sending (bv. in Noord-Rhodesië). Ook toon dit 'n weg aan waarlangs geraak kan word uit die impasse veroorsaak deur die oorheersende posisie van die sendeling aan die een kant en die drang na selfbeskikking by die Jong Kerk aan die ander kant. Dis dus nodig om kortliks daarop in te gaan.

Na die werk daar vrug gedra het, is Ringe gevorm. „In these organizations missionaries and nationals sat as members on equal footing".(196) Dus netsoos in die Nederduitse Gereformeerde Sending. Later kom die behoefte aan 'n Sinode : „In 1888 an independent national Presbyterian Church was organized with the full consent and approval of the mother churches. Missionaries and nationals continued to work side by side as equals in the presbyteries and synod and afterwards in the General Assembly". Weer netsoos by die Nederduitse Gereformeerde Sending.

(195) Berthoud, 1949, p.159.

(196) Aangehaal by : Verslag Jerusalem 1928, Vol.III, p.295 - 296.

Hierdie toestand het voortgeduur tot 1916, toe besef is dat daar 'n verandering moet kom. Gevolglik is 'n Komitee benoem, bestaande uit inboorlinge en lede van die Sending en Moederkerk, om 'n nuwe skema van samewerking uit te werk waarin die verhouding van Sending tot Jong Kerk duidelik omskryf en die arbeidsveld van elkeen bepaal word.

Die hoofpunte van hierdie plan is as volg opgestel :

(1) Eerstens die erkenning deur die Moederkerk dat die Jong Kerk selfstandig is : „There exists in Brazil an autonomous National Presbyterian Church". Hieruit vloei dan die volgende riglyne :

(2) „That missionaries shall not be members of the presbyteries except under special and determined circumstances, and that nationals shall not be members of the mission".

(3) „That missionaries shall not become pastors of churches under presbyterial jurisdiction. - - - But there may be mutual interchange of workers for determined periods of time and for specific work - - - within the bounds of fraternal courtesy".

(4) „That missionaries ceded to the national Church for specific forms of service shall hold their membership in presbyteries of the Church at home, reporting their work fully to the competent authorities".

Behalwe gespesialiseerde hulp aan die Jong Kerk (literatuur, onderwys, Teol. Skool, ens.) wy sendelinge hul aandag aan onbearbeide, heidense gebiede. Dit geskied in samewerking met die Jong Kerk en gemeentes daar gevorm, word ook by die bestaande Jong Kerk ingelyf.

I.v.m. finansiële hulp aan die Jong Kerk is besluit : „Such grant shall be made for one year only, and, if continued, shall be diminished annually in a ratio of 8 per cent, at least, of the amount at first granted".

Tenslotte is daar 'n skakelkomitee in die lewe geroep, bestaande uit inboorlinge en verteenwoordigers van die Moederkerk en Sending om te sorg vir die vlotte uitvoering van hierdie plan.

Die ondervinding was dat die plan goed gewerk het in Brasilië and „would probably prove helpful or entirely satisfactory, wherever the indigenous church has its independent autonomous life".

Vir die selfstandigwording van die Jong Kerk in Noord-Rhodesië

(Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk) sal in soortgelyke rigting gedink moet word. Vooraf moet die Sending (in oorleg met die Moederkerk) bepaal presies wat sy beleid is en hoe hy die selfstandigwording in die praktyk voorsien. Dan moet die planne aan die Jong Kerk (miskien voorlopig eers net aan die naturelleleraars) voorgelê en verder uitgewerk word. Daarna moet gehandel word. Dit is ook verkieslik dat kontak gesoek word met die ander Sendinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Want wat in een Sendingkerk geskied, raak die ander ook. Daarom is dit so wenslik dat die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke buite die Unie, waarin in baie opsigte veel verder met die selfstandigwording as in die Sendingkerke binne die Unie gevorder is, direkte verteenwoordiging op die Federale Sendingraad kry. Of as alternatief : dat die drie Nederduitse Gereformeerde Sendinge in die Federasie van Midde-Afrika hul eie Federale Sendingraad stig. Sodoende kan veel van mekaar geleer en eenheid van optrede verseker word.

Vir die deurvoering van die selfstandigwording is, behalwe die wil daartoe by die Moederkerk, twee dinge essensieel :

(1) Die aanwesigheid van bekwame naturelleleiers in die Jong Kerk, wat die verantwoordelikhede en leiding op hulle kan neem. Hier moet egter onthou word dat hulle daarin geoefen moet word deur die sendeling. Die latente talente moet ontwikkel word, al word daar ook soms foute gemaak. Hulle sal nie bekwaam raak as hulle nie die geleentheid tot oefening en ontwikkeling kry nie. Hiermee hang saam die reeds beklemtoonde prioriteit wat aan hul opleiding gegee moet word.

(2) Die bereidwilligheid van die sendeling om terug te staan, om minder te word sodat die inheemse kerkleier meer kan word. Op die vooraand van die Tambaram-Konferensie het John Mott verklaar : „At least once in a generation there is need of re-thinking and re-stating the function of the missionary. The hour has struck when this vital service needs again to be rendered".(197) Ook t.o.v. die Nederduitse Gereformeerde Sending is daar vandag so 'n noodsaaklikheid. Bavinck waarsku dat die sendeling hom geen „apostolische autoriteit" mag aanmatig nie - die apostoliese amp bestaan nie meer nie.(198) Daarom is 'n episkopaalse of

---

(197) J.R. Mott, 1938, p.317. (198) J.H. Bavinck, 1954, p.12.

kwasi-episkopaalse stelsel nie aanvaarbaar nie.

Gerdener verklaar : „Die verhouding vader - seun wat in die vroegste stadia van die Sending so vrugbaar is, moet allengs oorgaan in die verhouding van broeders en susters in die Here Jesus Christus. Ons gelykheid voor God moet in die alledaagse handel en wandel tot openbaring kom. - - - Die taak van die sendeling is helper in en nie opsigter van die inheemse kerk nie". (199)

Freytag oordeel tereg dat „der Schwerpunkt, der Haupteinsatz liegt im Dienst an der jungen Kirche". (200)

Voor die selfstandigwording was die taak van die sendeling in vele opsigte baie makliker, want hy kon alles self inrig soos dit hom beste voorkom. Nou moet hy egter met die Jong Kerk saamwerk en dit eis veel geduld, takt en selfverloëning. Dit stel swaar persoonlike eise aan die sendeling. Daarom noem Bavinck ook : „Nergens wordt zoveel nederigheid gevraagd als in het zendingswerk". (201)

Terwille van sy roeping en vir die suksesvolle bereiking van die doelwit - 'n selfstandige Kerk - is die sendeling verplig om hierdie offer te bring. Al kan hy dieselfde werk gouer en beter doen, moet hy die inboorling dit leer doen. Waar 'n inboorlingleraar saam met 'n blanke sendeling in 'n gemeente staan, moet hy die inboorling as pastor loci beskou, wat die ampspligte waarneem. Hy moet almeer sy funksie as raadgewer en bemoediger sien.

Die sendeling bly nodig en word nie oorbodig nie. Sy status en funksie in die Jong Kerk verander egter radikaal. „Daar sal in die toekoms vir die Sendelinge van ons Kerk nog baie werk wees", verklaar die Federale Sendingraad. (202) „De zendingstaak is bij de zelfstandigwording ener jonge kerk geenszins geëindigd. Niet alleen op allerlei practische terrein kunnen de jonge en veelszins nog zwakke en onervaren kerken de hulp der oudere niet ontberen, maar evenzeer en zelfs in de eerste plaats hebben zij geestelijke en theologische bijstand nodig. Ofschoon zelfstandigheid ener kerk niet mag worden uitgesteld totdat, naar het oordeel der zending, de gemeente tot rijpheid zijn gekomen - deze opvatting van zelfstandigheid is allerminst bijbels - toch mag

(199) 1952, p.1130. (200) 1940, p.198. (201) J.H. Bavinck, 1948(c), p.27.
(202) Notule Federale Sendingraad, Aug. 1953.

selfstandigheid ook niet met zich brengen, dat de jonge kerken door de oudere worden losgelaten".(203)

J.H. Bavinck oordeel ook dat die Jong Kerk „al is ze zelfstandig in allerlei opzicht, toch nog te zeer onmondig is - - - in de eerste jaren nog zeer leiding-behoevend - - - de zorg van den zendeling niet ontberen konden".(204)

Die diens van die sendeling aan die Jong Kerk is egter nie meer om te gebied en te oorheers nie, maar te adviseer en saam te werk.

Die besluitsbevoegdheid en leiding moet oorgaan in die hande van die leiers van die Jong Kerk self. Na 'n oorsig van die wyse van totstandkoming van die Christelike Kerk onder vreemde volkere deur die eeue heen, geraak Latourette tot die volgende konklusie : „When the leadership continues to be foreign the Christianity at best is passive. If Christianity is to become 'indigenous' among any people it is to the evoking and training of this leadership and the encouragement of this self-government that mission policy is most wisely directed".(205)

Hiermee saam val ook die vraag na die posisie van die sendeling : Moet hy lidmaat (en dus leraar) van die inheemse Kerk word, of lidmaat van die Moederkerk bly ?

Sendinge antwoord hierop op drie verskillende maniere :

(1) By sommige moet hy beslis lidmaat van die inheemse Kerk word (Vgl. Die Skotse Sending in hoofstuk 2 d). By Whitby is geoordeel dat die sendeling „in every respect (should become) a member of the church which he is to serve. - - - eligible for any position of labour, responsibility or dignity to which he may be called by the voice of the Church".(206)

(2) Ander oordeel dat hy lidmaat van beide Jong en Ou Kerk moet wees.

(3) 'n Derde beskouing is dat die amp van sendeling dié van 'n gesant van die Sendende Kerk na 'n heidense gebied is. Sodra inheemse werkkragte na vore gekom het, moet hulle die verantwoordelikhede van die werk aanvaar en trek die sendeling hom almeer terug. Hier vind geen integrasie van die sendeling in die inheemse Kerk plaas nie. Die pastorale arbeid word deur die inboorlingpredikante gedoen ; die sendelinge bly aan om raad te gee en te adviseer en gespesialiseerde arbeid aan die Jong Kerk te lewer. Ook die leiding van die Kerk is in die hande van

lees agterop asseblief.

(203) Dankbaar, 1947 - '48, p. 349, p. 199.

(205) 1940, p. 440.

(206) Ranson, 1948, p. 177 - 178.

inheemse Kerkleiers. Die sendeling is en bly lidmaat van die Moederkerk alleen.

Dit is die beleid van die Nederduitse Gereformeerde Sending en dis bepaald die beste so om die inheemse leiers volle seggenskap in hulle kerk te laat kry en alle konkurrensie met die blanke sendeling uit te skakel. Wanneer die blanke sendelinge nie meer almal nodig is in die Jong Kerke nie, moet hulle 'n arbeidsveld in die Moederkerke kan vind, soos oorsee die geval is.

Indien die Jong Kerk, b.v. in Noord-Rhodesië, sou verlang dat hulle volle lidmate van die Kerk daar sal word, sal die posisie en lidmaatskap van die sendeling egter heroorweeg moet word.

In hierdie beleid staan die Nederduitse Gereformeerde Sending nie alleen nie. Ook in die Gereformeerde Kerk van S.A. se sending is „die blanke sendeling geen lidmaat van die Jong Kerk nie".(207) Die beleid van die „Christian Reformed Church of America", soos toegepas in Nigerië, is hul beleid oral, nl. „our missionaries in Nigeria continue in close fellowship with the native organized church but are not members of that church, nor do they place themselves under the jurisdiction of the native consistories".(208)

Op die vraag : „Should the ordained missionary serve a local church of 'nationals' as its pastor ?" antwoord G.E. Phillips : „In general, no, because the development of a native ministry is a supremely important means for the building up of an indigenous church. In exceptional circumstances he naturally steps into any breach. - - - But commonly it is wise for the missionary to avoid alike the pastorate, and any other position of authority. - - - He can serve the Church better, through less obviously, by standing behind the pastor, if he has won his friendship, in the many contingencies in which he needs a wise friend".(209)

In die Nederduitse Gereformeerde Sending, by name in Noord-Rhodesië, is nodig 'n nuwe oriëntering m.b.t. die selfstandigwording van die Jong Kerk aldaar, maar ook m.b.t. die volgende twee sake wat daarmee saamhang, t.w. die Beroepstelsel en die Naam van die Kerk.

(1) <u>Die Beroepstelsel.</u>

In die Nederduitse Gereformeerde Sending is daar die opmerklike

(207) Brief prof. P.J.S. de Klerk, Okt. 1954.
(208) Brief Rev. H.J. Evenhouse, 12 Okt. 1954. (209) 1939, p.191 - 192.

verskynsel dat die beroepstelsel in swang is in die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke binne die Unie, terwyl in die Nederduitse Gereformeerde Sending in die buiteland (d.i. buite die grense van die Unie) 'n verplasingstelsel toegepas word. Leraars word geplaas en verplaas deur die Sinode. Dit vloei daaruit voort dat die praktyk in die buitelandse sending in verskillende opsigte verskil van dié in die binneland. Wat die beroepstelsel betref, is die afwesigheid daarvan miskien ook te wyte aan die Angelsaksiese en Duitse invloed op die beleid in die buiteland, meer as die van die Gereformeerde rigting.

'n Verplasingstelsel soortgelyk aan die by die Nederduitse Gereformeerde Sending in die buiteland word by verskillende oorsese Sendinge aangetref. In die Presbiteriaanse Sending in Japan is bv. in die lewe geroep „a joint board consisting of an equal number of missionaries and Japanese pastors. This has the power of - - - the appointment and discharge of Japanese pastors".(210) Van die Skotse Sending in Kenia word verklaar : „Working on a system more akin in some respects to that of Methodism than of Presbyterianism, the Presbytery usually moves the ministers to different circuits about every three years".(211)

Vir die Gereformeerde beskouing egter is die uitbring van 'n beroep die privilege van 'n gemeente wat voortvloei uit haar selfstandigheid.

Calvyn toon aan dat hoewel Paulus besonder sterk oortuig is van 'n Goddelike roeping tot die werk van die Here, hy en Barnabas ook deur die gemeente in opdrag van die Heilige Gees afgesonder is tot die werk. Hy lei hieruit af dat God „na vooraf gezegd te hebben, dat Hij Paulus tot een apostel der heidenen bestemd heeft, toch wil dat hij door de Kerk verkozen wordt".(212)

Vir Bouwman is beroeping „het recht der verkiezing, dat volgens de H. Schrift aan de gemeente toekomt".(213) „Elke plaatselijke kerk is, hoe klein ook, eene zelfstandige kerk, is autonoom in eigen kring, en het zou ongepast zijn, om voor het beroepen van een dienaar des Woords verlof van de classis te vragen. Elke kerk heeft behoefte aan een dienaar, en zoo zij daartoe in staat is, heeft zij ook den plicht om te beroepen".(214)

Bavinck verklaar dat „deze uitwendige roeping echter middellijk

(210) Aangehaal by Verslag Edinburgh 1910, Vol.II, p.351. (211) Calderwood, 1947, p.39. (212) Institusie, IV, III, 14. (213) 1928, p.386. Sien ook p.373. (214) By Ibid., p.395.

is en geschiedt door de gemeente in Jezus' naam. De Schrift laat hier geen twijfel over, Hd.1 : 23, 6 : 2-6, 2 Cor.8 : 19. In de eerste eeuwen oefende de gemeente dit recht ook feitelijk uit ; zelfs de bisschop werd door de gemeente gekozen". Daarom hou die Gereformeerdes vas „dat het recht tot beroeping van dienaren des Woords bij de gemeente berustte - - - De hierarchische ontwikkeling, die met het opkomen van het episcopaat een aanvang nam, beroofde de gemeente van alle vrijheid en zelfstandigheid".(215)

Reeds die vroegste Nederlandse Kerkvergaderings (bv. Convent van Wesel 1568, Sinode van Emden 1571, Sinode van Dordrecht 1578 en Sinode van Middelburg 1581) besluit dan ook in die gees dat niemand „geoorloofd zijn de dienst des Woords en der Sacramenten te betreden, zonder wettelijk daartoe beroepen te zijn". (216)

Art.31 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely : „Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en diakens vir hul ampte gekies moet word deur wettige verkiesing van die Kerk". Art.3 van die Kerkorde van Dordrecht lui : „Dit sal vir niemand geoorloof wees om die diens van die Woord en die Sakramente uit te oefen sonder dat hy wettig daartoe beroep is".(217)

Is dit alles ook nou van toepassing op die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië ? Ja, indien hierdie Kerk hom op Gereformeerde grondslag stel en die prinsipe ook van sy kerkregering in die Skrif gaan soek. Opmerklik is dat ouderlinge en diakens daar wel deur die gemeente verkies word, maar die bedienaar van die Woord nie. Daarom word in die Wetboek van hierdie Kerk ook bepaal aangaande 'n „mbusa wotumidwa" of „wosinthika" („'n leraar wat gestuur is" of „verplaas is") (218) en nie „woitanidwa" („wat beroep is") nie.

Aangaande die praktyk in die Sending wys Voetius daarop dat „de plantende kerk of de planter verkrijgt niet het recht om te heerschen over het geloof of de macht en vrijheid der reeds geconstitueerde kerk, zoodat zij haar een dienaar des Woords zouden mogen opdringen".(219)

In die Gereformeerde Sending is die gemeente toegelaat om te beroep sodra dit behoorlik geïnstitueer is. Ook in die Sending van die Nederlandsche Hervormde Kerk in Indonesië is die beroepstelsel inge.

---

(215) H. Bavinck, 1918, Vol.IV, p.415 en 420. Vgl. ook Lohman & Rutgers, 1887, p.20. (216) Jansen, 1952, p.16. (217) Aangehaal by Wetboek Nederduitse Gereformeerde Kerk O.V.S., uitgawe 1952, p.139. (218)Artt.9 en 21, „Malamulo, Malangizo ndi Zoikika zace za Eklesia wa Misyoni ya Dutch Reformed Church wa Orange Free State mu Rhodesia" (219) van Andel, 1912, p.187.

voer.[220]

Waar by ander Sendinge, wat ook op Gereformeerde grondslag staan, reeds die beroepstelsel in swang is en dit ook die geval is met die Nederduitse Gereformeerde Sending binne die Unie, het die tyd seker ook nou aangebreek vir die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië om hom oor hierdie saak te besin en tot 'n nuwe oriëntering te kom. Die selfstandigheid van 'n Kerk eis ook selfstandige optrede van 'n gemeente m.b.t. die uitbring van 'n beroep.

Hier weer is dit nie moontlik om 'n beleid, wat 'n halfeeu lank toegepas is, oornag te verander nie. Aan die ander kant mag dit egter ook geen verskoning wees om die status quo oneindig te laat voortduur nie. Die Sendingkerk moet eers deeglik oorweeg, verkieslik in oorleg met die aangrensende Nederduitse Gereformeerde Sending in Njassaland en Suid-Rhodesië, hoe presies die ou praktyk van plasing en verplasing deur 'n nuwe beleid van beroeping vervang moet word.

In Noord-Rhodesië het die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk sommige gemeentes met sentrum in die reservaat. Omdat dit in 'n naturellegebied is, mag blankes (ook die Sendeling of Sending) nie daar permanent woon nie en het daar ook geen eiendomsreg nie. Hierdie gemeentes sal altyd 'n inboorlingleraar aan die hoof moet hê - in teenstelling met die gemeente wat sy sentrum in die blanke gebied op die sendingstasie het, waarvan die inboorlingleraar en sendeling albei leraar kan wees (volgens huidige gebruik). Miskien moet begin word met die toepassing van die beroepstelsel in hierdie gemeentes in die reservaat. Dit moet egter mettertyd na alle gemeentes uitgebrei word. Dit bring mee :

(1) Die blanke sendeling is, volgens die beleid van nie-integrasie van die sendeling in die Jong Kerk (vgl. die vorige afdeling oor „die posisie van die sendeling"), nie beroepbaar nie. Hy kan wel as „Konsulent" help waar nodig en 'n vakature tydelik vul.

(2) Daar moet voldoende inheemse predikante vir al die gemeentes wees. Op die oomblik is daar 11 vir 21 gemeentes. 'n Flinke vermeerdering is dus nodig.

---

(220) Sien J. Bosch, 1954, Deel I, p.55 vir 'n interessante beskrywing van hoe die beroeping plaasvind.

Hier ook sal daar bepaald aarseling wees om 'n bestaande beleid te verander. Die verplasingstelsel het ook die voordeel gehad dat waar die samewerking tussen 'n leraar en sy gemeente nie na wens was nie, die leraar verplaas kon word. Daar lê egter dieper waarhede ten grondslag van die hele vraagstuk, al het verskillende stelsels hul besondere voor- en nadele. Die sendeling is ook nog altyd daar om die Jong Kerk met advies te dien en te help waar nodig.

(2) Naam van die Kerk.

By die instituering van 'n Sinode op 3 Julie 1943 het die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk aldaar die naam gekry van „Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van die Oranje-Vrystaat in Rhodesië."

Oor hierdie naam merk prof. Gerdener aan : „Kan Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk altyd bevredig ? Bevat so 'n naam soos Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van die O.V.S. in Rhodesië nie 'n uitdaging om te kom tot 'n volbloed Gereformeerde of Presbiteriaanse Chinyanjakerk van Midde-Afrika nie ? Kan 'n Kerk Nederduits en Bantoe tegelyk wees ?" (221) Verder : „Dit word selfs 'n vraag of die woord Nederduits nog pas by Bantoe ! Name soos Bantoe-Presbiteriaanse Kerk en Shona Gereformeerde Kerk is beslis meer uitdagend vir inheems heid en selfstandigheid as Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk en Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van die O.V.S. in Rhodesië". Daar is eintlik nie so iets as 'n sendingkerk nie ; immers, sodra daar 'n Kerk gestig word, tree die Sending op die agtergrond". (222)

„Die inheemse Kerke is nie gedien met 'n uitheemse vreemde naam vir hulle Kerk nie. - - - Dit moet 'n inheemse naam wees. - - - Europese name vir inheemse kerke klink onvanpas. Hoe sal 'Chinese Nederduitse Gereformeerde Kerk' in die hart van China klink ?", verklaar ds. J.A. Retief. (223)

Bedenkinge is daar dus bepaald in te bring teen die offisiële naam van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Rhodesië :

---

(221) In „Die Kweking van Selfstandige Inheemse Kerke", 1951, p.41.

(222) Gerdener, 1952, p.1085. (223) p.292.

(1) Die naam „Sendingkerk". Hierdeur word in Afrikaans bedoel 'n Jong Kerk wat as vrug op die sendingwerk in 'n bepaalde gebied ontstaan het. In Nederlands word dit egter ook toegepas op die Moederkerk as 'n Kerk wat Sendingwerk doen.(224) Ook „Zendingsgemeente" word deur Nederlanders gebruik vir die moedergemeente „die, hunner roeping getrouw, feitelijk deelnemen aan het werk der Zending, in welke mate dan ook".(225) Dis dus vatbaar vir misverstand en kan verwarrend werk.

Verder : Meeste kerke het tog eventueel as produk van die sendingwerk ontstaan, maar 'n eie naam, sonder 'n verbinding met „Sending", gekies. By selfstandigwording van 'n Kerk verloor die woord „Sending" („Sendingkerk") eintlik sy krag en betekenis. Hierdie selfstandige Jong Kerk is nou nie meer 'n voorwerp van sendingwerk in sy oorspronklike betekenis nie, dog word 'n susterkerk wat self ook sendingwerk doen.

Toe 'n Sinode onder die Bantoe in die Kaapprovinsie in 1951 geïnstitueer is, is die naam van die Kerk vasgestel as die „Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk in Suid-Afrika". Dus : „Bantoekerk" en nie „Sendingkerk" nie. Ook in Transvaal word oorweeg „om ons kerknaam te verander na ‚Die Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk van Transvaal'".(226) D.w.s. „Sendingkerk" te verander in „Bantoekerk".

(2) Die term „Nederduits". Tereg vra prof. Gerdener of dit pas by „Bantoe" ? Immers, Nederduits wys heen na 'n volksgroep, al het dit saam met „Gereformeerde" die vaste benaming van die Moederkerk geword.

(3) Die uitdrukking „Van die O.V.S. in Rhodesië" staan ook oop vir kritiek. In die Skrif is daar geen presedent hiervoor nie. Antiochië stuur Paulus en Barnabas om sendingwerk te gaan doen en kerke te stig. Dog nêrens lees ons van „die Sendingkerk van Antiochië in Griekenland, of in Klein-Asië, of te Efese" nie. Daar word slegs gemeld van „die Kerk van Christus in . . . . ".

In hierdie dae van 'n drang na selfbeskikking en oplewing van Bantoe-nasionalisme mag die uitdrukking „Sendingkerk van die O.V.S." ook steurend wees vir 'n selfstandige Jong Kerk, as sou daarmee 'n bepaalde mate van ondergeskiktheid aan die Sendende Kerk veronderstel word. Veral in sy Nyanja-ekwivalent, „ekklesia wa Misyoni" („Kerk van die Sending"),

---

(224) Vgl. J.H. Bavinck se boek : „Onze Kerk Zendingskerk".
(225) Alers, s.j. p.10.
(226) Verslag Sinodale Kom. in DK. 1 Des. 1954, p.763.

is hierdie gevaar nog groter.

Bepaalde nadele is daar dus aan die huidige naam van die Kerk verbonde. Die probleem bly egter om die ideale naam te vind, wat in Afrikaans en in 'n Bantoetaal ewe geskik sal wees.

Watter naam het ander Sendinge aan die Jong Kerke gegee ? Hier was daar verskil :

(1) Sommige verbind die naam van die Kerk aan dié van die volk. Bv. die „Batakkerk" (Kerk van die Batakvolk). 'n Voorbeeld hiervan in die Nederduitse Gereformeerde Sending is die „Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk" of „Shona Gereformeerde Kerk". Hier is egter meer as net die naam van die volk. „Bantoe" sluit baie etniese groeperings in. In die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië is daarin geslaag om verskillende stamme (Acewa, Angoni, Ansenga, Alunda, Awisa, Ambo en Asori), wat matrilineale en patrilineale volksgroepe insluit, bevredigend in een kerk te laat saamwerk. Die naam van een van hierdie stamme sal dus nie geneem kan word nie, dog „Bantoe" wel.

(2) Ander Jong Kerke neem weer die naam van die gebied waarin hul bestaan : „Church of Basutoland", „The Church of South Shantung", „De Kerk van Oost-Java". Hiertoen kan aangemerk word : Is daar dan geen ander kerke in daardie gebied nie, sodat hierdie kerk die alleenreg op die naam het ? En ook : Wat is die karakter van hierdie kerk - Rooms of Protestants, Gereformeerd of Episkopaals, ens. ? Die naam gee geen aanduiding nie.

(3) 'n Derde groep gee iets van die karakter van die Kerk weer en verbind dit met óf die betrokke volk, óf bepaalde lokaliteit, óf albei. Bv. „The Lutheran Church of China", „The Bantoe Presbyterian Church of South Africa", „The Methodist Church in Fiji".(227)

Dit is bepaald die mees gewenste rigting. Die naam moet ook die karakter van die Kerk aandui en desnoods ook die lokaliteit. „Shona-Gereformeerde Kerk" was bepaald 'n gelukkige keuse. Dit dui die Kerk aan as staande op Gereformeerde grondslag. Die „Shona" vooraan maak dit egter van toepassing net op 'n bepaalde volksgroep in Suid-Rhodesië. Kerke onder ander stamme, of waar meer as een volksgroep in 'n Kerk

(227) Vir offisiële name van Jong Kerke sien die verslae van Edinburgh, Jerusalem en Tambaram.

saamgevat is, sal dit dus nie kan oorneem nie.

Daarom is „Bantoe-Gereformeerde Kerk" die verkieslikste. Dit kan oral in suidelike Afrika gebruik word, met byvoeging van die lokaliteit : „in die Kaapprovinsie", „in Noord-Rhodesië", ens. 'n Probleem wat hier te bowe gekom sal moet word, is om 'n bevredigende vertaling daarvan in die betrokke Bantoetaal te maak, sodat die inheemse lidmaat dit sonder moeite kan aanvaar en gebruik.(228)

'n Laaste saak wat bespreking verdien in die beleid van die Nederduitse Gereformeerde Sending m.b.t. die selfstandigwording van die Kerk is die van toesig oor die Jong Kerk.

(e) Toesig.

Hoewel Bavinck sterk opkom vir die selfstandigheid en selfbeskikkingsreg van die Jong Kerk, bring hy ook die volgende aspek van die saak onder die aandag : „Intussen heeft in al deze dingen de practijk een krachtig woord meegesproken. Die practijk wees al spoedig uit, dat die jonge Kerken op de zendingsvelden als regel in de eerste tijd de zorg van de sendeling niet ontberen konden", die gemeente is „in de eerste jaren nog zeer leiding-behoevend.(229)

'n Bepaalde mate van hulp en toesig is dus gebiedend noodsaaklik.

In die Sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gaan ook sterk stemme op vir toesig (meermale „superintendensie" genoem) oor die Jong Kerk en sy leraars. „Ons moet 'n stelsel hê waarvolgens ons sendelinge, of sommige van hulle wat die nodige kwalifikasies besit, in 'n toesighoudende hoedanigheid oor 'n aantal Bantoeleraars aangestel word. Dit kan in ons stelsel van Kerkregering ingepas word. In die buiteland, waar ons sendingwerk baie suksesvol gedoen word, het ons dit".(230)

Hier moet egter versigtig gehandel word : In die eerste plek

---

(228) By die Sinode van 1957 is die naam van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië verander tot „Bantoe-Gereformeerde Kerk in Noord-Rhodesië. (In Engels : „African Reformed Church"). Vir die doel van hierdie tesis word die ou naam egter nog gebesig, omdat die onderwerp van die verhandeling onder hierdie naam by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat geregistreer is.

(229) J.H. Bavinck, 1954, p.199. (230) M.W. Retief, 1955, p.16.

is dit in stryd met die Gereformeerde Kerkreg (Vgl. Dordtse Kerkorde, Art.83 : „Geen Dienaar moet oor 'n ander Dienaar enige heerskappy voer nie"). So 'n sendeling sou kerkregtelik byna 'n biskop wees. Die beroep op die presedent van die buitelandse sending gaan ook nie heeltemal op nie. In 'n insiggewende en belangwekkende artikel verduidelik A.S. Labuscagne die praktyk in Njassaland o.m. as volg : „Die Ring het deur sekere besluite aan die blanke sendeling sekere magte toegeken, of, beter gestel, die sendeling gevra om vir sekere dinge verantwoordelik te wees". Dit tref veral hulp en advies in gemeentes met naturelleleraars aan die hoof (S.g. „Abusa"-stasies). „Indien moontlik, word dit so gereël dat hy die kerkrade, nagmale, ens. kan bywoon, maar indien hy nie kan gaan nie, gaan hulle sonder sy teenwoordigheid voort". Ook met die opstel van die Ringstatistiek en ander organisatoriese werksaamhede verleen hy hulp. Dog „van superintendensie in die gewone sin van die woord is daar geen sprake nie en is daaraan ook geen behoefte nie".(231)

Die Sending wil dus die selfstandige optrede van die plaaslike Kerk met sy inheemse predikant nie aantas nie, maar help en adviseer sonder om te heers. Die groot sukses van hierdie beleid in Njassaland is seker ook bevestiging van die wenslikheid daarvan. Ook in die Nederduitse Gereformeerde Sending in Noord-Rhodesië is hierdie beleid van die Njassa-Sending met dankbaarheid oorgeneem en word dit op dieselfde wyse toegepas.

Sommige voorstanders van „superintendensie" sien die saak so : „Die toesig gaan uit van en geskied namens die moederkerk. Daar kan dus nie sprake wees van een leraar wat oor 'n ander leraar toesighou binne dieselfde kerk nie, wat in stryd sou wees met die gereformeerde kerkreg. Daarby is die reg van die moederkerk om toesig te hou oor haar sendingonderneming onbetwyfelbaar".(232)

Hier moet egter onderskeid tussen „Sending" (of „Sendingonderneming") en „Jong Kerk" („Sendingkerk") gemaak word. Die reg van die moederkerk om toesig oor haar sendingwerksaamhede („Sending") te hou, is bepaald onbetwyfelbaar. Maar wanneer daar as vrug op die sendingonderneming 'n Kerk totstandgekom het, verander die posisie heeltemal. Dan het die Moederkerk nie meer met 'n „Sendingonderneming" te doen nie, maar

(231) 1954, p.28 en 32. (232) J.P. Jacobs, in „Die Kweking van Selfstandige Inheemse Kerke", 1951, p.106.

met 'n Kerk. En netsoos die Gereformeerde Kerkreg verbied dat een Dienaar van die Woord oor 'n ander Dienaar enige heerskappy voer, netso verbied dit ook dat een Kerk oor 'n ander Kerk heerskappy sal voer. Enige vorm van hiërargie word afgekeur.

Die ingrypende vraag, waarmee Sending en Jong Kerk gekonfronteerd staan, is dus : Hoe om die so nodige toesig in die gemeentes toe te pas, sonder om die Gereformeerde Kerkreg geweld aan te doen ? Of is 'n Gereformeerde sendingbeleid in hierdie opsig onuitvoerbaar ?

O.i. is die Gereformeerde beleid ook in hierdie opsig toepaslik en gewens. In die praktyk van Kerkvisitasie, die werk van die Visitatore, lê die oplossing van die vraagstuk. Dit toon ook 'n mate van ooreenkoms met die beleid gevolg in Njassaland, deurdat dit van die Ring (en nie Moederkerk nie) uitgaan : „Elke Ring moet drie van sy Dienaars aanstel om oor sy gemeentes opsig te hou tydens die reses". So lui dit in die „Konsep van die Kerkorde van Dordrecht, vir informasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat", Art. 44.(233)

Wanneer die Ring hiertoe oorgaan, is dit geen heerskappy van een Kerk oor 'n ander Kerk nie, maar die nakom van die plig van hierdie meerdere vergadering om aandag aan die gemeentelike lewe te gee en te sorg vir die goeie orde in die Kerk asook die handhawing van die kerklike Wette en Verordeninge in die Ringsressort.

Waar die Ring dit doen, word die gevaar ook vermy dat dit deur die Jong Kerk aangesien sal word as oorheersing van die kant van die Sending - soos dit die geval sal wees indien die Moederkerk dit probeer toepas. Netsoos die Konsulent in 'n vakante gemeente namens die Ring optree, nadat hy vooraf deur die Ring daartoe benoem is, netso tree die Visitatore namens die betrokke Ring op.

Wat dus nodig is, is alleen 'n uitbreiding van die beleid soos in Noord-Rhodesië (en Njassaland) toegepas :

(1) Waar die Ring tot dusver alleen een blanke sendeling gevra het om sekere pligte namens die Ring waar te neem in 'n gemeente waar net 'n naturelleleraar staan, sal die Ring nou twee of drie leraars as Visi-

---

(233) In die Wetboek Nederduitse Gereformeerde Kerk in die O.V.S., 1952, p.145. Sien ook Wette en Verordeninge Art. 101 (6) oor die „waarneem van die Kerklike Ondersoek" as plig van die Ring.

tatore moet aanstel om genoemde pligte te vervul. Dis uiters gewens dat die meerderheid van hulle inboorlingleraars sal wees. Anders word hulle te maklik aangesien as die nog oorheersende hand van die Sending.

(2) Dit behoort ook uitgebrei te word tot alle gemeentes in die Ringsressort. Ook die sendeling wat nog leraar van 'n gemeente is, veral in die begin van sy bediening, sal met groot dankbaarheid gebruikmaak van die wyse raad van die Visitatore.

(3) Jaarliks moet aan die Ring verslag gedoen word. Dit kan met vrug saam met die Staat van die Godsdiens by die Ringsvergadering behandel word.

Bouwman wys daarop dat 'n Kerkvisitasie 'n baie ou gebruik in die Kerk is. Dit is alreeds toegepas in die Frankiese Rykskerk van Karel die Grote : „voor het toezicht op het kerkelijke leven werden geregeld visitaties gehouden".(234) Die toenemende willekeur in die liturgie, noodtoestande in die gemeente en die onkunde van die opgroeiende geslag „drongen Luther er toe, den keurvorst van Saksen te verzoeken, een visitatie in te stellen"(235). Deur hierdie „Kurfürstliche Visitation" het hy getrag om die kerk van verval te red.

Van à Lasco, wat aan die hand van Bucer, Calvyn en andere 'n voortreflike Gereformeerde kerkinrigting vir Oos-Friesland ingestel het, word vermeld : „Tot de versterking van de orde en de tucht in de gemeenten hield hij geregeld een visitatie".(236)

I.v.m. die vereiste dat net 'n wettiglik georden̈de persoon die sakramente in 'n gemeente mag bedien, vermeld Bouwman : „Nog altoos wordt bij de Kerkvisitatie een onderzoek ingesteld of alleen bevoegde personen in de gemeente optreden".(237)

---

(234) 1928, Deel I, p.165. (235) Ibid., p.206. (236) Ibid., p.237.
(237) Ibid., p.373.

# HOOFSTUK 4.

## SELFSTANDIGE UITINGE VAN DIE JONG KERK.

Uit die selfstandigheid van die Jong Kerk vloei ook die vryheid, wat hierdie Kerk moet besit, om tot selfstandige uitinge in sy christelike lewe te kom, byname met betrekking tot die Konfessie en die Liturgie.

Voetius het hom alreeds besiggehou met die vraag of die Sendende Kerk aan die Jong Kerk kon „voorschrijven bepaalde kerkelijke regels, gebruiken, formulieren, orde en wijze der predikdiensten etc. ?" As antwoord hierop verklaar hy : „Neen. Want elke geconstitueerde kerk bezit haar eigen vorm, regeering en macht ; even zoo goed als een mensch door de geboorte uit zijne ouders een eigen wezen en eene menschelijke gedaante heeft, van die zijner voortbrengers wel onderscheiden".(1)

In die reedsgenoemde rede van Kuyper (1890), wat deur „de helderheid van betoog, en bovenal door de zuiverheid van haar beginselen" imponeer,(2) het hy onder sy metodologiese stellings die volgende opgeneem : „De Zending onder de Heidenen en Mahomedanen moet zich, in de prediking van de Wet en van het Evangelie beide, richten naar den bijzonderen aard van het volk, waaronder ze optreedt, vooral naar het gehalte van haar afgoderij ; en voorts aan de Belijdenis van den Christus volkomen vrijheid laten, om, zoodra ze tot eigen Kerkenformatie leide, dien eigenaardigen vorm aan te nemen, die bij de bestaanswijze van zulk een volk past".(3)

Kuyper het hierdie stelling van hom o.m. as volg toegelig : „Schakeering in uiting der lippen (belijdenis) en uiting der aanbidding (culte) is mogelijk. Voor vele dingen zijn geen bepaalde voorschriften in het Woord, daarom is, bij behoud der beginselen en de daaruit getroffen hoofdlijnen, rijkdom van schakeering naar tijd, toestand, volkskarakter enz. gewenscht".(4)

---

(1) By D. Pol, 1910, p.20. (2) J.H. Bavinck, in Voorwoord „Historisch Document", 1940.
(3) „Historisch Document", Stelling XVIII, p.13. (4) Ibid., p.14.

In aansluiting hierby verklaar die Sinode van Middelburg (1896) dan ook : „Onze Gereformeerde Kerken in Nederland bezitten een westersch, en ten deele ook een nationaal karakter, dat ook in de vormen der belijdenis, en tot in taal en woordenkeuze uitkomt. Overmits nu God niet alle volken eender schiep, maar den Javaan anders dan ons, oostersch in wijze van voorstelling ; hem op geheel anderen trap van ontwikkeling plaatste ; en hem een ander verleden gaf, mag nimmer de eisch gesteld, dat hij onze vormen overneme, maar moet uit den boezem zelf van het bekeerde deel der Javanen, die oostersche vorm voor lied, gebed en belijdenis opkomen, die bij zijn existentie past".(5)

Selfstandige uitinge van 'n Jong Kerk is dus geoorloof kragtens sy selfstandigheid, maar is ook nodig vanweë die besondere volksaard.

Prof. Holleman toon aan dat by alle volkere, beskaafd of onontwikkeld, daar algemeen menslike karaktertrekke voorkom (liefde vir kinders, behoefte aan gesellige verkeer, ens.). Vandaar dan ook 'n waarneembare ooreenkoms tussen hulle. Dog „datzelfde grondplan is bij de onderscheiden volken op onderling zeer verschillende wijze tot de levende werkelijkheid uitgegroeid en uitgebouwd". Daarom die groot verskille tussen die twee kulture, wat hom by 'n vergelyking van die Nederlandse met die Indonesiese volkere tot hierdie konklusie bring : „Daar en hier : net zoo, alleen maar heel anders". Vir die sendeling is nodig om „de melodie van dat levenslied in die andere toonzetting" deeglik te leer ken. Daarna moet die Evangelie gebring word sodat die geestelike lewe sy eie vorm sal vind, wat aanpas by die betrokke volk. „Want dit Evangelie, zooals het vleesch geworden is in deze vormen van het Westen, is wellicht voor ons de juiste vorm van het Evangelie, maar het Evangelie dat ginds vleesch zal worden, zal zich moeten verwezenlijken in andere vormen die - 'net zoo, alleen maar heel anders' zijn dan bij ons".(6)

Kraemer vind egter dat „most Western missionaries . . . . consider their own theological approach, their own forms of ecclesiastical life and of worship, etc., in the main those that are <u>normal</u> for the African or Asiatic Christians as well. This is a serious failure".(7)

---

(5) Ibid., p.35. Vgl. ook Kuyper, 1909, Deel III, p.352.
(6) Holleman, 1936, p.337. (7) Kraemer, 1947, p.316.

„Ook de jonge Kerken op het zendingsveld moeten in haar geloofsbelijdenis, in haar kerkbouw, in haar liturgie, in de wijze waarop ze singen, kortom in ieder onderdeel trachten haar eigen vormen te vinden. Het ene, eeuwige evangelie straalt over alle volken en het vindt in ieder volk weer zijn eigen gestalte, het weerkaatst in duizend vormen, naar de verscheidenheid van gaven en krachten die God aan den mens heeft toevertrouwd".(8)

Selfs die Roomse doen die volgende erkenning : „Theoretisch gesproken willen wij tevens de mogelijkheid openlaten voor de Kerk zich ook in de formulering van haar leer aan de mentaliteit van een bepaald volk aan te passen".(9)

Op die Internasionale Sendingkonferensies is ook heelwat aandag aan hierdie saak gegee. Reeds by Edinburgh is beklemtoon dat aan die Jong Kerk moet gegun word „room for its own characteristic development".(10) As dit nie gedoen word nie, so bevind Jerusalem, dan bly die Jong Kerk „not a spiritual organism but an exotic religious institution, organized by the foreign missionary".(11) Tambaram herinner daaraan dat „an indigenous church, young or old, in the East or in the West, is a church which, rooted in obedience to Christ, spontaneously uses forms of thought and modes of action natural and familiar in its own environment".(12) „The Younger Churches are not mere extensions or replicas of the Western Churches but are 'new' churches, wrestling to find their own answers to their own questions".(13)

Só sien die Nederduitse Gereformeerde Kerk ook die Jong Kerke, wat as vrug op haar sendingarbeid ontstaan het. Om hulle instaat te stel om selfstandig te ontwikkel en 'n eie gestalte te vind, is die Sendingkerke afsonderlik georganiseer. In sy eie omgewing en volgens die volksaard kan die Kerk dan hier tot selfstandige uitinge in sy geestelike lewe kom.

Daarom word van die kant van die Moederkerk ook gewaarsku teen „die gevaar (wat) gedurig bestaan dat die gesante van die Moederkerk 'n

---

(8) J.H. Bavinck, 1948(c), p.181. Sien ook J.H. Bavinck, 1954, p.181 en 194 en 1948(b), p.29.
(9) van Winsen, 1954, p.89. (10) Verslag Edinburgh 1910, Vol.II, p.13.
(11) Verslag Jerusalem 1928, Vol.III, p.42.
(12) „The World Mission of the Church", 1939, p.31.
(13) „Studies in the Life and Growth of the Younger Churches", 1954, p.1.

blote reproduksie van hul eie Kerk in die sendingveld sal gaan bewerk".(14) „Die Kerk in die heidenwêreld hoef nie honderd persent identies met die Moederkerk te wees nie".(15) „Daar moet gewaak word teen die doelbewuste afdwinging van die konfessionele, organisatoriese en liturgiese karakter van die sendende kerk op die jongere kerke sodat die manifestasie van die christelike geloofsoortuiging en die spontane uitbreiding van die Evangelie nie belemmer word nie".(16)

Uit die boesem van die Jong Kerk self kom daar ook die drang na eie vorm en gestalte : „Man hat die Botschaft von Jesus durch den westlichen Missionar bekommen. Aber ist sie deshalb eine westliche Angelegenheit, kann man sie nicht vom Missionar trennen ? Und man sehnt sich nach dem eigenen Weg und wirft damit die Frage nach dem Recht der eigenen Art in der Nachfolge Jesu auf".(17)

In die praktiese uitwerking van die beleid lê sekere gevare verskuil, wat vermy moet word :

(1) Van die kant van die Sendende Kerk dreig die verlange om die Jong Kerk 'n replika van die Moederkerk in alle aspekte te maak. Dis verstaanbaar, maar nie te verdedig nie. Dit sal ook net meewerk dat die Christendom as 'n eksotiese religie, 'n geestelike kolonie van die oorheersende Weste, by die inheemse bevolking beskou word.

(2) Die Jong Kerk weer staan bloot vir die gevaar om vorms in te voer, wat in stryd met die wese van die Kerk as liggaam van Christus is. Soos Heiler, wat in Indië die „wondervolle exstatische mystiek" van die Hindoeïsme, „de eenzame verzinking in den oneindigen, eigenschapsloozen God", wou behou in die erediens van die Indiese Christene as 'n soort „sacramentsmystiek".(18) Hier dreig die groot gevaar dat die „nuwe vorm" alleen maar 'n sinkretistiese karikatuur van die ware Christendom sal wees.

By alle selfstandige uitinge van 'n Jong Kerk moet die gesag van die Heilige Skrif as onfeilbare geïnspireerde Woord van God onaangetas bly en niks ingevoer word wat met die letter of the gees daarvan in stryd is nie.

---

(14) Gerdener, 1952, p.1086. (15) M.W. Retief, 1948, p.213.
(16) Krige, 1954, Stelling VI. (17) Freytag, 1938, p.208.
(18) Sien van Andel, 1935, p.365.

Hoewel die Jong Kerk selfstandig is en self besluit, het die Sendende Kerk in die persoon van sy sendeling egter hier ook nog 'n taak te vervul, nl. om die Jong Kerk in hierdie moeilike sake van raad te bedien. „We should not be true husbandmen, however, if, after sowing the seed, we left the growth without protection and nurture", is by Tambaram verklaar.(19) Die Konferensie stel dan voor : „Among the means adopted by the Church for that protection and nurture are our confessions or credal statements, our liturgies or forms of worship, our church organisations and customs. These are all intended as helps to prevent the Church's witness to the Gospel from losing its purity or completeness, and to foster the spiritual life of the members of the Church. - - - - The younger churches will not be unmindful of the experiences and teachings which the older churches have recorded in their confessions and liturgies. But every younger church will seek further to bear witness to the same Gospel with new tongues also".(20)

Dis dus nodig dat die Jong Kerke wel vertroud sal wees met die Belydenis en Liturgie van die Sendende Kerk. Hy kan daarin veel hulp kry. Met die verdere bystand en raad van die sendeling kan hy dan kom tot selfstandige uitinge.

In die volgende paragrawe wil ons probeer nagaan hoe dit in die praktyk kan geskied, veral soos dit die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië raak.

(a) Belydenis.

In 'n belangwekkende artikel oor die ontwikkeling van die belydenis in die Jong Kerke wys W.F. Dankbaar daarop dat hierdie vraagstuk „eerst in de laatste decennia door de zelfstandigwording der jonge kerken acuut geworden is".(21) Ook H. Meyer verklaar : „In demselben Masse, wie aus Gemeinden auf den Missionsfelderen westlicher Kirchen selbständige junge Kirchen werden, ist die Frage nach einem eigenen Bekenntnis für die letzteren aktuell geworden".(22)

Die selfstandigwording van die Jong Kerk maak die saak aktueel (die Kerk moet 'n belydenis hê), maar is nie die enigste rede vir die

---

(19) Verslag Tambaram, Vol.II, p.296. (20) Ibid., p.296 - 297.

(21) 1947 - '48, p.341. (22) 1953, p.29.

vertraagde belangstelling in die aangeleentheid nie. Dankbaar vind die oorsaak in die Angelsaksiese sendingwêreld, waar daar nie veel belangstelling vir die ontwikkeling van die belydenis was nie. „Daar vindt men het gewoonlijk normaal, dat de jonge Oosterse kerken een belijdenis hebben (meestal het Apostolicum en het Nicenum), maar men beschouwt het als even normaal, er verder weinig aandacht aan te wijden en over te gaan tot vraagstukken die samenhangen met ‚christian activities'."(23)

J.C. Gilhuis noem as 'n verdere rede „theologische beschouwingen, die duidelijk een belijdenis-phobie verraden, en waarin een zeer bedenkelijk dogmatisch indifferentisme aan het woord was".(24) Dit was veral dié relativistiese tendense wat die vraagstuk van die verhouding van die christendom tot die nie-Christelike religië beheers het en by Jerusalem (1928) en in „Re-thinking Missions" (1932) sy toppunt bereik het. Hierdie rigting wil nie die nie-Christelike godsdienste as pseudo-godsdienste („religio falsa"), as afval van God, sien nie, maar wel as waardevolle „preparatio evangelica", waarvan die Christendom dan die vervulling sou wees (as bv. „the crown of Hinduism"). Sodoende word afgedoen aan die absoluutheid van die Christendom en dreig die gevare van akkommodasie en sinkretisme. Dis dus verstaanbaar wanneer daar uit hierdie rigting 'n uitgesproke verset teen die opstel van 'n welomskrewe en skerpgeformuleerde konfessie deur die Jong Kerk kom. Die teologiese standpunt van hierdie rigting gee gevolglik aan sy kritiek teen 'n besliste belydenis 'n seer bedenklike kleur.

In die Suid-Afrikaanse sendinggeskiedenis het ook geblyk dat die interdenominasionele sending meewerk tot konfessionele indifferentisme op die sendingveld. Die bekende L.M.S. („London Missionary Society") is „aanvanklik opgerig op interkerklike grondslag en deur manne wat hul konfessionele verskille opgeoffer het aan die belang van hul gemeenskaplike taak : die kerstening van die heidene".(25) Op voetspoor van hierdie konfessionele onbelyndheid van sy genootskap „handhaaf dr. John Philip met krag die standpunt dat die sendeling geen bepaalde konfessionele rigting mag verteenwoordig nie. - - - ‚The Christian missionary', so konstateer hy, ‚should be of no sect ; and it should not

---

(23) 1947-'48, p.341. (24) 1955, p.15. (25) Hanekom, 1951, p.143.

be known by his spirit among the heathen, nor among those engaged with him in the same service, to what denomination he belongs'".[26] G'n wonder dat sy geesverwant, dr. van der Kemp, wat ook onder die L.M.S. in Suid-Afrika gearbei het, getuig dat sy eie oortuiginge „in velerlei opzichten van de aangenomene leer der Gereformeerde Kerk" verskil.[27] Hanekom bevind dan ook dat die gebrek aan 'n konfessionele basis wegdrywe van die Gereformeerde belydenis en verval in liberalisme meegebring het.

Sedert 1948 is daar egter in die sendingwetenskap merkbare belangstelling in die belydenis van die Jong Kerke. Die noodsaaklikheid van die formulering en sistematisering van die geloofsbesitting van 'n kerk word in ons dae almeer besef. „Het belijden van haar geloof behoort tot de wezenskenmerken der kerk".[28] „In de belijdenis spreekt de kerk uit, wat zij als waarheid Gods uit de H. Schrift heeft begrepen".[29]

Vanaf die begin was die Christelike Kerk 'n belydende liggaam en vir die triomfantlike en beknopte credo van die eerste Christene, Christos Kurios, het vele belyers die marteldood gesterwe. Mettertyd is in die Vroeë Kerk die eenvoudige doopsformule ontwikkel tot die Apostolicum. As gevolg van dwalings in die Kerk word die geloofsbelydenisse van Nicéa en van Athanasius bygevoeg. In die tyd van die Hervorming tree die onoorbrugbare antitese met Rome op die voorgrond. Die Reformatoriese kerke vind dit gevolglik nodig om die belydenis uit te brei, „de verschilpunten in het ware licht te plaatsen, de nieuwe leer die naar de Schrift was, duidelijk te omschrijven".[30] Die konfessie word langs hierdie weg al skerper omlyn en in detail uitgewerk. Dwaalleringe binne die Protestantisme dra ook hiertoe by (Vgl. die Arminiane en die Dordtse Leerreëls).

Grondige redes vir simboolvorming - ook vir die Jong Kerk - bestaan daar beslis :

(1) „Als vergadering van ware Christgeloovigen, geleid door

---

(26) Ibid., p.143. Vgl. J. Philip : „Researches in South Africa", Deel I, p.XII. (27) Ibid., p.142.
(28) van Randwijck, 1932, p.580. (29) Bouwman, 1928, Deel I, p.325.
(30) Knap, 1914, p.175.

Gods Geest en Gods Woord, komt de kerk vanzelf tot belijdenis van haar geloof".(31) As 'n natuurlike aksie soek die Kerk om in haar konfessie vir haarself rekenskap van haar geloof as redelike godsdiens te gee en sekerheid te verkry. Hoe ryker haar besinning, hoe sterker die behoefte om te bely en te getuig. In hierdie verband wys Gilhuis dat dit 'n tydsame proses is : „Er is een incubatie-tijd van jaren nodig voordat het tot een volledige, schriftelijk gefixeerde confessie bij kerken op het zendingsterrein komen kan".(32) „The history of the Church shows us that it requires a rather long time before newly formed churches attain the maturity which is indespensable for an indigenous dogmatic expression of the truth".(33) Die Jong Kerk het tyd nodig vir die gewigtige taak „om de inhoud der Heilige Schrift op te nemen in het menselijk bewustzijn, in dat bewustzijn met de leugen te laten worstelen, en zo te komen tot de belijdenis".(34)

Tot dusver het die Jong Kerke alleen geringe vordering op hierdie weg gemaak. Paton oordeel selfs dat i.v.m. die Konfessie „all the Younger Churches seem to be theologically sterile".(35) Kellerhals vind egter reeds 'n besliste bydrae van die kant van die Jong Kerk : „Der einzige Beitrag, den die junge Kirche zum Aufbau ihres eigenen Bekenntnisses bisher geleistet hat, liegt in dieser immer schärfern und genauern Fixierung der Grenzlinie zwischen Heidentum und Christentum auf dem Gebiet der magischen Handlungen".(36)

Die Jong Kerk staan dus nog maar heel aan die begin van 'n eie dogmatiese besinning oor die waarheid. Met die tyd egter sal dit ontwikkel en groei.

(2) 'n Tweede rede vir simboolvorming lê in die noodsaaklikheid van selfverdediging. Die Kerk word deur dwaalleraars en deur die wêreld gedwing om belydenis van die ware geloof af te lê. Sodoende gee die Kerk nie net „aan haar leden een authentiek overzicht - - - van het geloof der Kerk"(37) nie, maar word die simbool vir die Kerk ook 'n toetssteen van regsinnigheid en suiwerheid van leer. Al is daar in die Jong Kerk soms 'n gebrek aan belangstelling vir die konfessie, word hy

---

(31) Polman, s.j., p.53. (32) 1955, p.16. (33) J.H. Bavinck, 1948(b), P.157.
(34) K. Dijk, 1952, p.69. (35) 1953, p.49. (36) 1940, p.14.
(37) Jansen, 1947, p.51.

daar ook deur die heftige Roomse teenkanting, deur die Mohammedanisme, sektes (veral die Russelliete in Noord-Rhodesië), die heidendom en separatistiese kerke (veral in Suid-Afrika) gedwing om die dwaling te bestry en tot eer van God die waarheid te bely.

(3) 'n Derde rede vir die bestaan van 'n belydenis is die noodsaaklike bewaring van suiwerheid en eenheid in die leer van die kerk. Die Konfessie word aldus ook die simbool van heilige verbondenheid.(38)

Die Belydenis is dus noodsaaklik vir ou en Jong Kerk. Die Ou Kerke beskik reeds oor hul Belydenisskrifte ; die Jong Kerke moet hulle konfessies nog kry. Hoe moet hulle dit kry en wat gaan die inhoud daarvan wees ? Op hierdie vrae moet nader ingegaan word, veral soos dit die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië raak.

Gustav Warneck oordeel dat „die Selbständigkeit einer heidenchristlichen Kirche kann nicht darin bestehen, dasz sie sich absolut original eine Glaubensgrundlage schafft". Probeer die Jong Kerk dit wel doen, kan hul oorspronklikheid maklik 'n inheemse uitgawe „des modernen abendländischen Rationalismus" word. Aan die ander kant staan dit egter vir hom ook vas dat die vryheid tot opstelling van 'n eie konfessie aan die Jong Kerk nie ontsê kan word nie, maar dan „unter der selbstverständlichen Voraussetzung, dasz sie den ewigen Glaubensgrund nicht alterieren".(39)

Vir die Duitse Sendinge is die volgende sake van fundamentele belang in die opstel van 'n eie belydenis deur die Jong Kerk :

„1. Die alleinige Bindung an die Heilige Schrift,

„2. Die Botschaft von der Heiligkeit Gottes und der Sündhaftigkeit des Menschen,

„3. Die Botschaft von dem lebendigen Christus ---- von Christus als dem gekreuzigten und auferstandenen Herrn,

„4. Die rechte Botschaft vom Gesetz und Evangelium, vom

---

(38) Vgl. W. Holsten : „Das Kerygma und der Mensch" 1953 D, (2) (a) (2), waar hy die Konfessie as norm vir die suiwer evangelieverkondiging sien.

(39) Warneck, 1892- 1903, p.16-18.

Glauben und den Werken". (40)

Die Duitse Sending wil die Jong Kerk dus help met die opstel van 'n belydenis, waarby sekere sake vir hulle van primêre belang is.

In die kerkordes van die Jong Kerke is daar geen eenvormigheid insake die konfessie nie. Die belydenis van meeste bestaande Jong Kerke is in die vorm van 'n kort uiteensetting van die geloof as inleiding („preamble") tot die kerkorde.(41) Sommige bestaan uit 'n selfopgestelde kort saamvatting van geloofswaarhede. Andere weer noem spesifiek die Apostolicum, of Geloofsbelydenis van Nicea, of albei, as hul konfessie. Bv. die „Nippon Sei Kokwai" in Japan „accepts the Scriptures of the Old and New Testament, and believes them, as given by inspiration of God, to contain all things necessary to salvation, and professes the Faith as summed up in the Nicene Creed and the Apostles' Creed".

In die sending van die Nederlandsche Hervormde Kerk gaan ook stemme op om alleen die Apostolicum aan die Jong Kerk oor te dra. C.W. Nortier herinner daaraan dat „de belijdenis der Jonge Kerken - - - een onderwerp is, dat in dezen tijd waarin op alle sendingsterreinen der Oude Kerken zelfstandige inheemsche kerken geïnstitueerd zijn of worden, alle aandacht verdient van ieder, wien de vestiging van Christus' Kerk op aarde ter harte gaat".(42) Waar die Apostolicum die gemeenskaplike besit van alle kerke is, oordeel hy dat „dit dan ook het eenige is dat onveranderd overgedragen kan worden".(43) Die Jong Kerk moet dan haar konfessie verder self uitbou in haar konkrete situasie, waar sy met die Islam, heidendom, ens. gekonfronteerd staan. In hierdie rigting het die Nederlandsche Hervormde Kerk dan ook gestuur m.b.t. die belydenis in die Jong Kerk in Oos-Java.

Gilhuis bring hierteen tereg die kritiek in dat dit onwenslik is om net die Apostolicum aan die Jong Kerk te oorhandig, omrede : (1) Die wyd uiteenlopende interpretasie wat deur verskillende kerke (vgl. die Roomse) aan die verskillende artikels gegee word, en (2) Nuwe teologiese vraagstukke wat opduik vir die Jong Kerk, maar waarmee die Ou

---

(40) Keller, 1938, p.196 - 197. (41) Vgl. hiervoor : Verslae Edinburgh, Vol.II, p.289, Jerusalem, Vol.III, p.302.

(42) C.W. Nortier, 1941, p.3. (43) Ibid., p.7.

Kerk reeds lank gelede geworstel en tot helderheid vanuit die Skrif gekom het en hul bevindings toe in bepaalde konfessies vasgelê het. Moet die Jong Kerk dan leef asof daar geen konfessionele ontwikkeling van byna 2,000 jaar gewees het nie ? Moet hulle in die voor-Niceense tydvak gelaat word ? Gilhuis oordeel dat „het alleen maar als een bijzondere schuldige nalatigheid (kan) worden aangemerkt, indien ‚zendende' kerken zouden zwijgen van hetgeen zij in de strijd der geesten aan toenemend inzicht in de waarheid en de rijkdom van de Schrift hebben ontvangen".(44)

Die Jong Kerk wat uit die sending van die Gereformeerde Kerk van Nederland in Indonesië ontstaan het, het ook in Art.29 van sy kerkorde as volg verklaar : „En wat als grondslag der leer wordt aangenomen, dat zijn al de Schriften van het Oude en Nieuwe Testament, naar de verklaring, die vervat is in de Onderwijzing in den Christelijken Godsdienst (de Heidelberger Catechismus)".(45) Hier is dus 'n Jong Kerk wat verder gaan en ook die Heidelbergse Kategismus aanvaar, dog die ander twee Formuliere van Enigheid nie. „De 37 Geloofsartikelen zijn wel vertaald, doch nog niet gedrukt ; enkel getijpt en weinig verspreid ; ook heeft Ds. van Dijk de Dordtsche Leerregels vertaald en doen drukken voor persoonlijke rekening".(46) As offisiële konfessies van die Kerk geld laasgenoemde twee egter nie.

Ook van die aanvaarding van die Heidelbergse Kategismus word van Gereformeerde kant verklaar : „Nadrukkelijk is de Heid. Catechismus op M.-Java doorgegeven en aanvaard als leengoed - - - - Zo wordt het op M.-Java gezien met de gedachte dat men later zelf moet belijden op eigen wijze en tegen eigen achtergrond".(47) Die Gereformeerdes wil dat tot eie belydenis sal oorgegaan word na die aanvaarding van die Kategismus ; die Nederlandsche Hervormde Kerk wil 'n eie belydenis sien sonder 'n vorige aanvaarding van enigeen van die drie Formuliere van Enigheid.

By die formulering van die konfessie van die Jong Kerk het dit egter in sommige gevalle daartoe gekom dat die Jong Kerk hom feitlik op dieselfde konfessionele basis as die Sendende Kerk geplaas het. By sy

---

(44) 1955, p.42. (45) Uit die Javaans vertaal deur K. van Dijk in DM., 1932, p.307.

(46) Pol, 1939, p.239. Voetnoot 1. (47) J.C. Gilhuis, 1955, p.43. Vgl. ook J.H. Bavinck, 1954, p.206-207.

stigting in 1920 verklaar die Lutherse Kerk van Sjina bv. in sy grondwet : „The Church declares its adherence to the following symbols : The Apostles' Creed, The Nicene Creed, The Athanasian Creed, Luther's Small Catechism, The Unaltered Augsburg Confession".(48) Die Presbiteriaanse Kerk in Indië het 'n eie belydenis opgestel, handelende oor die gesag van die H. Skrif, die Drie-eenheid, Skepping, Sonde, Uitverkiesing, Verlossing, die Sakramente, die Kerk en die Eindoordeel. Vooraf staan daar in die belydenis en konstitusie van hierdie Kerk : „The Presbyterian Church in India adopting the following as its Confession of Faith, to be subscribed by ministers, licenciates, and elders, does not thereby reject any of the doctrine standards of the parent Churches, but, on the contrary, commends them - especially the Westminster Confession of Faith, the Welsh Calvinistic Confession of Faith and the Confession and Canons of the Synod of Dort - as worthy exponents of the Word of God, and as systems of doctrine to be taught in our churches and seminaries".(49)

Die Presbiteriaanse Kerk in Sjina, gevorm uit die sendinggemeentes van agt verskillende Presbiteriaanse Kerke in Skotland, Engeland en die V.S.A., het by sy instituering besluit : „That the Presbyterian Church of China, being autonomous, will have the prerogative of formulating its own standards ; but these will, we believe, in the providence of God, and under the teaching of His Spirit, be in essential harmony with the creeds of the parent Churches. Until such standards are adopted, the distinctive standards of each contracting party entering the union shall be adhered to by that party".(50) Die „contracting parties" se simbole sluit o.a. in die „Westminster Confession of Faith" (vir die Presbiteriaanse Kerke in Skotland en Engeland), die „Westminster Confession of Faith and the Larger and Shorter Catechisms" (vir die Presbiteriaanse Kerke in die V.S.A.), en die „Belgic Confession, the Heidelberg Catechism, and the Canons of the Synod of Dordrecht" (vir die „Reformed Church in America").(51)

Kom ons tot die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië, word die volgende i.v.m. die belydenis aangetref : „Hierdie

---

(48) In Verslag Jerusalem 1928, Vd. III, p.302.
(49) Te vind in Verslag Edinburgh 1910, Vol.II, p.297.
(50) In Verslag Edinburg 1910, Vol.II, p.306.
(51) Ibid., p.305.

Kerk grond hom op die Heilige Skrif, die Woord van God. Die leer wat hy bely druk hy uit in die Formuliere van Enigheid, nl. die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, wat deur die Sinode van Dordrecht in 1618 en 1619 vasgestel is."(52) Dis dus identies met die Moederkerk. Wat die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke betref, is die Noord-Rhodesiese in hierdie opsig geen uitsondering op die reël nie. Ook die ander het soortgelyke artikels i.v.m. die belydenis. Bv. : „Die Shona-Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die Heilige en onfeilbare Woord van God. Sy leer is saamgevat in die drie Formuliere van Enigheid nl. Die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dortse Leerreëls".(53)

Teen hierdie praktyk van die Nederduitse Gereformeerde Sending om al drie Formuliere van Enigheid aan die Jong Kerk oor te dra, het onlangs sterk kritiek gekom van die kant van G.C. Oosthuizen, wat net die ekumeniese simbole wil oordra. „Allerweë word die Apostoliese Geloofsbelydenis in die jonger Kerke aangeprys, alhoewel ons in Afrika die Niceense bygevoeg wou sien, al sou dit 'n herhaling beteken".(54) Teen die oordra van partikuliere simbole veroorloof hy homself sterk veroordelende kritiek : „Om dus die belydenisskrifte van jou eie bepaalde Kerk te beskou as die JA en AMEN i.v.m. die Skrif is nie alleen 'n sektariese uitgangspunt nie, maar 'n verwaande versinsel waaraan veral neo-Calviniste ly ; en as resultaat openbaar 'n stokkerige, vormvolle, fraserykе interpretasie met min belewing, wat uiteindelik uitloop op 'n soort van Calvinistiese vrymesselary".(55) Dit is veels te sterk en te veroordelend gestel en doen afbreuk aan die goeie doel wat die skrywer beoog, nl. dat die belydenis die volksbewussyn moet aangryp. Hy vrees dat die Formuliere van Enigheid nie daarin sal slaag nie en altyd as iets vreemds aangevoel sal word.

Teenoor hierdie standpunt van Oosthuizen verklaar Greyling : „Daar is niks in ons drie Formuliere van Enigheid wat die Bantoekerk nie nodig het nie".(56) Hy vind daar egter leemtes in, bv. ter weerlegging van sektedwalings waarmee die Jong Kerk te doen kry. Aanvulling is dus nodig.

---

(52) Vertaal uit Wetboek Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië, Art. 2. (53) Wetboek Nederduitse Gereformeerde Kerk van die Kaap-Provinsie, Bylae C, Art.3. (54) G.C. Oosthuizen, Des. 1954, p.39. (55) Ibid., p.34. (56) 1951, p.321.

I.v.m. die konfessie-vraagstuk in die Nederduitse Gereformeerde Sending en by name in die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië, is die volgende van belang :

(1) Deur die oordra van sy belydenisskrifte aan die Sendingkerk het die Nederduitse Gereformeerde Kerk gladnie so fouteer soos soms beweer word nie. „In vele gevallen aanvaarden jonge Kerken althans voorlopig de geloofsbelijdenis van de moederkerk, waaraan zij het ontstaan te danken hebben. Zij doen dat als iets vanzelfsprekends", verklaar Bavinck.(57) Die voorbeelde reeds aangehaal, staaf hierdie bewering. Die Moederkerk besef dat „het is een plicht, dat wij de geestelijke schatten van de Kerk overleveren. Want de Heilige Geest heeft niet voor niet de Kerk geleid en de waarheden der Schrift beter doen verstaan. De Kerk is geroepen te voorkomen, dat de Kerken op het zendingsveld zouden moeten beginnen, alsof zij leefden in den eersten eeuw, dat zij heel de ontwikkeling van meet af opnieuw zouden moeten doormaken ... Zoo ontvange elke nieuwgevormde Kerk de erfenis van de Kerk aller eeuwen".(58)

Selfs die sendeling, wat net die ekumeniese simbole wil oordra, is nie heeltemal vry te spreek van die oordrag van sy kerk se partikuliere leerstukke in sy prediking, katkisasie en opleiding van inheemse leraars in die sendingveld nie. Dit is ook die ondervinding van Meyer : „Auch diejenigen Missionen, die in der Theorie jede Verpflanzung westlicher Bekenntnisse auf asiatischen oder afrikanischen Boden ablehnen, haben in der Praxis entscheidende Stücke ihres eigenen Kirchentums, ihrer eigenen Dogmatik, ihrer eigenen Bekenntnisse auf die aus ihrer Arbeit entstandenen jungen Kirchen vererbt".(59)

Waar die Sendende Kerk deur die oordrag van haar simbole die Jong Kerk instaat wil stel om te put uit die konfessionele skat van alle eeue, is die vraag egter of dit op die beste wyse gedoen word deur 'n letterlike vertaling van die Formuliere van Enigheid in die betrokke Bantoetaal. Hierdie Formuliere, immers, netsoos die Kerk, „bezitten een westersch, en ten deele ook een nationaal karakter, dat ook in de vormen der belijdenis, en tot in taal en woordenkeuze uitkomt".(60) Daarby is dit lank, soms moeilik vertaalbaar in 'n Bantoetaal en dra die

(57) J.H. Bavinck, 1954, p.206. (58) van Andel, 1935, p.362. (59) 1953, p.17.
(60) „Historisch Document", p.35, no.4.

stempel van die stryd en tyd waaruit dit ontstaan het. Veral met die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls is dit die geval.

Na ons oordeel sou 'n <u>vereenvoudigde samevatting</u> van die inhoud van die Formuliere, veral van l.g. twee, veel beter slaag in die beoogde doel om die Jong Kerk met die inhoud van hierdie konfessies vertroud te maak. Dit bly dan 'n volledige konfessie, dog in 'n taal en uitdrukkingswyse wat vir die Bantoe meer aanneemlik en verstaanbaar is.

Sodoende kan daar ook aandag aan Art.36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis gegee word, waarin as plig van die owerheid onder meer genoem word „ook om die hand te hou aan die heilige Kerkdiens, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens . . . die Woord van die Evangelie orals te laat preek". K. Dijk oordeel dat s.i. „dit gehele artikel over de taak der Overheid ten opzichte van de religie niet in een Confessie thuisbehoort".(61) Polman noem dit „een van de meest omstreden artikelen van onze Confessie", waarvan die moontlike wysiging reeds bespreek is op die Gereformeerde ekumeniese Sinodes van Amsterdam (1949) en Edinburgh (1953).(62)

Met reg kan die vraag gestel word : of dit wenslik is om hierdie artikel, letterlik vertaald, aan die Jong Kerk oor te maak ? Gaan dit nie by die Bantoechristen 'n verkeerde indruk skep van die verhouding tussen Kerk en Staat en ook t.o.v. die plig tot verkondiging van die Evangelie en die uitbreiding van die Christendom nie ? Om uniformiteit te verkry, sal dit goed wees as die Federale Sendingraad aandag aan hierdie saak kan gee.

(2) Dit „is een recht van de Inheemsche Kerken, dat de schatten der Kerk haar niet onthouden worden".(63) Daarmee saam egter moet die Moederkerk die selfstandigheid van die Jong Kerk respekteer en besef dat hierdie Kerk die reg besit om 'n eie konfessie op te stel, wanneer hy daartoe verplig voel. „Het overgeven van de schatten der Kerk sluit niet in, dat wij die als een last op de schouders leggen ; dat wij hen verplichten . . . dwingen . . .. Wij hebben te eerbiedigen de geestelike vrijheid en mondigheid aller belijdende christenen".(64)

---

(61) 1952, p.60. (62) s.j., Deel IV, p.266 en 292 - 293. Sien ook J.H. Bavinck, 1954, hoofstuk 3, paragraaf 4.
(63) van Andel, 1955, p.362. (64) Ibid., p.362.

Bavinck wys daarop dat die Jonge Kerke „langzamerhand behoefte krijgen aan een eigen geloofsbelijdenis, waarin zij zelf zich uitspreken over wat zij in Gods Woord gevonden hebben".(65)

Wanneer hierdie behoefte ontstaan, moet die Jong Kerk die vrijheid gegun word om dit te doen. Hierdie belydenis, wat uit eie siel en eie nood gebore is, sal ook vir die Jong Kerk besonder lewend en aktueel wees. Die inheemse kerkleiers sal hierin die leiding moet neem. Maar die sendeling se advies en hulp sal ongetwyfeld gevra word. Vir hom word daardeur 'n gulde geleentheid gebied om die Jong Kerk ook in hierdie uiters belangrike saak met wyse raad te dien.

Hoe die belydenis dan presies daar sal uitsien, kan nie vooruit bepaal word nie. Dit mag wees dat die Jong Kerk die belydenis, wat hy van die Moederkerk ontvang het, onveranderd wil behou, maar sekere toevoegings wil doen, waarin hy standpunt inneem teenoor die Islam, aanbidding van voorvadergeeste, separatisme, oordrewe nasionalisme, sinkretisme, e.s.m. Dit mag ook wees dat hy sekere dele van die ou belydenis as onnodig in sy konkrete situasie beskou.

Die Sendende Kerk kan dan, netsoos die Presbiteriaanse Kerke t.o.v. die Jong Kerk in Sjina, alleen maar die wens slaak dat die nuwe simbool van die Jong Kerk „will in the providence of God, and under the teaching of His Spirit, be in essential harmony with the creeds of the parent churches".(66)

(b) Liturgie.

Die besinning oor die liturgie deur die Jong Kerk is 'n noodsaaklike onderdeel van haar oriëntering as selfstandige eenheid. Kragtens haar selfstandigheid het die Jong Kerk die prerogatief om 'n eie liturgie te ontwikkel wat die beste by haar bestaanswyse aanpas.

Die Kerk - of dit nou „Oud" of „Jonk" is - is altyd en uitsluitlik gewortel in Christus en nie in die bodem waarop sy bestaan nie. Die Christelike Kerk bly dus in sekere sin altyd 'n gemeenskap sui generis - in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Tog moet die Kerk ook „wel degelijk in relatie staan tot de bodem waarop zij leeft. . . . . niet zich geheel isoleert van haar omgeving of optreedt in een

(65) J.H. Bavinck, 1954, p.207. (66) In Verslag Edinburgh 1910, Vol.II, p.306.

gedaante, ontleend aan de kerk in een totaal ander cultuurgebied".(67) „De liturgische uitbeelding moet passen by de specifieke begaafdheden en geaardheden van de omgeving waarbinnen de Kerk tot openbaring komt".(68)

In die liturgiese vormgewing soek die Jong Kerk om 'n gestalte vir die erediens wat by haar besondere karakter aansluit. Die liturgie sal dan ook by verskillende volkere 'n eie nuansering openbaar. Hierin sal alle onnodige „vreemdheid" verwyder wees. Aan die ander kant is dit egter gebiedend noodsaaklik dat die liturgie teologies verantwoord sal wees, d.w.s. sal pas by haar wese as Kerk van Christus.

„Het doel van de christelijke cultus is de aanbidding en vereering Gods".(69) Dit moet die sentrale oogmerk in die liturgie wees. In die praktyk het daar egter groot verskil tussen Rooms-Katolieke en Protestante ontstaan. „Rome heeft - - - in de mis de eigenlike offerande hersteld, die als zoodanig dan ook het middelpunt en motief van geheel haar Cultus vormt".(70) Die kultiese handeling word hier oorheersend en staan sentraal, terwyl die bediening van die Woord na die agtergrond verdring word. „Een dienst zonder prediking is daar evengoed een dienst".(71) Die Roomse Kerk vergader in die eerste plek om die altaar en die eucharistie en nie om die kansel en die Woord nie. Dit bepaal dan ook die vorm van die liturgie in hierdie Kerk.

Vir die Protestantisme is „wat des Zondags in de kerkgebouwen plaats grijpt, - - - zeer bepaaldelijk een bijeenkomen van de Gemeente in haar wettige saamvergadering", as „een samenkomen van de Gemeente met haar God".(72) Met hierdie <u>presentia Dei</u> in die erediens moet rekening gehou word in alle afdelings van die liturgie. „Alle godsdienstoefening moet zich ten doel stellen, de opgekomen Gemeente die gemeenschap met haar God te doen smaken".(73)

Hierdie ontmoeting van God met Sy vergaderde volk dra 'n dialektiese karakter : (1) God spreek daarin tot Sy gemeente d.m.v. die Woord, sakrament en seën. In teenstelling met Rome, waar die sakrament voorrang geniet, bring die Reformatoriese Kerke by „de eredienst - - - voor alles de verkondiging van het Woord Gods". Luther verklaar : „Alles

(67) Blauw, 1952, p.303. (68) J.H. Bavinck, 1948(d), p.317.
(69) Golterman, 1951, p.7.(70) Kuyper, 1909, Deel III, p.512.
(71) Keole, 1946, p.20. (72) Kuyper, 1911, p.14 en 21. (73) Ibid., p.23.

Gottesdienste das grös zte und vornehmste Stück ist Gottes Wort predigen und lehren".[75]

In die Christelike Kerk van die eerste eeue was dit ook die geval : „Niet het sacrament, maar het Woord ontvangt in den dienst der gemeente de eerste plaats".[76] „De hoofdzaak van den eeredienst is de bediening des Woords geweest".[77]

(2) In die erediens is dit egter nie net God wat nader tot Sy volk nie. Daar is ook 'n actus a parte populi, die reaksie van die gemeente op die spreek van die Here. Die gemeente reageer telkens en gee antwoord op die gesproke Woord d.m.v. 'n lied, gebed of die hardop sê van „Amen". Aldus is daar wisselwerking in die liturgie en neem dit die vorm van 'n gewyde dialoog aan.

In die Bybel is geen uitgewerkte liturgie te vind nie. Maar die wese van die erediens as ontmoeting van God en Sy volk gee in die eerste plek vorm aan die liturgie - nie die kulturele agtergrond of religiese gesteldheid van die gemeente nie. Waar laasgenoemde egter nuanserings in die liturgie noodsaaklik maak, mag veranderings en toevoegings alleen plaasvind sonder dat die prinsipiële basis skade aangedoen word.

Die Jong Kerke het gewoonlik reeds 'n liturgie, deur die Sendeling aan hulle gegee, wat gevolglik grotendeels korrespondeer met die liturgie van sy spesifieke Kerk. Dis nodig dat hierdie liturgie egter sal ontwikkel word en beter by die bestaanswyse en siel van die lidmate van die Jong Kerk aan te pas, totdat dit in der waarheid as 'n selfstandige uiting daarvan beskou sal kan word.

Van die sobere erediens van die vroegste Christelike Kerk verklaar Macdonald : „The worship was kept flexible, and capable of easy adaptation to the needs of widely differing localities and races".[78] Daarby is daar ook getrag om die aktiewe medewerking van elkeen in die vergadering te verkry: „Each member was encouraged and, it would seem, expected to take part".[79]

---

(75) Aangehaal by W.F. Golterman, 1951, p.54.
(76) H. Bouwman, 1928, Deel I. p.80.
(77) J.L. Koole : In „Geschiedenis der Kerk", p.20. Vgl. ook Heidelbergse Kategismus, Sondag 38.
(78) 1934, p.65. (79) Ibid., p.55.

Calvyn, wat so 'n groot aandeel in die inrigting van die Protestantse erediens gehad het, wou ook 'n mate van liturgiese vryheid aan die Kerke laat. Waar hy oor knielend bid en vryheid van liturgiese vorms handel, oordeel hy dat „deze dingen naar gelang van de zeden van ieder volk en iedere tijd op verschillende wijze moeten worden toegepast tot stichting der Kerk".(80)

Schomerus gee toe dat in die begin Europese kerkliedere vertaal en volgens die oorspronklike melodieë in die Jong Kerk ingevoer word. „Aber eine ständige Einrichtung darf das nicht bleiben. Die junge Christenheit muss aus ihrer eigenen Erfahrung am Christentum heraus eigene Kirchenlieder produzieren und sie nach Melodien singen, die aus dem Geiste der Sprache heraus und aus dem musikalischen Gefühl des Volkes heraus entstanden sind".(81)

Van die kant van die Jong Kerk word die behoefte aan selfstandige uitings in die liturgie almeer gevoel. Biskop Matoda van Japan het reeds by Jerusalem verklaar : „Our order of thinking is different from yours. Our way of expressing our ideas is very often reversed. Therefore, the literal translation of prayers, however beautiful in the English language, does not appeal to the mind of the Japanese people".(82) Die Japanese het ook sekere veranderings in die praktyk aangebring : Tydens die sing sit hulle op die bene met die hak agtertoe, hul buig voor die altaar op Oosterse wyse en mans en vroue sit apart in die kerk, behalwe by die bevestiging van 'n huwelik. Hoewel daar „the continuity of life and the unity of Spirit" bestaan en die bewussyn „that the Church in Japan is a branch of the holy and apostolic Church", wil die Jong Kerk in Japan tog dat die Sendende Kerk sal besef: „The child is not exactly like its father in its appearance and its manners".(83)

Ook van sendingkant word almeer besef dat die oorgeplaaste liturgie van die Moederkerk nie altyd by die Jong Kerk goed aanslaan nie. Bavinck oordeel dat daar in die Javane „krachten sluimeren, die door ons, in den eredienst veel te weinig tot ontwaking gebracht worden".(84)

---

(80) J. Calvyn, Institusie, IV, 10, 30. Vgl. ook K. Dijk, 1952, p.205.
(81) Schomerus, 1935, p.147. (82) Aangehaal by Verslag Jerusalem 1928, Vol.III, p.51. (83) Ibid.
(84) J.H. Bavinck, 1938, p.422.

Bv. Hul groot eerbied vir seremoniële handelinge.

Ook in ander dele van Indonesië is onvoldaanheid gevoel oor die inrigting van die erediens op Sondae. Daar bestaan in die Kerk van Oos-Java behoefte „aan een eeredienst, die uit de wortel van het Evangelie is gegroeid en in die groei niet door Westersch- kerkelijke of -onkerkelijke traditie wordt gehinderd - - - - en een verbeterde liturgie, die als een goede acoustiek het Evangelie op den klankbodem der Javaansche ziel hoorbaar en verstaanbaar maakt". Ook is daar behoefte aan „liederen, die duidelijker taal spreken, dan onze Javaansche en Hollandsche bundels tot nu toe rijk zijn. - - - - Het gezang-boek zal meer op den eeredienst moeten worden ingesteld en meer een- en tweeregelige verzen moeten bevatten, die de gemeente in staat stellen op bewegelijker wijze aan den gang van den eeredienst deel te nemen".(85) Die behoefte aan meer aanbidding en stilte in die erediens, om by die mistiese geestesgesteldheid van die Oosterse volkere aan te pas, word ook gevoel.

Ook C.W. Nortier meen dat die Oosterse volkere se „behoefte aan meditatie, de ascetiesche neiging om zich uit het leven terug te trekken, de drang om in allegorische uitbeelding en gemeenschappelijke handeling aan het godsdienstig leven uiting te geven", ondersoek en indien moontlik aangewend moet word „om een gezond, krachtig Christelijk leven te bevorderen, waarin een eigen geestelijke structuur tot haar recht komt".(86) Daar word gevoel dat „een in het Javaansche voelen en denken wortelende liturgie mede zal werken tot een volle aanvaarding van het Evangelie".(87)

Ook in die Rooms-Katolieke Sending is daar belangstelling vir die liturgie van die Jong Kerk. Hier gaan dit veral om die vraag : „Hoe laat ik mijn jonge Christenen actief deelnemen aan de heilige Liturgie ?" Die Latynse kerktaal is 'n groot probleem hier. Daarom gaan die Roomse Sending daartoe oor „op vele plaatsen de Zangmis of Mis met gebeden en gezangen in de volkstaal in te voeren".(88)

In die Verenigde Kerk van Suid-Indië is reeds 'n definitiewe

---

(85) Schuurman, 1938, p.407 v.v. (86) Nortier, 1942, p.13.

(87) Nortier, 1939, p.235.

(88) „De Katholieke Missiën", Jaargang 75, 1955, p.308.

poging aangewend om 'n eie liturgie aan die Kerk te verskaf, nadat „at an early stage in the united Church's life, the need was felt and expressed for a new service".(89) Hierdie liturgie is egter veelal op gebruike in die Ou Kerk, veral die Anglikaanse, gebaseer. Interessant in hierdie liturgie is ook die beklemtoning van die noodsaaklikheid van 'n tyd vir stille gebed en toewyding in die erediens, veral onmiddellik voor die bediening van die Nagmaal.

Ook die Jong Kerk, wat as vrug van die Gereformeerde Sending op Midde-Java ontstaan het, soek na liturgiese gestalte. I.v.m. die liederebundel is bv. besluit : „Art.50. Voor het gezang in de samenkomsten der Gemeente zal men gebruiken :

(a) De 150 psalmen,

(b) Gezangen gedicht door vrome menschen, mits deze onderzocht en beoordeeld zijn inderdaad overeen te komen met Gods Woord, en geschikt te zijn om te dienen by het gezang der Gemeente".(90) By die oorgelewerde liedereskat van die Moederkerk word dus ruimte aan die Jong Kerk gelaat vir aanvulling met geestelike liedere uit eie siel gebore.

Wanneer die Jong Kerk soek na 'n eie gestalte van die erediens, wat aansluit by sy besondere karakter, is daar sekere fundamentele eise wat ten grondslag lê :

(1) Die taal. Dit is noodsaaklik dat die moedertaal gebruik sal word. „De landstaal moet de voertaal zijn opdat de cultus ten volle kan zijn een actus Dei cum populo en een actus populi cum Deo, waarin het Kerkvolk in eigen taal horen en spreken en gemeenschap kan oefenen".(91) Tolk is maar 'n tweede beste wyse van doen. Verkieslik is dit dat die liturg hom van die moedertaal van sy hoorders bedien.

(2) Die wese van die erediens. Wanneer die Jong Kerk tot selfstandige liturgiese vormgewing wil kom, moet hy eers 'n grondige begrip van die wese van die erediens hê. Hy moet besef dat dit hier gaan om die ontmoeting van God met Sy vergaderde volk. Hy is self teenwoordig. En met hierdie presentia Dei moet in alles rekening gehou word, sodat geen afbreuk gedoen word nie aan die hoofdoel van die erediens : die aanbidding van God. Ook moet die verkondiging van die

(89) Garrett, 1954, p.13. (90) By Jansen en Pol, 1934, p.278.
(91) K. Dijk, 1952, p.203.

Woord sy sentrale plek behou. Alle liturgiese vormgewing moet teologies verantwoord wees en 'n konfrontasie met die Skrif in alle opsigte kan deurstaan.

Die Jong Kerk sal dus moet waak teen die invoering van heidense elemente, soos opwindende musiek, dans, nagtelike samekomste, ens., soos reeds in die separatistiese kerke in Suid-Afrika die geval is.(91)

Aan die ander kant moet die Jong Kerk 'n juiste en duidelike besef hê van die heilige God vir Wie hy in die erediens ontmoet. In die „primitiewe religie" word die begrip heilig gewoonlik assosieer met die magies-gevaarlike : dit (of 'n persoon) wat gelaai is met misterieuse krag, waar gevaar in skuil. In die Skrif is heilig „datgene wat, hetzij een moment, hetzij voor langere duur, door God in de handen genomen wordt".(92) Die braambos is bv. heilig omdat God daar is. So ook die erediens. Die iets gans verskillend van die taboe-heiligheid van die heidendom.

Ook die godsbesef van die „primitiewe religie", waar deur magiese handeling „der Mensch seine Gottheit zwingen kann, seinen Willen zu tun, auch wenn sein Leben mit den Geboten der Gottheit nicht in Einklang steht",(93) moet eers verander. Die Jong Kerk moet besef dat daar in die Christendom in onderworpenheid, met 'n berouvolle en gehoorsame hart, tot God genader moet word. Hier kan die godheid nie deur magie en ritus gedwing word nie. Magiese kultus is vir die christelike besef geen aanbidding nie, maar skending van die majesteit van God. Die „Deus otiosus" van die primitiewe moet ook verander in die „Immanuel" van die Christendom - die besef dat God self in die samekoms van Sy volk teenwoordig is. Die Jong Kerk „müssen erst eine anbetende Kirche werden, bevor sie die rechte Gottesdienstform finden und wissen, was Liturgie ist".(94)

(3) <u>'n Gesamentlike taak.</u> Uiteindelik is dit seuns en dogters van die Jong Kerk self, wat gestalte aan 'n eie liturgie sal moet gee. Manne en vroue, vol van die Heilige Gees, wat dig by Christus en

---

(91) Sien hieroor : B. <u>Sundkler</u> : „<u>Bantu Prophets in South Africa</u>" en <u>G. Parrinder</u> : „<u>Religion in an African City</u>".

(92) J.H. Bavinck, 1948(d), p.320. (93) Vicedom, 1951, p.130.

(94) <u>Ibid.</u>, p.132.

ook dig by hul volk lewe. So sal die vormgewing in der waarheid 'n selfstandige uiting van die Jong Kerk wees.

Netsoos by die opstel van 'n eie belydenis het die sendeling hier egter ook nog 'n taak : „Dat wij de ogen van deze kerken moeten openen voor het wezen van de eredienst, en haar daardoor moeten leren te onderscheiden tussen het toevallige, het specifiek Hollandse, en datgene wat essentieel en daarom onveranderlijk is".(95) Die sendeling sal in hierdie proses waak vir die opdring van sy eie kerk se liturgie. Hy sal volle vryheid aan die Jong Kerk laat. Alleen deur wy se raad en met behulp van die Skrif sal hy probeer om ook in hierdie opsig die Jong Kerk te help om op die regte, Skriftuurlike pad te bly wanneer hy self begin wandel.

Met betrekking tot die konkrete situasie van die Nederduitse Gereformeerde Sending in Bantoe-Afrika is daar sekere aspekte van die saak waaraan intussen, met volle medewerking van die inheemse kerkleiers, aandag aan gegee moet word :

(1) <u>'n Juiste begrip van die liturgie.</u>

Meermale is daar in 'n gemeente min reaksie van die kant van die gemeente en is die dienste dor en vir die lidmate onaantreklik, omdat die gemeente 'n swak kennis het van die betekenis van die liturgie, nie net in sy geheel nie, maar ook van elke afdeling daarvan. Daarom is dit so noodsaaklik dat die gemeente, in katkisasie en prediking, geleer sal word dat dit hier gaan om 'n ontmoeting met God, waarin daar 'n gewyde dialoog voorkom : Dis God wat spreek deur Sy Woord en die sakramente en die gemeente wat daarop antwoord deur gebed en sang. Wanneer 'n gemeente hierdie karakter van die Christelike erediens begryp het, sal haar reaksie en deelname ook soveel meer spontaan en reëel wees.

Die jong Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke het reeds 'n liturgie, wat veelal ooreenstem met dié van die Moederkerk. Voordat die Sendingkerk oorgaan tot opstelling van 'n eie liturgie, wat beter by sy volksaard aanpas, is dit nodig om eers die betekenis van elke onderafdeling van die bestaande liturgie te deurgrond en te begryp.

---

(95) <u>J.H. Bavinck</u>, 1948(d), p.318.

Daarna kan selfstandig besluit word waar verandering aangebring moet word en watter nuanses, wat vloei uit die kultuurbesit van die volk en deur die Heilige Skrif as norm toegelaat is, ingevoer sal word.

(2) 'n Makliker verstaanbare vorm :

Die Jong Kerke het gewoonlik Formuliere (vir Sakramentsbediening, huwelik, ens.) wat of 'n vertaling of 'n verwerking van dié van die Moederkerke is. In die geval van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië is dit 'n verkorte verwerking. Tog bly die Formuliere soms nog ingewikkeld en die betoogtrant meermale vir die lidmate van die Jong Kerk nie maklik volgbaar nie. Dit geld veral ook die vrae, waarop katkisante en lidmate betreklik werktuiglik antwoord. Om hierdie moeilikheid te oorkom en die gemeente meer wesenlik in die handeling te laat deelneem, stel Bavinck voor dat die Formulier in een of meer afdelings gelees word en elke afdeling i.v.m. 'n spesifieke handeling deur die liturg gebring word. 'n Deel van die Nagmaalsformulier word dan bv. voor die bediening en 'n deel daarna, of met die uitdeel van wyn en brood, gelees. So wil hy die onderdele van die Formulier „meer in verband zetten met die sacramenteele handeling. Voor de volken van deze landen, die in het algemeen slechts zeer weinig scholing gehad hebben in abstract denken, zou dat een groote zegen kunnen beteekenen". So word die liturgie „stuk voor stuk lewend".(96) Ook Schuurman beveel aan „de handeling self veel meer op den voorgrond te brengen en het z.g. formulier op te lossen in verschillende korte verklaringen, die de onderscheidene handelingen uitleggend begeleiden, waarbij de gemeente meer actief betrokken is".(97)

Ook die Nederduitse Gereformeerde Sending behoort aan hierdie voorstelle aandag te gee om sodoende die Formulier meer aanskoulik te maak en die gemeente meer aktief daarin te laat deelneem.

(3) Groter deelname van die gemeente self.

In die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië word op die volgende maniere probeer om die gemeente meer aktief aan die liturgie te laat deelneem :

---

(96) J.H. Bavinck, 1938, p.429.

(97) Schuurman, 1935, p.317.

(i) Die „Onse Vader" word hardop gebid deur die gemeente. Hier is dus reeds 'n verskil van die Moederkerk, waar dit nie gedoen word nie. Hierdie gebruik is in alle opsigte aan te beveel. Gramberg, wat oordeel dat daar in die Jong Kerk op Oos-Java al te veel 'n „passieve, luisterende gemeente" in die erediens is, vind dit jammer dat daar „het Onze Vader - - - - niet hardop door de gemeente worden gebeden".(98)

(ii) Ook die Apostolicum word in Noord-Rhodesië hardop gesê deur die gemeente. In hierdie verband meld Golterman : „Bij het belijden van het geloof (credo) is de beste expressie weer het staan. Een mooie gewoonte is ook het evangelie staande aan te horen, evenzeer votum en zegen. Andere uitingen van de gemeente zijn het gezamenlijk zeggen van het credo en het gezamenlijk bidden van het Onze Vader. Hierbij is het nodig, dat de dienaar met luide stem de toon aangeeft".(99)

(iii) As 'n verdere metode om meer aktief aan die verrigtinge deel te neem, sê die gemeente aan die einde van die gebed ook gesamentlik en hardop „Amen". Volgens Koole was dit reeds 'n gebruik in die Jodedom : „Ook het Jodendom kent formulier en formule ; de eenvoudigste is het ‚Amen', dat de gemeente uitspreekt na gebed en zegen. - - - Door dit ‚Amen' betuigt de gemeente, dat het gebed, dat zij aangehoord heeft, het gebed van allen is".(100) Brouwer bevestig dit : „In overeenstemming met het Joodsche gebruik werd in den aanvang het ‚Amen' door de gemeente uitgesproken, als vorm van instemming met het gezegde".(101) I.v.m. die voorskrifte vir die Nagmaalsviering in die boek, die Didache, meld Koole: „Het slotgebed - - - - eindigt met Hosanna, Maranatha en Amen, naar alle waarschijnlijkheid door de gemeente geantwoord".(102)

Hierdie gebruike in die Jong Kerk in Noord-Rhodesië behoort dus behou te word. Dis ook nodig dat die gemeente gereeld herinner word aan die betekenis van dit alles, sodat daar nie in werktuiglike handeling verval word nie.

Eerbetoon staan by die Bantoe baie hoog aangeskrywe. Tot vername persone, byvoorbeeld die opperhoof van die stam, moet met besondere eerbetoon genader word. Ook die houding van die liggaam en die

---

(98) 1936, p.298. (99) W.F. Golterman, 1951, p.128. (100) J.L. Koole, 1949, p.54. (101) Brouwer, s.j. p.110. (102) J.L. Koole, In Geschiedenis der Kerk", p.27 - 28.

hande kom hier in die gedrang. Wanneer ook die naturellevrou in Noord-Rhodesië tot haar man nader om hom iets te gee, kom kniel sy eers en bied die voorwerp dan met albei hande aan. Die vraag wat ten opsigte van hierdie besondere eerbetoon van die Bantoe ontstaan, is die volgende : Sal dit nie die siel van die Bantoe meer bevredig as hy in knielende posisie tot God in die erediens nader nie, in plaas van sittende, soos die gebruik tans is ?

(4) Deelname van die hele gemeente.

Meermale is die erediens, en veral die prediking, in Noord-Rhodesië ingerig met die oog op die volwasse lidmate, sonder dat veel aandag aan die jongmense en kinders gegee word. Die jongmense voel dit aan, leef nie aktief mee nie of bly weg van die Kerk. Waterink wys daarop dat „een belangrijke taak is voor het liturgiek - - - het meeleven van jonge menschen in den eeredienst ; de uiting van de vergaderde gemeente toch komt in het geding en heel de liturgische actie moet erop gericht zijn heel de gemeente te doen meeleven in hetgeen geschiedt".(103) 'n Woord spesiaal tot die jongmense of kinders gerig, kan hulle dadelik in die erediens laat tuisvoel. Ook is hier latente kragte wat die Jong Kerk moet benut : die groot talent vir sang by die Bantoe bv. moet gebruik word en die jongmense moet in gewyde koorsang tot eer van God aktief deelneem aan die verrigtinge van die erediens.

(5) Kollekte.

In die gemeentes in stedelike gebiede in Noord-Rhodesië is dit gebruiklik om met die Sondagdiens kollekte op te neem, dog in die gemeentes in die reservate nie. Alleen met Nagmaal word hier kollekte opgeneem. Dis nodig dat die gebruik orals ingevoer word, na aan die gemeente die betekenis daarvan verduidelik is : „De kerkcollecte is een daad van christelijke gezindheid. Het is Christus, de Koning der Kerk, die onze gaven, onze offers vraagt. - - - De diakenen - - - komen uit naam van Christus. Het is Jezus Christus zelf, die ons bij de collecte in staat stelt Hem concreet en praktisch onze liefde te betonen".(104) In Art.53(a) van die Kerkorde van die Kerk van Midde-Java ten Suide word bv. ook bepaal : „In elke samenkomst op den dag des Heeren zijn de

---

(103) J. Waterink, 1923, p.206. (104) J.L. Koole, 1946, p.93.

Christenen verplicht te offeren voor Kerk en armen".[105]

(6) Sang.

„De gemeentezang (koraal of cantus choralis geheten) geeft aan de gemeente gelegenheid haar reactie op de verkondiging van Gods heil tot uiting te brengen en wordt overal ingevoegd, waar de gemeente de openbaring des Heren in geloof beantwoordt".[106] In die Bantoe se groot liefde en talent vir sang skuil daar groot moontlikhede in hierdie verband.

In die begin maak die Jong Kerk natuurlik gebruik van vertaalde liedere en wysies van die Moederkerk. Spoedig duik hier egter probleme op : „Andere Völker haben andere musikalische Gesetze, und darum fällt es ihnen meist sehr schwer, unsere Melodien zu benützen".[107] „Die noot F is vir die inboorlinge 'n onbekende", word uit Njassaland berig.[108] John Carrington, wat 'n studie van die inheemse musiek gemaak het, vind dat „the difficult musical intervals and rhythms" van die Europese lied vir die Bantoe baie moeilik val.[109] Ook val die klem soms op die verkeerde lettergreep, wat 'n moontlike wysiging in die betekenis van die woord kan meebring in die geval van inheemse tale met verskillende toonhoogtes. Die resultaat van hul poging om die Europese wysie te bemeester, is dus meermale : „they shout, drag badly and have no sense of rhythm".[110] Ook Tracey, wat 'n intieme kennis van die Bantoemusiek besit, konstateer dat „the African way of singing is, as a rule, unlike other ways". As resultaat „they find great difficulty in singing the scales of the European".[111] „Elke nasie het sy eie musiek en dit ontstaan met daardie nasie", verklaar die bekende inboorlingleraar Mafle, wat reeds 'n koorboek vir die Sendingkerk in die Unie opgestel het.[112]

In Noord-Rhodesië het A.M. Jones, jarelank sendeling van die „Universities Mission to Central Africa", na 'n grondige studie van die musiek van die naturel aldaar tot die gevolgtrekking gekom dat ook daar die groot probleme dié van ritme en melodie is : „When we get the

---

(105) Vertaal in DM. 1952, p.310. (106) Golterman, 1951, p.133.
(107) Vicedom, 1951, p.137. (108) Steytler, 1951, p.6. (Des.)
(109) Carrington, 1948, p.198. (110) Ibid., p.203.
(111) Tracey, 1948, p.46 - 47. (112) Des. 1950, p.155.

number of syllables right we get the accent wrong. We are trying to do something impossible ..... Nearly all European tunes are quite unsuitable for fitting to Bantu words. We must cut them all out" (113).
Sy oplossing, soos aangegee in sy derde artikel oor „Hymns for the African", is as volg : „We cannot make the African sing tunes he cannot sing. But what we can do is this : we can start on a new road. Forget our western hymns and hymn tunes. Then produce a really indigenous African hymn-book, with all the accents right and all the tunes easily singable".(113a)

Hierdie probleme, wat verbonde aan die Europese lied en sangwysie is, bring by die Jong Kerk die verlange na selfstandige uitinge : Om in eie lied en op inheemse sangwysie te reageer op die spreek van die Here tot hom in die erediens. In Japan is 'n kommissie benoem om moontlikhede tot verbetering van die sang in die Jong Kerk aldaar te ondersoek. In die verslag daarvan word o.a. gemeld : „Er is tot nu toe altyd Westersche muziek gebruikt, maar de commissie meent, dat de eeredienst in Japan ook van Japansche melodieën gebruik kan maken. . . . De Kerk zal, naar't oordeel der commissie, op den duur behoefte hebben aan eigen muziek, en elke poging in die richting verdient steun".(113b)

Wat die Nederduitse Gereformeerde Sending in Afrika betref, oordeel prof. Gerdener : „Die liedereskat en die liturgie van die egte Bantoekerk moet van binne af vorm kry. Hoe graag sou ons sien dat die musiek 'n groter bydrae lewer in die wordende Kerke ! Waarlik die Christelike Kerk het genoeg ondervinding gehad van hoe die konnotasie van woorde en gesangwysies as buit op die wêreld verower en gekersten kon word. . . . . . Verbeel ons nie vir ons dat ons weg die beste is, ook vir die Bantoe nie ? Dan is die gevaar groot dat ons die Bantoebydrae sal verdwerg en die Bantoe-Kerk exoties sal hou".(114)

Daar moet dus tot selfstandige uitinge in hierdie opsig gekom word. Waar die Bantoelidmate ook hul eie, afsonderlike kerke besit, is daar geen praktiese probleme wat verhinder dat die erediens ook in hierdie opsig ingerig word om sover moontlik by die Bantoesiel aan te pas nie.

---

(113) Julie 1957, p.59. (113a) Ibid, Jan. 1958.
(113b) van.Andel-Rutgers, 1937, p.303.
(114) 1952, p.1086.

Daar moet egter ondersoek word hoe dit presies in die praktyk moet plaasvind. Carrington sien twee moontlikhede : (i) „Taking some tribal melody already in use and adapting Christian words to it".(115) Die nadeel hier is die heidense assosiasies en slegte woorde wat aan so 'n melodie kan kleef. In die Christelike Kerk is egter dikwels van jag- en hofliedere gebruik gemaak, wat mettertyd gekersten en van hul vorige assosiasies losgemaak is. (ii) Omdat die Bantoe so maklik 'n wysie kan komponeer, verkies Carrington egter, a.g.v. bogenoemde nadeel, nuwe inboorlingwysies. Hieraan kleef geen nadelige assosiasies nie.

Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Noord-Rhodesië gebruik die liederebundel opgestel in Nyanja deur die gefedereerde Protestantse Sendinge van Njassaland. Van die 363 liedere daarin is daar 3 vertalings van Psalms (Psalms 100, 134 en 146) en 3 van Gesange (Gesange 7, 22 en 89). Die res is meestal vertalings uit „Church Hymnary", „Songs and Solos" en die „Hallelujaboek". 'n Begin is egter gemaak met die invoeging van Bantoe-komposisies, gesing op antifoniese wyse. Byvoorbeeld liedere 97, 315 en 317. Vertaald lui die woorde van lied 315, die eerste twee verse :

| | | |
|---|---|---|
| Vers 1. | Leier : | „Laat ons God loof." |
| | Gemeente : | „Laat ons God loof,<br>Hy het na ons gekom met vrede". |
| Vers 2. | Leier : | „Hy het 'n Redder gestuur", |
| | Gemeente : | „Hy het 'n Redder gestuur,<br>Dit is Koning Jesus Christus". |

Gedurige hersiening van genoemde liederebundel met byvoeging van nuwe berymings is egter noodsaaklik. Soms word dit ook nodig om 'n lied vir 'n spesifieke geleentheid by te voeg (Vgl. Gesange 171 en 172 vir Geloftedag, 16 Des., in die Afrikaanse Gesangeboek). In die hersiening van die bundel is nodig dat die volgende in gedagte gehou word :

(1) Die bundel word meestal in die erediens gebruik. Dus moet dit hom leen tot die dialektiese karakter van die erediens. M.a.w. die mens moet deur sy lied tot God spreek en ook antwoord op wat die Here in Woord en Sakrament tot hom gesê het.

(2) 'n Aspek van die sang, waaraan spesiale aandag gegee moet word, is die Bantoe se voorliefde vir beurtsang. „In Africa much of our

---

(115) 1948, p.198.

singing is led by a leader, who sings not one sentence only. but different words while the rest sing a fixed chorus, a kind of call and answer which is called Antiphony (Replying after)"(116) Brouwer verklaar dat „het antiphonisch zingen : de voorganger wordt door de gemeente beantwoord", ook 'n kenmerk van die Vroeë Christelike Kerk was.(117) Selfs in die Ou Testament word dit aangetref : Mirjam en die vroue, byvoorbeeld, antwoord die koor van manne in beurtsang (Eks.15 : 20 - 21).

In Noord-Rhodesië het etlike Westerse wysies vir liedere reeds plekgemaak vir beurtsang. Die ondervinding het geleer dat dit tot groot verbetering van die sang lei. Meer gebruik hiervan moet in die toekoms gemaak word.

(3) By 'n hersiening van die sangbundel moet spesiale aandag gewy word aan die verwerking van Bybelse Psalms tot liedere vir die Jong Kerk. Sommige van hierdie Psalms leen hulle besonder goed tot antifoniese sang, waarvan Delitsch Ps.24 as voorbeeld gee :

„A. The Psalm sung while the procession is going up (below on the hill of Zion).

Chorus of the festive procession.

1. The earth is Jahve's and the fulness thereof,
The world and they that dwell therein.

2. For He, He hath founded it upon the seas,
And upon the floods did He establish it.

A voice :

3. Who may ascend the mountain of Jahve,
And who may stand in His holy place ?

Another voice :

4. He that is of guiltless hand and pure of heart,
That doth not lift up his soul to vanity
And doth not swear deceitfully -

Chorus :

5. He shall receive a blessing from Jahve
And righteousness from the God of His salvation.

6. This is the generation of them that enquire after Him,
That seek Thy face - Jacob (Selah).

„B. The Psalm sung while entering (above, before the citadel of Zion).

Chorus of the festive procession.

---

(116) Tracey, 1948, p.49. Vgl. ook Verslag Tambaram 1938, Vol.IV, p.15.
(117) S.j. p.131.

7. Lift up your heads, O ye gates,
Yea lift yourselves up, ye ancient doors,
That the King of glory may enter in !

A voice as it were from the gates.

8. Who then is the King of glory ?

Chorus

Jahve, a mighty one and a hero,
Jahve, a hero in battle.

9. Lift up your heads, O ye gates,
Yea lift yourselves up, ye ancient doors,
That the King of glory may enter in !

As it were from the gates.

10. Who is He, then, the King of glory ?

Chorus

Jahve of hosts,
He is the King of glory (Selah)". (118)

In die erediens kan ook meer geleentheid vir sang gegee word : in die diens self en ook voor die diens begin, terwyl die gemeente wag op die aanvang van die verrigtinge. Lied 238 : 6 is baie geskik om deur die gemeente gesing te word na opname van die liefdegawes tydens die erediens. In Noord-Rhodesië, waar 'n groot gedeelte van die gemeente die Saterdagnag na die voorbereidingsdiens vir Nagmaal op die sendingstasie slaap, is daar die mooi gebruik om die aand met gesamentlike sang deur te bring.

Behalwe as uiting van persoonlike geloof, is die Bantoe se voorliefde vir sang 'n waardevolle evangelisasiemiddel : By die stampblok, in die mielieland en op reis in die bus word die boodskap van die Christendom d.m.v. hul spontane sang in 'n heidense omgewing verkondig.

Saam met die behoefte aan gewyde inheemse kerkmusiek kom ook die vraag aangaande inheemse musiekinstrumente : Mag en kan hiervan in 'n Christelike erediens gebruikgemaak word ? As blankes is dit vir ons moeilik om enige ander musiekinstrument as 'n orrel of 'n klavier in 'n kerkdiens vir ons voor te stel. In die Vroeë Kerk was daar nog geen orrel nie en „kunnen wij wel vermoeden, dat het kerklied, indien mogelijk, begeleid werd door cithers en harpen". (119)

---

(118) Delitzsch, S.j. Vol.I, p.408 - 409.
(119) Koole, 1949, p.60.

In die moderne Sending het die Duitse sendeling, H. Zahn, met groot sukses in die erediens in Nieu-Guinea van inheemse musiekinstrumente gebruik gemaak.(120) In Nigerië maak die sektes ook daarvan gebruik; die kerke egter staan nog skepties daarteenoor.(121)

Prinsipieel is daar egter geen wettige beswaar teen die gebruik van geskikte inheemse musiekinstrumente ter begeleiding van die sang in 'n Christelike erediens nie. Netsoos die vroegste Christene vir hierdie doel die harp en siter en die Westerling die orrel gebruik, behoort aan die Bantoechristen die vryheid gelaat te word om desverkiesend sy eie musiekinstrument tot verheerliking van God in die kerk te gebruik.

Kirby vestig die aandag op die verskeidenheid van Bantoemusiekinstrumente : Sade, ens., wat om die enkels of pols gedra word as ritmiese klankbegeleiders by die dans, tamboere, „mbila" („xylophone"), „sansa" (in Noord-Rhodesië „kalimba" genoem), blaasinstrumente en agt soorte snaarinstrumente. Hy toon ook aan dat onder die Ngunigroep „some of these songs were sung by a soloist, usually, though not invariably, without instrumental accompaniment". . „Instruments, with rare exceptions, were not used in choral songs".(122)

Die westerse begrip van die funksie van musiekinstrumente in die erediens is die van harmonieuse begeleiding van die sang. By die Bantoe is dit egter nie altyd die geval nie, soos Kirby aantoon. Die musiek dien nie altyd 'n begeleidende doel nie, maar ook 'n aanvullende. Delitsch vestig die aandag daarop dat ook by Israel die instrumente soms aanvullend gebruik is : By sommige psalms „the instruments generally were to strike in, in such a way as to give intensity to that which was being sung". „At the consecration of the cleansed temple under Hezekiah, the music of the Levites and priests resounds in concert till all the burnt offerings are placed upon the altar fire, and only then - - did the singing of the Levites begin".(123)

Ook behoort in gedagte gehou te word dat daar by Israel liturgiese gebruik gemaak is van 'n ryke verskeidenheid musiekinstrumente : „Loof Hom met basuingeklank, loof Hom met harp en siter ; loof Hom met

---

(120) Sien hieroor Vicedom, 1951, p.258. (121) Sien Parrinder, 1953, p.144.
Lees agterop

(122) 1946, p.274 - 278. (125) Delitsch, s.j. Vol. 1,p.40

tamboeryn en koordans, loof Hom met snarespel en fluit ; loof Hom met helder simbale, loof Hom met klinkende simbale !" (Psalm 105 : 3 - 5).

Aan die Jong selfstandige Kerk onder die Bantoe moet die vryheid gegun word om ook van geskikte inheemse musiekinstrumente gebruik te maak ter verheerliking van God. Dan sal sy belewing van die godsdiens ook veel meer uit die siel kom as byvoorbeeld by die aanhoor van 'n westerse orrel, wat vir hom totaal vreemd klink. Waarom kan geskikte inheemse musiekinstrumente nie ook vir die diens van God in besit geneem word nie ?

Nie alle Bantoe-musiekinstrumente sal vir hierdie doel geskik wees nie. Daar sal 'n seleksie moet plaasvind. Met die oplewing van Bantoe-nasionalisme kan ook hernude belangstelling in hierdie afdeling van hul kultuurbesit verwag word. Carrington meen „how far African instruments could be used to accompany (as opposed to <u>leading</u>) hymns in African musical idiom is a matter which requires a good deal of further study."(124) Hierin is die hulp van die inheemse kerkleier ook onontbeerlik.

By die gebruikmaak van inheemse sang en musiekinstrumente moet daar egter altyd gewaak word teen die ou betekenis en rol van musiek in die „primitiewe religie". Daar is die steeds harderwordende sang, tamboerslaan en dans as nodig beskou vir die opwekking van kollektiewe energie, waardeur die deelnemers tot 'n ekstatiese, gewaande aanraking met die goddelike sou kom. In die Christelike erediens moet egter met 'n gelowige en berouvolle hart tot God genader word. Die musiek en sang dien alleen om Hom te loof en teenoor Hom aan die gewaarwordinge in die siel uiting te gee.

Tot die Jong Kerk self gestalte aan sy liturgie gee, kan die sendeling m.b.t. bogenoemde aspekte daarvan eksperimenteer en voorbereidingswerk doen. Dit geskied met volle medewerking van die inheemse kerkleiers, want uiteindelik sal dit hulle wees wat, met advies van die sendeling, tot selfstandige uitinge in die liturgie sal kom, „waarin iets van het oude culturele erfgoed bewaard gebleven is, maar waarin toch het geloof in Jezus Christus op geen enkele wijze verloochend is".(125)

---

(124) J.F. Carrington, 1948, p.203. Vgl. ook artikels van:(a) E.M. von Hornbostel oor „African Negro Music" in Africa, I, 1928,
(b) B. Söderberg en E.W. Price in Congo Mission News, Julie 1946.
(125) J.H. Bavinck, 1954, p.194.

# SLOTBESKOUING

Waar daar teenswoordig in die Nederduitse Gereformeerde Sending groot belangstelling vir die selfstandigwording van die Bantoekerk heers, moet die besinning hieroor allereers van die Skrif en die Gereformeerde Kerkreg uitgaan. Eers moet daar 'n duidelike beeld gevorm word van die wese van die Kerk soos dit daarin aangetref word. Dit vrywaar die Sending van die aanwending van ongeoorloofde norme vir 'n kerk en sy selfstandigheid. Die beginsels van die Skrif en Kerkreg, wat getrou in die Moederkerk gevolg word, moet ook in die verhouding van die Moeder- tot die Sendingkerk toegepas word. Dis ook noodsaaklik om in die besinning kennis te neem van die totstandkoming van Jong Kerke tot volwaardige, erkende Susterkerke op ander sendingterreine. Waar hierdie ontwikkeling in die Ooste en in Latyns-Amerika dié in Afrika in menige opsig ver vooruit is, lê daarin vir die Nederduitse Gereformeerde Sending wegwysers en waarskuwinge wat nie verontagsaam mag word nie.

Wanneer die Nederduitse Gereformeerde Sending hom grondig oor die vraagstuk van die selfstandigwording van die Bantoekerk besin het, moet daar onverwyld stappe geneem word om die opgestelde beleid in die praktyk toe te pas. Die Skrif en die Kerkreg eis dit ; die groeiende drang na selfbeskikking in die Jong Kerk, tesame met die opkomende Bantoenasionalisme, verhaas dit. Die verhouding tussen Ou en Jong Kerk van die toekoms word grotendeels bepaal deur die wyse van optrede van die Ou Kerk in die kritieke oorgangstadium van die Jong Kerk na selfstandigheid. In hierdie proses moet die beginsels van Skrif en Kerkreg deurslaggewend en normatief wees en nie in die eerste plek die empiriese situasie nie.

Op die skouers van die Nederduitse Gereformeerde sendeling rus daar onder huidige omstandighede 'n uiters gewigtige en moeilike taak. Hy het tot 'n baie groot mate die Jong Kerk help opbou. Die lidmate, ja, die inheemse kerkleiers self, is sy geestelike kinders. Tog kan hierdie jong Bantoekerk nie leer om selfstandig op te tree as die sendeling nie van sy patriargale, oorheersende posisie afstand doen nie. Hy moet terugstaan, sodat die Bantoekerkleier na vore kan tree om self die leiding te neem. Dit moet geskied in die nodige Christelike gesindheid, sodat die goeie verhouding tussen sendeling en inheemse kerkleier, wat

van fundamentele belang in die proses van selfstandigwording is, behoue kan bly. Van die sendeling verg dit uitermate takt, nederigheid en aanpassing. Maar sodoende behou hy die voorreg om die raadgewer van die Jong Kerk te bly. Daarby smaak hy die vreugde van die verwesenliking van die ideaal : 'n Selfstandige Bantoekerk !

Intussen moet daar in die Jong Kerk besondere aandag aan die volgende twee sake gegee word :

(1) Die vorming van inheemse kerkleiers wat toegerus vir hul taak in 'n selfstandige Kerk sal wees. Want daarsonder is die oordrag van verantwoordelikheid en selfbeskikking nie prakties uitvoerbaar nie. Hier ook, egter, sal die sendeling en die Moederkerk veel geduld moet beoefen en nie moedeloos word wanneer die inheemse kerkleier 'n fout begaan nie. In die proses van leer om te loop struikel iedereen. Die Sending moet geloof in die juistheid van sy beleid behou en bo-al geloof in God, wat self Sy Kerk instandhou.

(2) Die verdieping van die geestelike lewe en kennis van die Jong Kerk. Hulle moet die radikale verskil, die onoorbrugbare kloof, tussen Christendom en heidendom duidelik ken. Aan die ander kant moet hulle 'n intieme kennis van die wese van die Christelike Kerk besit, gepaar met 'n innige gehegtheid aan die Koning van daardie Kerk. So word en bly die Jong Kerk waarlik Kerk van Christus, ook wanneer hy selfstandig is.

"The honest endeavour to live out the teaching of Jesus leads to a deep impression of the inimitable purity of His life. With that grows a comprehension of what sin is and what the message of the Redeemer really means. Only out of such experiences, won through a people's own obedience, can spring its own peculiar witness, its own hymns and eventually its own theology".(1)

---

(1) Freytag, 1940, p.211.

# A F K O R T I N G S

Van die volgende afkortings vir tydskrifte word in die bibliografie gebruikgemaak :

| | | |
|---|---|---|
| DH. | : | De Heerbaan, Amsterdam, |
| DK. | : | Die Kerkbode, Kaapstad, |
| DM. | : | De Macedoniër, Wageningen, |
| DO. | : | De Opwekker, Bandoeng - Soerabaja, |
| EMM. | : | Evangelisches Missions Magazin, Stuttgart- Basel, |
| EMZ. | : | Evangelische Missions Zeitschrift, Stuttgart, |
| IRM. | : | International Review of Missions, Londen, |
| NAMZ. | : | Neue Allgemeine Missions Zeitschrift, Gütersloh, |
| NTT. | : | Nederlandsche Theologische Tijdschrift, Leiden, |
| OdH. | : | Op die Horison, Kaapstad, |
| WD. | : | World Dominion, London. |

# B I B L I O G R A F I E (1)

„Acta Synodi" : Nederduitse Gereformeerde Kerk in die O.V.S.

Alers, G.A., s.j. : „Nieuwe Banen in de Zendings-Praktijk", Ermelo.

Allen, R., 1912 : „Missionary Methods : St. Paul's or Ours ?", Londen.

" 1927 : „Devolution", in WD., p.283.

" 1949 : „The Spontaneous Expansion of the Church",[2] Londen.

Andel, H.A. van, 1912 : „De Zendingsleer van Gisbertus Voetius", Kampen.

" 1934 : „Het Overgaan van het Werk, dat de Zending verricht, naar de Inheemsche Christenen", in DO., p.573.

" 1935 : „Wezen en Vorm van de Kerken op het Zendingsveld", in DM., Jaargang 35, p.293.

Andel-Rutgers, J.C. van, 1937 : „Het Inheemsche Kerklied", in DO., p.303.

Anderson, R., 1874 : „Foreign Missions : Their Relations and Claims"[3], Boston.

Attwater, D., s.j. : „The White Fathers in Africa", Londen.

Azariah, V.S., 1938 : „Self-Support", in IRM., p.363.

" 1941 : „Christian Giving", Madras.

✩ ✩ ✩ ✩ ✩ ✩ ✩ ✩ ✩ ✩ ✩ ✩

Bakker, D., 1923 : „Zelfstandigheid van de Javaansche Gemeente", in DM., p.353.

" 1924 : „Zelfstandigheid van de Javaansche Kerk by het Licht van ons Gereformeerde Kerkrecht", in DM., p.98.

Bakker, F.L., 1936 : „De Verhouding tusschen de Zending en de Inheemsche Kerken", in DM., p.225.

" 1939 : „De Stichting van de Kerk op het Zendingsveld", in DM., p.152.

Baron van Boetzelaer van Asperen en Dubbeldam, C.W. Th., 1948 : „De Internationale Zendingsraad", in DH., p.338.

---

(1) Alleen gesiteerde werke is in die literatuurlys opgeneem.

Bates, M.S. e.a., 1954 : „Survey of the Training of the Ministry in Africa", Deel II, Londen.

Bavinck, C.B., 1925 : Oor „Apostel" in „Christelijke Encyclopaedie", Deel I, Kampen.

Bavinck, H., 1918 : „Gereformeerde Dogmatiek"[3], Kampen.

Bavinck, J.H., s.j.(a) : „Alzoo Wies het Woord", Baarn.

" s.j.(b) : „Christusprediking in het Volkerenwereld", Kampen.

" 1938 : „Enkele Liturgische Opmerkingen en Voorstellen", in DO., p.422.

" 1940 : „De Boodschap van Christus en de Niet-Christelijke Religies", Kampen.

" 1948(a) : „Onze Kerk Zendingskerk", Kampen.

" 1948(b) : „The Impact of Christianity on the Non-Christian World", Grand Rapids.

" 1948(c) : „Zending in een Wereld in Nood", Wageningen.

" 1948(d) : „Liturgische Vormgeving op het Zendingsveld", in DH., p.315.

" 1954 : „Inleiding in de Zendingswetenschap", Kampen.

Berkhof, H., 1950 : „Geschiedenis der Kerk", Nijkerk.

Berthoud, A., 1949 : „The Birth of a Church. The Church in Basutoland", in IRM., p.159.

Blauw, J., 1949 : „Het Komende Rijk", Amsterdam.

" 1952(a) : „Willingen 1952", in DH., p.297.

" 1952(b) : „De Voornaamste trekken in het Missionaire Denken in Nederland sinds 1945", in DH., p.63.

Boer, H.R., 1952 : „Founding the Indigenous Church", in „The Reformed Journal", p.14 (April).

Bosch, J., 1954 : „Zendingsvademecum", Enschede.

Bouwman, H., 1928 : „Gereformeerd Kerkrecht", Kampen.

Brouwer, A.M., s.j. : „De Kerkorganisatie der Eerste Eeuw en Wij", Baarn.

Brouwer, K.J. en Bavinck, J.H., 1951 : „Zending in een Gistende Wereld", Amsterdam.

Bruwer, J.P., 1955 : „Unkhoswe : The System of Guardianship in Cewa Matrilineal Society", in „African Studies", p.113 (Sept.).

" 1957(?) : „Die Bantoe van Suid-Afrika", Pretoria.


✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡

Calderwood, R.G.M., 1947 : „Kenya Colony", Edinburgh.

Calvyn, J. : „Institusie" (Vert. A. Sizoo).

Carrington, J.F., 1948 : „African Music in Christian Worship", in IRM., p.198.

Cash, W.M., 1939 : „The Missionary Church", London.

Chirgwin, A.M., 1949 : „The Decisive Decade", London.

Crommelin, D., 1934 : „The Growth of the Native Church", in IRM., p.369.

○○○○○○○○○○

Dankbaar, W.F., 1947-'48 : „De Ontwikkeling van de Belijdenis in de Jonge Kerken", in NTT., p.341.

Daubanton, F.E., 1911 : „Prolegomena van Protestantsche Zendingswetenschap", Utrecht.

Davis, J. Merle, 1945 : „New Buildings on Old Foundations", New York - London.

Delitsch, F., O.J. : „A Commentary on the Book of Psalms", New York, Vol.I.

Dijk, K., 1952 : „De Dienst der Kerk", Kampen.

Dijk, K. van, 1932 : „De Zelfstandigheidsverklaring der Oost-Javaansche Kerk", in DM., p.112.

" 1934 : „Gereformeerde Zending", in DO., p.634.

Dijk, W. van, 1935 : „De Organisatie van de Kerk op het Zendingsterrein", in DM., p.353.

Dürr, J., 1947 : „Sendende und Werdende Kirche in der Missionstheologie Gustav Warneck's", Basel.

○○○○○○○○○○

Enklaar, I.H., 1952 : „Theologische docenten confereren te Bandoeng", in DH., p.9.

Eybers, J.H., 1934 : „Die Kerkinrigting van die Nederduits Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika", Pretoria.

○○○○○○○○○○

Foster, J., 1944 : „Then and Now. The Historic Church and the Younger Churches", Londen.

Freytag, W., 1938 : „Die Junge Christenheit im Umbruch des Ostens", Berlyn.

" 1940(a): „Das Problem der Zweiten Generation in der Jungen Kirche", in EMZ., p.200.

" 1940(b): „The Critical Period in the Development of an Indigenous Church", in IRM., p.211.

☆ ☆ ☆ ☆ ☆ ☆ ☆ ☆ ☆

Garrett, T.S., 1954 : „The Liturgy of the Church of South India"[2], Madras.

Geldenhuys, F.E. o'B., 1951: „Die Regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode", Pretoria.

Gerdener, G.B.A., 1951 : „Reguit Koers Gehou", Kaapstad.

" 1952 : „Wegwysers op Pad na Selfstandige Kerke in Bantoe-Afrika", in DK., p.1130.

" 1953 : „Die Pad waarlangs die Nie-Blanke Lidmate van die N.G. Kerk tot 'n eie Kerkverband gekom het", in CdH., p.61 (Junie).

" 1958 : „Recent Developments in the South African Mission Field", Kaapstad - Pretoria.

Gilhuis, J.C., 1955 : „Ecclesiocentrische Aspecten van het Zendingswerk", Kampen.

Glover, R.H., 1939 : „The Progress of World-Wide Missions", New York.

Golterman, W.F., 1951 : „Liturgiek", Haarlem.

Goodall, N., 1954 : „A History of the L.M.S. 1895 - 1945", London.

Goodall, N. en Nielsen, E.W., 1954 : „Survey of the Training of the Ministry in Africa", Deel III, London - New York.

Gramberg, B.W.G., 1936 : „De Liturgie van de Zondagmorgengodsdienstoefening in de Oost-Javaanse Kerk", in DO., p.298.

Greyling, J.A., 1951 : „Die Ned. Geref. Bantoe-Kerk", in DK., p.821.

Greyvenstein, J.H., 1954 : „Ons Sendingkerke word Selfstandig", in DK., p.899.

Grosheide, F.W., 1948 : „De Handelingen der Apostelen", Amsterdam.

Groves, C.P., 1951 - '58 : „The Planting of Christianity in Africa", 4 Bande, London.

☆ ☆ ☆ ☆ ☆ ☆ ☆ ☆ ☆

Hailey, Lord, 1938 : „An African Survey", London - New York - Toronto.

„Handbook of the Foreign Fields of the Church of Scotland", 1936, Edinburgh.

Hanekom, T.N., 1950 : „Die Wortels van ons Binnelandse Sending", in OdH., p.143.

" 1951 : „Die Liberale Rigting in Suid-Afrika", Deel I, Stellenbosch.

Hartenstein, K., 1929 : „Das Werden Selbständiger Kirchen in Indien", in EMM., p.235.

Hatch, E., 1909 : „The Organization of the Early Christian Churches", London.

Heerden, C.I. van, 1957 : „Die Spontane Uitbreiding van die Kerk by Roland Allen", Kampen.

Hildering, H.A.C., s.j. en p. : „De Zending".

" 1935 : „De Christen-Chinees en zijn Kerk", in DO., p.319.

„Historisch Document", 1940, Utrecht.

Hodge, C., 1878 : „Systematic Theology", London.

Hoekendijk, J.C., 1948 : „Kerk en Volk in de Duitse Zendingswetenschap", Amsterdam.

Holleman, F.D., 1936 : „Daar en hier : net zoo, alleen maar heel anders", in „Tijdschrift voor Zendingswetenschap", 80e deel, p.337.

Holsten, W., 1953 : „Das Kerygma und der Mensch", München.

Honig, A.G., 1938 : „Handboek van de Gereformeerde Dogmatiek", Kampen.

Honig, A.G. Jnr., 1951 : „Bijdrage tot het onderzoek naar de Fundering van de Zendingsmethode der Comprehensive Approach in het Nuwe Testament", Kampen.

○○○○○○○○○○

„Jaarboek van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke", 1956, Kaapstad.

Jacobs, D., 1927 : De Verhouding tusschen de Plaatselijke en de „Algemeene Kerk in de Eerste Drie Eeuwen", Leiden.

Jansen, J., 1947 : „Handleiding Gereformeerd Kerkrecht", Kampen.

" 1952 : „Korte Verklaring van de Kerkorde der Gereformeerde Kerken",[3] Kampen.

Jansen, J. en Pol, D., 1934 : „Kerkenordening van de Gereformeerde Kerken in Nederland"[5], Wageningen.

Johnson, T.S., 1953 : „The Story of a Mission", Londen.

Jones, A.M., 1957 : „Hymns for the African", in „Books for Africa", Londen.

Jonker, W.D., 1955 : „Mistieke Liggaam en Kerk in die nuwe Rooms-Katolieke Teologie", Kampen.

✩ ✩ ✩ ✩ ✩ ✩ ✩ ✩ ✩

„Katholieke Missiën, De", 1955, Jrg.75.

Keller, W., 1938 : „Die junge Kirchen im Ringen um ihre Eigenständigkeit", in EMM., p.216.

Kellerhals, E., 1940 : „Die Bekenntnisfrage auf dem Missionsfeld", Basel.

„Kerkordening van de Kerk op Midden-Java ten Zuiden".

Kirby, P.R., 1946 : „The Musical Practices of the Native Races of South Africa", in „The Bantu-speaking Tribes of South Africa", I. Schapera e.a., Kaapstad.

Kittel, G., 1930 : „Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament", Stuttgart.

Knap, J.J. Czn., 1914 : „De Kerk", Kampen.

Knight, W., 1882 : „Memoir of Henry Venn, B.D.", Londen.

„Konferensie van Kerkleiers", 17 - 19 Nov. 1953, belê deur Federale Sendingraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te Pretoria.

Koole, J.L., 1946 : „De Zin der Liturgie", Amsterdam.

" 1949 : „Liturgie en Ambt in de Apostolische Kerk", Kampen.

Kooyman, F.M., 1939 : „De Kerk in een Wereld zonder Troost", Hoenderloo.

Kraemer, H., 1934 : „De Verhouding van de Zelfstandige Inheemsche Kerken en de Zending", in DO., p.554.

" 1936 : „Kerk en Zending", 's-Gravenhage.

" 1937 : „De Huidige Stand van het Christendom in Nederlandsch-Indië", 's-Gravenhage.

" 1947 : „The Christian Message in a Non-Christian World"[2], Londen.

Krige, W.A., 1954 : „Die Probleem van Eiesoortige Kerkvorming by Christian Keysser", Franeker.

Kuyper, A., 1909 : „Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid"[2], Kampen, 3 Bande.

" 1911 : „Onze Eerodienst", Kampen.

„Kweking van Selfstandige Inheemse Kerke, Die", 1951, Bloemfontein.

✩ ✩ ✩ ✩ ✩ ✩ ✩ ✩ ✩

Labuscagne, A.S., Maart 1954 : "Selfstandigwording en Superintendensie", in OdH., p.28.

Lambooy, P.J., 1932 : "Is de Kerkordening der Gereformeerde Kerken geschikt voor de gemeenten uit de heidenen in Ned.-Indië ?", in DM., p.19.

Latourette, K.S., 1939 : "The Vitality of the Younger Churches", in IRM., p.489.

" 1940 : "Indigenous Christianity in the Light of History", in IRM., p.440.

" 1945 : "A History of the Expansion of Christianity", 7 Bande, London.

Latourette, K.S. & Hogg, W.R., s.j. : "Tomorrow is Here", New York.

Leeuw, G. van der, 1952 : "De Primitieve Mensch en de Religie", Groningen.

" 1955 : "De Religie der Primitieve Volken", in "De Godsdiensten der Wereld"[3], Amsterdam.

Lenwood, F., 1923 : "The Effect of Modern Developments on Missionary Policy", in IRM., p.518.

Liechtenhan, R., 1946 : "Die Urchristliche Mission", Zurich.

Locher, G.P.H., 1948 : "De Kerkorde der Protestantse Kerk in Indonesië", Amsterdam.

Lohman, A.F. de S. en Rutgers, F.L., 1887 : "De Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken"[2], Amsterdam.

o o o o o o o o o o

Macdonald, A.B., 1934 : "Christian Worship in the Primitive Church", Edinburgh.

Malle, M.L., 1950 : "Musiek", in OdH., p.155 (Des.).

Malherbe, W.A., 1954 : "Die Groei van die N.G. Sendingkerk tot Selfstandigheid", in OdH., p.32 (Junie).

Mc Leish, A., 1927 : "The Real Significance of 'Devolution'", in WD., p.364.

Meyer, H., 1953 : "Bekenntnisbindung und Bekenntnisbildung in Jungen Kirchen", Gutersloh.

"Missionary Church in a Changing World, The", 1941, Edinburgh.

"Missionary Obligation of the Church, The", 1952, London.

Mott, J.R., 1938 : "At Edinburgh, Jeruzalem and Madras", in IRM., p.298.

Mulders, A., 1950 : "Inleiding tot de Missiewetenschap"[2], Bussum.

" 1957 : "Missiegeschiedenis", Bussum.

Müller-Krüger, T., 1940 : "Um die Selbständigkeit der Eingeborenenkirche", in EMZ., p.131.

Nightingale, E.G., 1952 : „The Church in a Multi-Racial Society", in WD., p.331.

„Northern Rhodesia Handbook, The", 1953, Lusaka.

Nortier, C.W., 1939 : „Van Zendingsarbeid tot Zelfstandige Kerk in Oost-Java", Hoenderloo.

" 1941 : „De Belijdenis der Jonge Kerken", 's-Gravanhage.

" 1942 : „Een Indonesische Kerk in Opbouw", Hoenderloo.

Notule : „Foreign Missions Committee of the Church of Scotland",

" : Gemeenteraad van die Nederduitse Gereformeerde Sending in Njassaland,

" : Uitvoerende Raad van die Nederduitse Gereformeerde Sending in Noord-Rhodesië.

" : Federale Sendingraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerke.

✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡

Oosthuizen, G.C., 1954 : „Die Belydenisvraagstuk in die Jonger Kerke met spesiale verwysing na Bantoe-Afrika", in OdH., p.39.(Des.).

✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡

Parrinder, G., 1953 : „Religion in an African City", Londen.

Paton, D.M., 1953 : „Christian Missions and the Judgment of God", Londen.

Phillips, G.E., 1939 : „The Gospel in the World", Londen.

Plessis, J. du, s.j. : „The Evangelisation of Pagan Africa", Kaapstad.

" 1932 : „Wie Sal Gaan ?", Kaapstad.

Pol, D, 1910 : „Gijsbertus Voetius' Tractaat over de Planting en de Planters van Kerken", Groningen.

" 1939 : „Midden-Java ten Zuiden", Hoenderloo.

Polman, A.D.R., : „Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis", Franeker.

✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡ ✡

Rampley, W.J., 1930 : „Self-Governed Churches in Kenya", in WD., p.377.

Randwijck, S.C. van, 1932 : Eenheid en Zelfstandigheid der inheemsche Kerken", in DO., p.580.

Randwijck, S.C. Graaf van en Blauw J., 1958 : „Naar Nieuwe Wegen van Gehoorzaamheid", 's-Gravenhage.

Ranson, C.W., 1948 : „Renewal and Advance", Londen.

„Relation of the Older and Younger Churches in India", 1947, Nagpur.

Retief, J.A., : „Ontdekkings in Midde-Afrika".

Retief, M.W., 1948 : „Verowerings vir Christus", Stellenbosch.

" 1955 : „Kan ons Binnelandse Sendingwerk Verdubbel Word ?", in OdH., p.16 (Junie).

Richards, E.H. : In „Religions of Mission Fields".

Richter, J., 1908 : „A History of Missions in India", Edinburgh.

" 1927 : „Evangelische Missionskunde"2, 2 Bande, Leipzig.

" 1936 : „Kirchewerden in Afrika", in NAMZ, p.296.

* * * * * * * * * * *

„Samevatting van die Verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika", 1955, Pretoria.

Schärer, H., 1946 : „Die Gottesidee der Ngadju-Dajak in Süd-Borneo", Leiden.

Schlunk, M., 1934 : „Gustav Warneck", in IRM., p.396.

Schomerus, H.W., 1935 : „Missionswissenschaft", Leipzig.

Schuurman, B.M., 1935 : „Liturgie onder Javanen", in DO., p.317.

" 1938 : „Liturgie en Geestelijk Leven", in DO., p.407.

„Sendingbeleid van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika".

Shaw, J.R., 1953 : „Emphasis in Changing Africa", in WD., p.214.

Shepherd, R.H.W., s.j. : „South Africa", Edinburgh.

" 1951 : „Indigenous Evangelism in Africa", in WD., p.355.

Shillito, E., 1932 : „Craftsmen All", Londen.

Sicard, H. von, 1935 : „Language and Theological Training in Africa", in IRM., p.148.

Smitt, P.A.E. Sillevis, 1910 : „De Organisatie van de Christelijke Kerk in de Apostolischen Tijd", Rotterdam.

Soltau, T.S., 1954 : „Missions at the Crossroads", Illinois.

Soper, E.D., 1943 : „The Philosophy of the Christian World Mission", New York.

Spanton, E.F., 1926 : „Building the African Church", in IRM., p.469.

Speer, E.E., 1902 : „Missionary Principles and Practice", New-York - Londen.

Steytler, M., 1951 : „Die Musiek van Nyasaland", in OdH., p.6 (Des.)

Stock, E., 1899 : „The History of the Church Missionary Society", 4 Bande, Londen.

„Studies in the Life and Growth of the Younger Churches", 1954, Londen.

Sundkler, B.G.M., 1948 : „Bantu Prophets in South Africa", Londen.

Swigchem, D. van, 1955 : „Het Missionair Karakter van de Christelijke Gemeente", Kampen.

* * * * * * * * *

Taylor, J.V., 1954 : „The Younger Church Study", Londen.

Tema, S., 1950 : In OdH., p.31 (Maart).

Toit, H.D.A. du, 1954 : „Vir die Boekrak", in OdH., p.38 (Junie).

Tracey, H., 1948 : „Ngoma", Londen.

* * * * * * * * *

Venter, E.A., 1952 : In „Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk. Gedenkboek by ons Derde Eeufees", Kaapstad, p.167.

Verslag, 1910 : Internasionale Sendingkonferensie te Edinburgh.

" 1928 : " " " Jerusalem.

" 1938 : " " " Tambaram.

Verwiebe, E., 1934 : „Rijnsche Zending", in DO., p.589.

Vicedom, G.F., 1951 : „Die Liturgie der Jungen Kirchen", in EMZ., p.130.

* * * * * * * * *

Warneck, G., 1892 - 1903 : „Evangelische Missionslehre", 3 Bande, Gotha.

Warren, M., 1951 : „The Christian Mission", Londen.

Waterink, J., 1923 : „Plaats en Methode van de Ambtelijke Vakken", Kampen.

Wetboek : Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat.

" : Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.

" : Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van die O.V.S. in Rhodesië.

Wielenga, D.K., 1949 : „De Zending op Soemba", Hoenderloo.

Winsen, G.A.C. van, 1954 : „Meelevend Begrijpen", Nijmegen.

„World Mission of the Church, The", 1939, Londen.

* * * * * * * * *

Young, W.P., 1947 : „Livingstonia", Edinburgh.

* * * * * * * * *

„Zending in Indonesië", 1946, Den Haag.